# `N PSIGOLOGIES-OPVOEDKUNDIGE ONDERSOEK NA KINDERHELDEVERERING VIR ONTOEREIKENDE OUERS

deur

**LINDIE MOOLMAN**

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir
die graad

MAGISTER EDUCATIONIS - MET SPESIALISERING IN VOORLIGTING

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

**STUDIELEIER: DR MA VENTER**

Februarie 2011

# DANKBETUIGINGS

Dankbaarheid is `n begrip wat moeilik is om te verwoord.  Hoe kan ek ooit genoeg dankie sê vir die ongelooflike ondersteuning, leiding en opoffering van so baie geliefdes, vriende en kennisse wat my bygestaan het om my volle potensiaal as meestersstudent en ook as mens te verwesenlik?

- Frik Moolman, my liewe man.  Dankie vir al die laat nagte se saam wakkerbly net vir ekstra ondersteuning en al die bemoediging as ek gedink het ek kan dit nie doen nie.  Dankie dat jy so mooi na ons seuntjie gekyk het toe sy mamma moes werk.  Ek is baie lief vir jou!
- Dr. Venter, my studieleier.  Baie dankie vir u insette wat van onskatbare waarde in hierdie studie is.  U kennis en leiding het nie net my studie verryk en moontlik gemaak nie maar my ook gehelp om op persoonlike vlak te groei en dinge met meer insig en wysheid te benader.  Daarvoor sal ek u ewig dankbaar wees.
- My pragtige seun, Adriaan.  Jy het jou opwagting so in die middel van mamma se verhandeling gemaak.  Jy is die grootste geskenk ooit!  Ek is baie lief vir jou!
- Aan my ouers, pa Phillip, ma Anne-marie, oom Herman en tannie Susan.  My skoonouers, pa At en ma Emelié.  Baie dankie vir julle insette in my lewe.  Sonder julle was hierdie verhandeling nie moontlik nie.  Dankie vir julle vertroue in my en die omgee.  Ek is baie lief vir julle!
- Japie en Nadene.  Wat sou ek ooit sonder julle gedoen het?  Julle verryk my lewe op so baie maniere.  Ek is julle ewig dankbaar.
- Marichelle van Deventer vir jou noukeurige hulp met die versorging van die bibliografie.

Aan God al die eer.  Dankie vir die droom in my hart en die genade om hierdie droom `n werklikheid te maak!

# OPSOMMING

**`n Psigologies-opvoedkundige ondersoek na kinderheldeverering vir ontoereikende ouers**

*Sleutelwoorde*: kinderheldeverering, ontoereikende ouers, mishandeling, verwaarlosing, ouerskapstyle, gehegtheid, adolessent, irrasionele lojaliteit, psigososiale ontwikkeling, ekosistemiese teorie, Relasieteorie.

In hierdie studie is die redes vir die verskynsel van lojaliteit teenoor, en heldeverering vir ontoereikende ouers ondersoek. `n Gevallestudie, met `n kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenadering is op twee adolessente gedoen. Die media waarmee die data ingesamel is sluit in: onderhoudvoering, Kinetiese Gesinstekening, Sacks Onvoltooide Sinnetoets en die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys.

Die bevindings van hierdie studie toon aan dat daar sekere faktore is wat kenmerkend van ontoereikende ouerskap is. Adolessente spreek hierdie ouer-kind-verhouding aan deur rasionalisasie en verdediging. Die gevolg is `n gevoel van minderwaardigheid en `n swak selfbeeld, asook gedrag wat daarop gerig word om die ouers tevrede te stel en positiewe terugvoer van hulle af te kry.

Hierdie studie bied antwoorde aan ouers en persone in die opvoedkundige-sielkunde praktyk oor hoe om adolessente in sulke situasies te verstaan. Verdere navorsing is egter nodig om inligting oor dié verskynsel te bekom en sodoende bevindings te kan veralgemeen.

# SUMMARY


**A psychological-educational investigation into child hero worship of incapable parents**

*Key words: child hero worship/veneration, incapable parents, abuse, neglect, parenting styles, attachment, adolescent, irrational loyalty, psycho-social development, eco systemic theory, Relation theory.*

In this study, the reasons for the phenomenon of continuous loyalty towards and hero worship of incapable parents are investigated. Case studies with a qualitative and quantitative research paradigm were completed on two adolescents. Media that was used to collect data include: interviews, Kinetic Family Drawing, Sacks Incomplete Sentence Test and the High School Personality Questionnaire.

The findings of this study indicate that there are certain factors that are typical traits of incapable parenthood. Adolescents deal with this child-parent relationship through rationalisation and defence. The result is a feeling of inferiority, poor self-image and behavioural patterns that are aimed at satisfying the parents and receiving in turn, positive feedback.

This study supplies answers to parents and individuals in the educational-psychological field in understanding the adolescent in such situations. Further research is however necessary to gain information about this phenomenon in order to be able to substantiate the findings.

# VERKLARING

Studentenommer: 3627-994-3

Ek verklaar hiermee dat:

**`N PSIGOLOGIES-OPVOEDKUNDIGE ONDERSOEK NA KINDERHELDEVERERING VIR ONTOEREIKENDE OUERS**

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het, deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

____________________ ____________________

L MOOLMAN Datum

# INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1**

**Inleidende oriëntering**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | INLEIDING | 2 |
| 1.2 | BEWUSWORDING VAN DIE PROBLEEM | 3 |
| 1.3 | AKTUALITEIT VAN DIE PROBLEEM | 3 |
| 1.4 | VOORLOPIGE LITERATUURSTUDIE | 4 |
| 1.5 | PROBLEEMSTELLING | 7 |
| 1.5.1 | Sub-probleme | 7 |
| 1.6 | NAVORSINGSDOELWITTE | 8 |
| 1.7 | LITERATUUROORSIG | 8 |
| 1.8 | NAVORSINGSONTWERP | 9 |
| 1.8.1 | Afbakening | 9 |
| 1.8.2 | Seleksie van deelnemers | 10 |
| 1.8.3 | Media gebruik in die gevallestudies | 10 |
| 1.8.3.1 | Onderhoud | 10 |
| 1.8.3.2 | Kinetiese Gesinstekening | 11 |
| 1.8.3.3 | Sacks Onvoltooide Sinnetoets | 12 |
| 1.8.3.4 | Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys | 13 |
| 1.9 | BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID | 14 |
| 1.10 | ETIESE OORWEGINGS | 15 |
| 1.11 | BEGRIPSOMSKRYWING | 16 |
| 1.12 | NAVORSINGSPROGRAM | 16 |
| 1.13 | SAMEVATTING | 17 |

**HOOFSTUK 2**

**Sosiale en omgewingsinvloede op die ontwikkeling van die adolessent**


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDING | 19 |
| 2.2 | INVLOED VAN DIE SISTEEM OP DIE KIND NA AANLEIDING VAN BRONFENBRENNER | 19 |
| 2.2.1 | Die mikrosisteem | 21 |
| 2.2.2 | Die mesosisteem | 24 |
| 2.2.3 | Die eksosisteem | 25 |
| 2.2.4 | Die makrosisteem | 26 |
| 2.2.5 | Die chronosisteem | 27 |
| 2.3 | GEHEGTHEID | 27 |
| 2.4 | OUERSKAPSTYLE | 30 |
| 2.4.1 | Inleiding | 30 |
| 2.4.2 | Verskillende ouerskapstyle en die invloed op die kind | 31 |
| 2.4.2.1 | Gesaghebbende ouers | 31 |
| 2.4.2.2 | Outoritêre ouers | 32 |
| 2.4.2.3 | Permissiewe ouers | 32 |
| 2.5 | FASES IN DIE PSIGOSOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE KIND | 33 |
| 2.6 | ONTWIKKELING TYDENS ADOLESSENSIE | 39 |
| 2.6.1 | Faktore wat ontwikkeling beïnvloed | 39 |
| 2.6.2 | Kategorieë van ontwikkeling | 40 |
| 2.6.2.1 | Ontwikkelingsmylpale van die adolessent (12 tot 18 jaar) | 41 |
| 2.6.2.2 | Kognitiewe ontwikkeling | 41 |
| 2.6.2.3 | Sosiale ontwikkeling | 47 |
| 2.6.2.4 | Persoonlikheidsontwikkeling | 49 |
| 2.6.2.5 | Emosionele ontwikkeling | 51 |
| 2.7 | SAMEVATTING | 51 |

**HOOFSTUK 3**

**Navorsingsontwerp en metodologie**


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | INLEIDING | 54 |
| 3.2 | AFBAKENING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING | 55 |
| 3.2.1 | Seleksie van deelnemers vir die gevallestudies | 56 |
| 3.2.2 | Seleksie van verkenningsmedia vir die gevallestudies | 57 |
| 3.2.3 | Onderhoud | 57 |
| 3.2.4 | Kinetiese Gesinstekening | 61 |
| 3.2.5 | Sacks Onvoltooide Sinnetoets | 62 |
| 3.2.6 | Kwantitatiewe navorsing: Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys | 66 |
| 3.3 | ETIESE OORWEGINGS | 70 |
| 3.3.1 | Beskerming van deelnemers | 70 |
| 3.3.2 | Ingeligte toestemmingsbrief | 71 |
| 3.4 | SAMEVATTING | 72 |


**HOOFSTUK 4**

**Bespreking van resultate**


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | INLEIDING | 74 |
| 4.2 | GEVALLESTUDIES | 74 |
| 4.2.1 | Gevallestudie een: Suné | 74 |
| 4.2.1.1 | Identifiserende besonderhede | 74 |
| 4.2.1.2 | Relevante agtergrondgegewens | 75 |
| 4.2.1.3 | Interpretasie van verkenningsmedia | 75 |
| 4.2.1.4 | Sintese en gevolgtrekking van die gevallestudie: Suné | 92 |
| 4.2.2 | Gevallestudie twee: Anel | 93 |
| 4.2.2.1 | Identifiserende besonderhede | 93 |
| 4.2.2.2 | Relevante agtergrondgegewens | 93 |
| 4.2.2.3 | Interpretasie van verkenningsmedia | 94 |
| 4.2.2.4 | Sintese en gevolgtrekking van die gevallestudie: Anel | 109 |
| 4.2.3 | Opsomming van albei deelnemers | 110 |
| 4.2.4 | Redes geïdentifiseer vir kinderheldeverering vir ontoereikende ouers | 112 |

4.3 SAMEVATTING 113

**HOOFSTUK 5**

**Bevindings en gevolgtrekkings**

5.1 INLEIDING 115
5.2 OORSIG VAN DIE ONDERSOEK 115
5.3 SINTESE VAN BETEKENISVOLLE BEVINDINGS EN GEVOLGTREKKINGS 116
5.3.1 Samevatting van die literatuurstudie 116
5.3.1.1 Die invloed van die sisteem op die ontwikkeling van die kind 116
5.3.1.2 Gehegtheidsbindinge wat kinders met ouers vorm wat hulle swak behandel 117
5.3.1.3 Die invloed van gesaghebbende, outoritêre en permissiewe ouers op die kind 117
5.3.1.4 Fases in die psigososiale ontwikkeling van die kind 118
5.3.1.5 Ontwikkeling tydens adolessensie 119
5.3.2 Bevindings en samevatting van die empiriese ondersoek 120
5.3.2.1 Bevindings en samevatting van die eerste gevallestudie: Suné 120
5.3.2.2 Bevindings en samevatting van die tweede gevallestudie: Anel 121
5.3.2.3 Bevindings en oorsigtelike beeld van beide deelnemers 122
5.4 AANBEVELINGS 124
5.5 VERDERE NAVORSING BENODIG 125
5.6 LEEMTES EN BEPERKINGS VAN DIE STUDIE 125
5.7 SLOTWOORD 126

**BIBLIOGRAFIE** 127

# LYS VAN FIGURE


| | | |
|---|---|---|
| Figuur 2.1 | `n Ekologiese model van omgewingsinvloede | 21 |
| Figuur 2.2 | Verskillende dimensies van ouerskapstyle | 31 |
| Figuur 2.3 | Faktore wat menslike ontwikkeling beïnvloed | 40 |
| Figuur 2.4 | Die verhoudingsdinamiek van vroeë kinderjare tot adolessensie | 47 |
| Figuur 4.1 | Kenmerke van die mikrosisteem waarin Suné opgegroei het | 81 |
| Figuur 4.2 | Suné se Kinetiese Gesinstekening | 82 |
| Figuur 4.3 | Kenmerke van die mikrosisteem waarin Anel opgegroei het | 99 |
| Figuur 4.4 | Anel se Kinetiese Gesinstekening | 100 |

# LYS VAN TABELLE


| | | |
|---|---|---|
| Tabel 2.1 | Verskillende tipes gehegtheidsbindinge | 29 |
| Tabel 2.2 | Die agt fases in die psigososiale ontwikkeling van die individu volgens Erikson | 35 |
| Tabel 2.3 | Ontwikkelingsmylpale van die adolessent | 41 |
| Tabel 2.4 | Die vier patrone van identiteitsontwikkeling | 50 |
| Tabel 3.1 | Verskillende kategorieë en items van die Sacks Onvoltooide Sinnetoets | 65 |
| Tabel 3.2 | Die veertien primêre faktore van die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys | 68 |
| Tabel 4.1 | Suné se response op die Sacks Onvoltooide Sinnetoets | 84 |
| Tabel 4.2 | Suné se profiel vir die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys | 88 |
| Tabel 4.3 | Betekenisvolle hoë tellings van Suné | 89 |
| Tabel 4.4 | Betekenisvolle lae tellings van Suné | 89 |
| Tabel 4.5 | Anel se response op die Sacks Onvoltooide Sinnetoets | 102 |
| Tabel 4.6 | Anel se profiel vir die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys | 106 |
| Tabel 4.7 | Betekenisvolle hoë tellings van Anel | 107 |

# LYS VAN AFKORTINGS

| | | |
|---|---|---|
| **APA** | = | American Psychological Association |
| **et al.** | = | Latynse frase vir et ales, wat “en andere” beteken |
| **HSPV** | = | Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys |
| **HSRC** | = | Health Sciences Research Council |
| **KFD** | = | Kinetic Family Drawing / Kinetiese Gesinstekening |

# 1 Inleidende oriëntering

*I want to be beautiful, and make you stand in awe. Look inside my heart and be amazed. I want to hear you say Who I am is quite enough. I just want to be worthy of love. And beautiful.*
*BETHANY DILLON, "BEAUTIFUL"*

## 1.1 INLEIDING

Dit is `n welbekende feit dat kinders `n heldeverering vir hul ouers het. Dit is ook redelik algemeen bekend dat kinders `n heldeverering vir ontoereikende ouers het. In die fliek "Ever after: a Cinderella story" maak die dogter die volgende stelling aan haar stiefma: "I've done everything that you ever wanted me to do and still you deny me the only thing that I've ever wanted... You are the only mother I've ever known". Omdat kinders afhanklik is van hul ouers wat hulle mag mishandel en/of verwaarloos, moet hulle leer om aan te pas in hierdie omgewing waarin hulle hulle bevind. Hulle probeer om maniere te vind om hul ouers wat onbetroubaar is te vertrou. Terselfdertyd probeer hulle ook veilig voel in onveilige situasies en in vreesaanjaende, onbeheerbare en hopelose situasies beheer vind (Herman in Mash & Wolfe, 2002:386). Volgens die *American Psychological Association* (1996) in Mash en Wolfe (2002:317) staar hierdie kinders wat blootgestel word aan mishandeling en/of verwaarlosing ook sekere dilemmas in die gesig. Die eerste dilemma wat deur die kind ervaar word is dat die kind die mishandeling of geweld wil stop, maar ook `n behoefte het om aan `n gesin te behoort. Die kind voel dus in twee geskeur deur die lojaliteit en gehegtheidsbinding wat hy met die misbruiker het, teenoor sy behoefte om veilig te voel en beskerm te word. Dit skep verwarring by die kind. Die tweede dilemma is die hoop wat die kind het dat die mishandeling nie weer sal plaasvind nie. `n Siklus van mishandeling word daargestel, waar spanning opbou saam met vrees en afwagting. Dit word weer gevolg deur `n tydperk van vrede, rustigheid en toenemende toegeneentheid en aandag. Dit gee die kind hoop dat die mishandeling gestaak is. Die derde dilemma waarin kinders hulle bevind is dat mishandeling geneig is om in intensiteit toe te neem, hoe langer dit duur. Die tipe mishandeling kan regdeur die verhouding verander en `n verbale, seksuele, emosionele of fisiese vorm aanneem. Die sentrale punt bly egter die volwassene se misbruik van krag en die behoefte om in beheer te wees. Dit lei tot die onderdrukking van die vorming van `n eie identiteit by die kind.

Kinders reageer verskillend op hierdie dilemmas. Sommige voel magteloos en hanteer dit deur `n houding van afsydigheid en onttrekking of selfgeldende destruktiwiteit. Ander reageer vyandig en met woede, terwyl sommige probeer aanpas in die omgewing. Ander toon weer `n heldeverering vir hierdie ontoereikende ouers wat hulle verwaarloos en/of

mishandel. Die doel van hierdie studie is om die verskillende redes vir hierdie irrasionele lojaliteit vir ontoereikende ouers en rasionalisasie oor die verwaarlosing en/of mishandeling na te vors.

## 1.2 BEWUSWORDING VAN DIE PROBLEEM

`n Voorlopige literatuurstudie het bevestig dat kinders `n onverstaanbare soort heldeverering vir ouers het, nieteenstaande mishandeling of verwaarlosing. Miller (2005:80) sê dat selfs in die lig van `n geskiedenis van fisiese of emosionele wreedheid, kinders steeds hulle ouers sal idealiseer. Omdat hulle geïsoleerd is in `n samelewing wat meestal aan die kant van ouers is, is hulle nie in staat om die moed te vind om hulle idealisering agter te laat nie.

`n Kliënt het my vertel van haar fisiese mishandeling deur haar pa, desnieteenstaande het sy lojaliteit teenoor en liefde vir hom, uitgespreek. Dit was vir my moeilik om te verstaan hoe dit moontlik is dat iemand steeds kan dink dat hulle ouers helde is, nadat hulle so mishandel is. Ek het `n predikant wat lank in `n kinderhuis gewerk het genader, maar hy kon my nie antwoord nie. Daarna het ons die maatskaplike werker by die kinderhuis geskakel en hy kon ook nie `n verduideliking gee nie. Dit het die volgende vrae laat ontstaan: Is dit regtig heldeverering? Indien wel, hoe gebeur dit dat kinders lojaal en getrou bly teenoor ouers wat hulle swak behandel?

## 1.3 AKTUALITEIT VAN DIE PROBLEEM

`n Deel van die terapeutiese proses van iemand wat mishandel is, is dat die kliënt moet sin maak uit die verwerping. Dit is ook deel van die terapeut se verantwoordelikheid om die kliënt effektief te begelei in hierdie helingsproses. Die terapeut moet egter die dinamiek agter hierdie heldeverering verstaan, om die kliënt effektief te kan begelei. Effektiewe begeleiding kan lei tot `n openbaring vir die kliënt, sodat hulle enige nalatenskap van pyn en

vrees teenoor hulle ouers kan verander en hul ouers se optrede kan verstaan, soos McGraw (2007:46) skryf oor haar alkoholis-pa: "Dit was `n ongelooflike openbaring en dit het `n invloed gehad op die manier waarop ek besluit het om my eie lewe te lei. Vandag eer ek my pa se nagedagtenis deur nie toe te laat dat enigiets my lewe beheer nie, tensy dit iets is wat ek in my lewe wil hê."

## 1.4 VOORLOPIGE LITERATUURSTUDIE

Die kind bevind hom of haar in `n omgewing wat uit `n mikro-, meso-, ekso-, en makrosisteem bestaan (Berk, 2009:26-29). Die mikrosisteem bestaan uit betekenisvolle individue wat daaglikse en deurlopende kontak met die individu het. Die belangrikste mikrosisteem vir `n kind sal die gesin wees, waarin hy of sy hulle bevind met die ouers as primêre versorgers. Hierdie sisteem beïnvloed dan ook die kind se ontwikkeling.

Wanneer `n baba gebore word, is die ouers die primêre versorgers wat aan elke behoefte van die baba voldoen. Volgens die verskillende ontwikkelingstadia in die teorie van psigososiale ontwikkeling volgens Erikson is die kwaliteit van die verhouding wat die baba met sy moeder het `n belangrike determinant vir die mate van vertroue wat die baba in die omgewing sal ontwikkel (Meyer, Moore & Viljoen, 2000:227). Erikson (1963:246) beskryf dit soos volg: "This forms the basis in the child for a sense of identity which will later combine a sense of being 'all right', of being oneself and of becoming what other people trust one will become...". As positiewe uitkoms vorm die baba dus `n gesonde vertroue in sy of haar eie vermoëns, asook `n gesonde vertroue in die wêreld. Dit gebeur egter ook dat ouers nie in die behoeftes van hul babas en kinders voorsien nie wat mishandeling en verwaarlosing tot gevolg het, hetsy dit fisiese mishandeling, emosionele mishandeling, seksuele mishandeling, verwaarlosing of uitbuiting is (Sharma, 2006:148).

Erich Fromm (1949) beskryf hierdie soort verhouding in Meyer et al. (2000:187) as `n onttrekkend-destruktiewe verhouding waar daar `n groot afstand tussen ouer en kind is. Die ouers skep `n verhouding waar `n kind se individualiteit totaal misken word en die kind ten alle koste (selfs met geweld) aan die ouers se wil onderwerp word. Die kind is dus in `n

verhouding met iemand wat veronderstel is om vir hom of haar om te gee en in alle behoeftes te voorsien maar presies die teenoorgestelde gebeur. Die kind word in die posisie geplaas om te kies: behou die persoon se liefde en identifiseer met hom of kom in opstand teen die misbruik en verloor die persoon se liefde.

`n Ander manier waarop ouers hierdie beheer oor hulle kinders behou, is deur middel van ouerlike psigiese beheer of manipulasie. Ouerlike psigiese beheer word gedefinieer "as interactions which intrude upon or impede the child's individuation process" (Barber, 2001:18). Manipulasie word gedefinieer as "die hantering van en kontrole oor individue of groepe. Die implikasie is meestal dat die manipuleerder gebruik maak van metodes waarvan die gemanipuleerde persone nie kennis dra nie (Gouws, Louw, Meyer & Plug, 1979:179). Voorbeelde van ouerlike psigiese beheer sluit die volgende in: enige gevoelens of ervarings van die kind wat verskil van die ouer s'n word verwerp, die kind word beheer deur hom of haar altyd skuldig te laat voel, asook onttrekking van liefde, blamering en kritisering van die kind (Barber, 2001:18).

Wanneer daar na kinderontwikkeling gekyk word, kan daar gesien word dat die belangrikste faktor in `n kind se lewe die emosionele verbondenheid (gehegtheid) met sy of haar ouers is. In Friedrich (2002:38) word kinders se verhoudings met hul ouers volgens die gehegtheidsteorie "as `n biologies gebaseerde binding, `n instinktiewe konneksie" gedefinieer. Hierdie binding onstaan eerstens uit `n fisiese behoefte, naamlik warmte, kos ensovoorts en `n behoefte aan sekuriteit. Volgens Mash en Wolfe (2002:40) word kinders se gedrag nie instinktief vooraf bepaal nie. Die terugvoer wat hulle van hulle ouers ontvang bepaal eerder hoe hulle gaan reageer. Kinders leer deur die emosionele response van ander hoe om hul eie emosionele response te interpreteer en te reguleer. Hulle leer hoe om aan te pas by die versorger en `n binding met die versorger te vorm, ongeag die gevolge. Kinders in verwaarloosde verhoudings ervaar dus interne konflik tussen die binding met die versorger, aan die een kant-, en die ervaring van mishandeling en onbesorgdheid deur die versorger aan die ander kant. Volgens Calverly, Fischer en Ayoub (in Friedrich, 2002:39) toon navorsing dat kinders in hierdie dilemma leer om hulself in verskillende emosionele lyne te verdeel. Hulle reageer in terme van die affektiewe kwaliteit van die verhouding daargestel deur die volwassenes. `n Voorbeeld hiervan kan gesien word in `n ouerhuis waar

een of albei ouers alkoholiste is. Dit word gekenmerk deur onvoorspelbaarheid. McGraw (2007:34) beskryf dit soos volg: “Maar selfs haar [haar ma se] beste pogings kon nie die chaos om met `n alkoholis getroud te wees tem nie. As gevolg daarvan het ek met onsekerheid grootgeword”.

Dit wil voorkom of fisies mishandelde kinders eers vyandig reageer teenoor mishandeling en dan begin aanpas by hulle omgewing (Urquiza & Winn, 1994:27). Gedurende hulle eerste lewensjaar leer mishandelde kinders ook om hul ouers se gedrag te aanvaar sonder om daaroor te kla. `n Patroon word daargestel wat woede in oppervlakkige samewerking verander. Hierdie woede word waarskynlik onderdruk. Dit laat die vraag ontstaan of mishandelde kinders wat hulle ouers steeds idealiseer, nie dalk woede ervaar, maar voortgaan om dit te onderdruk nie.

Fisies mishandelde kinders toon ook dikwels `n patroon van angstige of vermydingsgehegtheid teenoor ouers wat hulle mishandel. `n Voorbeeld hiervan is `n baba wat versorg en vasgehou wil word maar dan enige poging wat die ouer aanwend om in hierdie behoefte te voldoen, teenstaan. Volgens Mash en Wolfe (2002:42) toon ouer kinders en volwassenes met hierdie tipe gehegtheidspatroon `n verbloeming van emosionele uitdrukking. Hulle glo dat hulle ander nie kan vertrou nie maar onaangeraak bly deur seerkry. Hulle ontken dus eerder sekere emosionele response (konflikresponse) wat hulle help om die psigiese pyn van mishandeling te hanteer.

`n Ander interpersoonlike eienskap wat in baie adolessente, wat as kinders fisies mishandel is waargeneem word, is hulle geneigdheid om om te gee vir hulle ouers wat hulle mishandel. Hierdie kinders voer dikwels handelinge uit om aan die behoeftes van hul ouers te voldoen. Hulle is ook geneig om na jonger broers of susters te kyk. Dit help hulle om `n nabyheid met die gehegtheidsfiguur te handhaaf. Galdston (in Urquiza & Winn, 1994:27) is ook van mening dat mishandelde kinders `n behoefte aan erkenning en aandag van betekenisvolle volwassenes benodig.

Hieruit kan gesien word dat kinders sal identifiseer met hulle ouers, omdat hulle `n gesagsfiguur benodig. Hierdie kinders sukkel egter met die ontwikkeling van `n positiewe selfkonsep, selfbeeld, uitdrukking van gevoelens en om hulself te vertrou.

Die vraag word dus gevra waarom kinders hierdie heldeverering vir hulle ontoereikende ouers, wat hulle verwaarloos en/of mishandel, behou.

## 1.5 PROBLEEMSTELLING

Ouers het `n bepalende invloed op hulle kinders. In `n poging om beheer oor die kind uit te oefen of omdat ouers soms nie oor die vaardighede beskik om hulle kinders se samewerking te wen nie, kan ouers hulle na onetiese manipulasie wend. Omdat die kind se omgewing hierdeur onveilig en onvoorspelbaar gemaak word, reageer die kind met probleemgedrag. Hierdie kind word dan na die opvoedkundige sielkundige verwys om hulp te bekom. Wanneer daar dan in gesprek getree word met die kinders en hulle wel openbaar dat hulle byvoorbeeld deur hulle ouer/s mishandel word voer hulle redes aan soos: "My pa slaan ons omdat hy lief is vir ons" of "Dit is die enigste manier waarop my ma luister". Hierdie poging van die kind om die ouer se gedrag deur rasionalisasie te regverdig, het tot die navorsingsvraag gelei: Waarom bly kinders lojaal teenoor ontoereikende ouers en behou `n heldeverering vir hulle?

### 1.5.1 Sub-probleme

Die volgende sub-probleme is tydens die studie ondersoek:

- Wat is die teoretiese begronding van ontwikkeling van kinders, in die konteks van hulle omgewing?
- Wat is die onderskeie erkende ouerskapstyle?
- Wat is die ontwikkelingsvlak van die adolessent?
- Wat is die konteks van verhoudings waar mishandeling plaasvind en watter invloed het dit op die adolessent?
- Wat is die psigiese prosesse wat gepaardgaan met identifisering met en emosionele gehegtheid tussen ouers en kinders?
- Wat is die betekeniswêreld van adolessente met een of meer ontoereikende ouer/s?

- Wat is die aspekte wat deur die opvoedkundige sielkundige in gedagte gehou moet word ten einde effektiewe terapie aan die adolessent te verskaf?

## 1.6 NAVORSINGSDOELWITTE

Die hoofdoelstellings van die literatuurstudie is die volgende:

- Om `n empiriese ondersoek te loods en moontlike redes te ondersoek vir die verskynsel van lojaliteit teenoor, en heldeverering vir ontoereikende ouers.
- Om die teoretiese begronding van ontwikkeling van kinders in die konteks van hulle omgewing te bespreek.
- Om die verskillende soorte ouerskapstyle te bespreek.
- Om die ontwikkelingsvlakke van die adolessent te bespreek.
- Om die konteks van verhoudings waar mishandeling plaasvind, asook hul invloed op die adolessent, te bespreek.
- Om die psigiese prosesse wat gepaard gaan met identifisering met en emosionele gehegtheid tussen ouers en kinders te bespreek.
- Om die beleweniswêreld van adolessente met een of meer ontoereikende ouers te bespreek.
- Om die aspekte wat deur die opvoedkundige sielkundige in gedagte gehou moet word ten einde effektiewe terapie aan die adolessent te verskaf, te bespreek.

## 1.7 LITERATUUROORSIG

Die volgende bronne of metodes word gebruik om inligting in te samel:

- Onderhoude met professionele mense in die veld.
- Boeke, joernale, artikels en internetbronne.

## 1.8 NAVORSINGSONTWERP

### 1.8.1 Afbakening

Vir die doel van hierdie studie is daar van gevallestudies gebruik gemaak. "`n Gevallestudie behels `n in-diepte studie van `n enkele persoon. Daar word omvattend ingegaan op die persoon se totale omstandighede en persoonlike belewenisse ten einde die navorser in staat te stel om die dinamika waarvolgens `n bepaalde persoon funksioneer, beter te begryp" (Jordaan & Jordaan, 1998:72).

In die gevallestudies is daar van `n kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenadering gebruik gemaak. Volgens Cohen en Swerdlik (2005:222) is kwalitatiewe navorsing `n tegniek van data-insameling en analise wat primêr op verbale prosedures, soos byvoorbeeld onderhoudvoering staatmaak, eerder as op wiskundige en statistiese prosedures. Hierteenoor fokus `n kwantitatiewe benadering eerder op hoeveelhede wat verband hou met wiskundige en statistiese prosedures. `n Kwantitatiewe benadering sien sielkundige faktore as konstant, stabiel en eendimensioneel (Van den Aardweg & Van den Aardweg, 1999:198). Dit is meer onpersoonlik en die gegewe verskynsel word op `n wetenskaplike empiriese manier ontleed, waar daar van empiriese dataversameling soos persoonlikheidstoetse gebruik gemaak word (Jordaan & Jordaan, 1998:71).

Tydens kwalitatiewe navorsing wil die navorser die gegewe verskynsel verstaan en neem saam met die persone wat deur die verskynsel beïnvloed word, deel aan die verstaan en interpretasie van die ervaring. In hierdie tipe navorsing word mense se intuïtiewe selfkennis, ondervinding en begrip van die verskynsel as databron beskou.

Die volgende toetse of media is vir die gevallestudies gebruik:

- Onderhoude (kwalitatiewe navorsing).
- Sacks Onvoltooide Sinnetoets (kwalitatiewe navorsing).
- Kinetiese Gesinstekening (kwalitatiewe navorsing).
- Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys (kwantitatiewe navorsing).

`n Omvattende beskrywing van hierdie media is in hoofstuk 3 gegee.

### 1.8.2 Seleksie van deelnemers

Vir hierdie studie is daar van doelgerigte steekproefneming (purposive sampling), ook genoem die sneeubalmetode, gebruik gemaak. Doelgerigte steekproefneming word in Cohen en Swerdlik (2005:104) beskryf as die willekeurige of arbitrêre seleksie van `n persoon of persone. Die navorser word deur haar werk en betrokkenheid bewus van adolessente wat deur hul ouers verwaarloos en/of mishandel word, maar steeds vir die ouers lief is en heldeverering vir hulle toon. Hierdie adolessente is reeds deur die navorser in haar praktiese jaar gesien. `n Verstands- en vertrouensverhouding is opgebou tussen die navorser en deelnemers waarin die ouers aanvaar het dat die navorser werk met die probleme wat deels deur die ouer-kind verhouding ontstaan het.

In hierdie studie is twee adolessente tussen die ouderdom van 13 tot 18 jaar geselekteer. Hulle het voldoen aan die vereistes van adolessente van enige geslag, in `n ouerhuis waar die adolessent irrasionele lojaliteit vir en rasionalisasie oor die verwaarlosing en mishandeling toon, wat as heldeverering vir ontoereikende ouers uitgedruk word.

### 1.8.3 Media gebruik in die gevallestudies

Die volgende media is tydens die proses van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing gebruik. Die doel van die media is ook beskryf.

#### 1.8.3.1 Onderhoud

Volgens Berg (2007:92) is onderhoudvoering een van die algemeenste metodes om inligting tydens kwalitatiewe navorsing in te samel. Deelnemers verskaf `n beskrywing van gebeurtenisse en deur die regte vrae te vra, kan die terapeut insig in die leefwêreld van die kliënt verkry. Onderhoude kan gestruktureerd, semi-gestruktureerd en ongestruktureerd wees. Vir die doel van hierdie studie is daar van semi-gestruktureerde onderhoude gebruik gemaak. Die doel van `n semi-gestruktureerde onderhoud is dat die terapeut die onderhoud so struktureer dat die kliënt `n kans kry om oor dinge te gesels wat die navorser

dalk nie voorsien het nie, om gevoelens te deel en om meer uit te brei oor sekere dele. Die fokus van die onderhoud is egter vooraf deur die navorser bepaal, sodoende is daar genoeg struktuur sodat die kliënt min of meer by die tema bly. Daar is byvoorbeeld van oop vrae gebruik gemaak soos: “Vertel my meer van...” om hierdie doelwit te bereik.

***(a) Motivering vir die gebruik van `n onderhoud***

Deur my werk en betrokkenheid het ek alreeds agtergekom dat onderhoudvoering met `n kliënt ryke inligting kan verskaf. Semi-gestruktureerde onderhoude is `n effektiewe manier om groot hoeveelhede kwalitatiewe inligting te verkry oor byvoorbeeld gevoelens en emosies wat nie maklik deur slegs waarneming verkry kan word nie. Nie-verbale gedrag kan ook waargeneem word.

***(b) Data-insameling***

`n Rustige omgewing is gekies waarin die onderhoud plaasgevind het. Die adolessente het `n tyd gekies (na skoolure) wat hulle gepas het. Die onderhoude is op `n een-tot-een basis met elke adolessent gevoer. Alle onderhoude is op band opgeneem en getranskribeer vir die gebruik van data-analise waar nodig.

***(c) Data-analise***

Die inligting wat deur semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel is, is geïnterpreteer deur herhalende temas wat relevant tot die onderwerp is, te identifiseer. Inligting is in duidelike kategorieë en temas geplaas wat verband hou met die ontwikkelingsvlak van die adolessent, psigiese prosesse wat verband hou met mishandeling en/of verwaarlosing asook enige heldeverering wat genoem is vir een of albei ouers wat hulle mishandel en/of verwaarloos het.

### 1.8.3.2 Kinetiese Gesinstekening

Die Kinetiese Gesinstekening (ook bekend as die KFD) is deur Burns en Kaufman in 1970 ontwikkel (Burns & Kaufman, 1972). Die kind word gevra om `n prentjie van sy of haar gesin

te teken, waar almal besig is om iets te doen. Die Kinetiese Gesinstekening is `n projektiewe tegniek wat saam met ander sielkundige toetse gebruik moet word.

***(a) Motivering vir die gebruik van die Kinetiese Gesinstekening***

Die Kinetiese Gesinstekening toon dikwels die adolessent se houding teenoor sy of haar gesin. Dit gee ook `n aanduiding van die algehele gesinsdinamiek wat insiggewend vir die navorser kan wees.

***(b) Data-insameling***

`n Potlood en papier is aan die adolessent verskaf. Die opdrag is deur die navorser gegee om sy of haar gesin te teken waar almal besig is om iets te doen.

***(c) Data-analise***

Die analisering van die tekening vind plaas met behulp van die handleiding *Actions, Styles and Symbols in Kinetic Family Drawings* deur Burns en Kaufman (1972).

### 1.8.3.3 Sacks Onvoltooide Sinnetoets

Die Sacks Onvoltooide Sinnetoets is `n projeksietoets en is deur Dr. Joseph M. Sacks ontwikkel (Abt & Bellak, 1959:370). Die toets bestaan uit 60 items en meet die respondent se houding en gevoelens ten opsigte van die volgende afdelings: gesin, seksuele sake, interpersoonlike verhoudings en die selfkonsep.

Die toets neem ongeveer 20 tot 40 minute om te voltooi. Die navorser het die toets individueel by elke adolessent afgeneem. Die vier response vir elkeen van die vyftien kategorieë is gesamentlik geanaliseer en `n globale assesseringspunt is toegeken.

***(a) Motivering vir die gebruik van die Sacks Onvoltooide Sinnetoets***

Die Sacks Onvoltooide Sinnetoets kan as `n instrument gebruik word om die adolessent se houding en gevoelens teenoor sy ouers te bepaal. Dit maak ook afsonderlik voorsiening vir houdings teenoor ma, pa en die gesinseenheid. Die toets word ook gebruik om op `n nie-bedreigende manier, insig in die adolessent se intrapsigiese prosesse te verkry.

***(b) Data-insameling***

Die Sacks Onvoltooide Sinnetoets is aan die twee adolessente gegee om tydens individuele sessies te voltooi. `n Tyd wat geskik was vir die adolessente is gekies. Hulle het die toets voltooi deur van papier en `n potlood gebruik te maak.

***(c) Data-analise***

Die Sacks Onvoltooide Sinnetoets is geïnterpreteer deur van die riglyne en norme, soos uiteengesit in Abt en Bellak gebruik te maak (1959:379).

### 1.8.3.4 Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys

Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys is deur Raymond B. Cattell en Mary D.L. Cattell ontwikkel (Madge & Du Toit, 1985:25). Dit het ten doel om, in die kortste tyd, die maksimum inligting oor die grootste aantal persoonlikheidsdimensies te verskaf. Dit is gestandaardiseer om adolessente wat in die ouderdomsgroep van 13 tot 18 jaar val, se persoonlikheidseienskappe te bestudeer.

***(a) Motivering vir die gebruik van die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys***

Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys is gebruik omdat dit ryke inligting kan verskaf oor die verskillende persoonlikheidsdimensies van adolessente. Verskillende persoonlikheidstrekke wat psigologies betekenisvol en waardevol is, is hieruit verkry. Deur die inligting wat deur die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys verskaf is te gebruik, is verskille en ooreenkomste uitgewys in die onderskeie persoonlikheidsdimensies van adolessente wat kinderheldeverering vir ontoereikende ouers toon.

***(b) Data-insameling***

Vorm A van die vraelys is vir hierdie studie gebruik. Elke adolessent het die toets individueel in `n klaskamer by die skool afgelê. Elke adolessent het `n toetsboekie, antwoordblad, potlood en uitveër gehad. Instruksies is vanuit die handleiding gelees en enige vrae wat die adolessente gehad het, is beantwoord.

***(c) Data-analise***

Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys is nagesien en geïnterpreteer deur gebruik te maak van die riglyne en norme soos uiteengesit in die handleiding vir die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys deur Madge en Du Toit (1985). Die antwoordblad vir handnasien is met behulp van die nasienmasker nagesien. Hierna is die onverwerkte tellings omgesit in standaardpuntetellings, naamlik stiene. Daarna is die 14 faktoriaal onafhanklike persoonlikheidsdimensies op `n bipolêre kontinuum voorgestel, waarvan die uiterste pole beskryf word.

Betroubaarheid en geldigheid word in die volgende afdeling bespreek, asook etiese oorwegings wat deur die navorser in ag geneem is.

## 1.9 BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID

In psigometrie verwys betroubaarheid na `n meting wat konstant is (Cohen & Swerdlik, 2005:129). Daar word dus konstant dieselfde resultate verkry as metings op `n identiese wyse herhaal word.

`n Toets word as geldig beskou, as dit meet wat dit voorgee om te meet. "In everyday language, we say that something is valid if it is sound, meaningful, or well grounded on principles or evidence" (Cohen & Swerdlik, 2005:156). Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys wat gebruik is vir kwantitatiewe navorsing in hierdie studie, is getoets en is wetenskaplik bewys om beide betroubaar en geldig te wees. Dit is deur die *Health Sciences Research Council* (HSRC) goedgekeur.

Dit is ook belangrik dat betroubaarheid en geldigheid tydens die kwalitatiewe navorsingsproses verkry moet word. In Kirk en Miller (1986:20) word betroubaarheid en geldigheid soos volg beskryf: "Reliability is the degree to which the finding is independent of accidental circumstances of the research, and validity is the degree to which the finding is interpreted in a correct way". `n Bekwame navorser sal dus `n studie voortbring wat goed nagevors is (sonder vooropgestelde idees), van hoë kwaliteit is en goed weergegee is.

Kredietwaardigheid, betroubaarheid en oordraagbaarheid is belangrike kriteria vir die kwaliteit van `n studie (Golafshani, 2003:601). Om aan hierdie kriteria te voldoen, het die navorser van verskeie metodes gebruik gemaak om `n oorsigtelike beeld van elke adolessent te verkry. Data is ingesamel en akkuraat geïnterpreteer. Onderhoude en navorsing is op `n deeglike en professionele manier gehou. Notas is tydens die sessies geneem en alle onderhoude is getranskribeer.

`n Verdere strategie wat gevolg is om die betroubaarheid en geldigheid van die studie te verhoog, is dié van triangulering. Tydens triangulering word meer as twee metodes tydens navorsing gebruik om die resultate te verifieer. Deur gebruik te maak van drie metodes om een vraag te antwoord, kan die navorser seker maak dat die resultate wat verkry is betroubaar en geldig is. "By combining multiple observers, theories, methods and empirical materials, researchers can hope to overcome the weakness or intrinsic biases and the problems that come from single method, single-observer and single-theory studies" (Bogdan & Biklen, 1982). In-diepte gevallestudies wat gebruik is kan daarom ook ware inligting gee, al kan dit nie veralgemeen word nie, omdat die navorser van verskillende metodes en media gebruik gemaak het om bevindinge te verifieer.

## 1.10 ETIESE OORWEGINGS

"Ethics is a body of principles of right, proper or good conduct" (Cohen & Swerdlik, 2005:45). Vir die navorser om eties korrek op te tree moet die volgende regte van kinders soos in Cohen en Swerdlik (2005:57-58) en in Berk (2009:65) beskryf in gedagte gehou word:

- Die reg tot beskerming teen leed: Kinders het die reg om beskerm te word teen fisiese of sielkundige leed.
- Die reg tot ingeligte toestemming: Kinders het die reg om te weet waarom hulle geëvalueer word, hoe die toetsdata gebruik gaan word en watter inligting vrygestel gaan word. Hierdie verduideliking moet in `n taal wees wat verstaanbaar is vir hulle vlak van ontwikkeling. Indien die kind nie self ingeligte toestemming kan verskaf nie, is dit belangrik dat hulle ouers dit in geskrewe vorm doen.

- Die reg om ingelig te word oor toetsbevindinge: Die navorser moet die doel van die toets, die betekenis van uitslae en beperkinge van die toets duidelik bekend maak aan die kinders. Hierdie verduideliking moet in `n taal wees wat verstaanbaar is vir hulle vlak van ontwikkeling. Aanbevelings op grond van die toetsresultate moet ook deur die navorser gemaak word. Inligting wat uit die toetsdata verkry is, moet deur die navorser geverifieer word.
- Die reg tot privaatheid en vertroulikheid: Die navorser het `n wetlike en etiese verantwoordelikheid om die gesprekke tussen haar en die kind vertroulik te hou. Toetsrekords moet veilig deur die navorser bewaar word.

## 1.11 BEGRIPSOMSKRYWING

Enkele begrippe speel `n kernrol in hierdie studie en word vervolgens kortliks toegelig:

- **Kinderheldeverering:** Wanneer daar in hierdie verhandeling van beperkte omvang na kinderheldeverering verwys word, word die betekenis van kinders wat `n irrasionele heldeverering of idealisering vir hul ouers toon wat hulle swak behandel daaraan geheg.
- **Ontoereikende ouers:** Wanneer daar na ontoereikende ouers verwys word, word die begrip omskryf as ouers wat hulle kinders swak behandel en nie aan die basiese behoeftes van hulle kinders voldoen nie naamlik: liefde, aandag en onvoorwaardelike aanvaarding. Hierdie ouers kan ook moontlik hul kinders onderwerp aan verbale, seksuele, emosionele of fisiese mishandeling.

## 1.12 NAVORSINGSPROGRAM

Die navorsingsprogram verskaf `n oorsig van die hoofstukke. `n Verhandeling van beperkte omvang is gedoen en in vyf hoofstukke ingedeel.

In hoofstuk 1 is die bewuswording van die probleem, die voorlopige literatuurstudie en die probleemstelling bespreek, sowel as die navorsingsdoelwitte en die navorsingsontwerp.

Hoofstuk 2 bevat `n literatuurstudie oor die teoretiese begronding van kinderontwikkeling. Daar is ook gekyk na die verskillende soorte ouerskapstyle. Die psigiese prosesse wat betrokke is by kinderheldeverering vir ontoereikende ouers, is ook verken.

Hoofstuk 3 beskryf die navorsingsontwerp en metodologie van die empiriese studie. Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes is gebruik om die redes vir kinderheldeverering vir ontoereikende ouers na te vors.

In hoofstuk 4 is bevindings wat tydens die studie verkry is, asook `n interpretasie van die navorsingsbevindinge, verskaf.

Hoofstuk 5 bied `n sinvolle samevatting en gevolgtrekkings. Aanbevelings is gemaak wat in die opvoedkundige-sielkundige praktyk aangewend kan word.

Die bronverwysings in die teks word ondersteun deur `n bibliografie. Die bibliografie bevat volledige bibliografiese verwysings wat gebruik is en word aangedui na hoofstuk 5. Die *American Psychological Association* (APA) verwysingstyl word gebruik (Nielsen, 2007).

## 1.13 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is beskryf hoe die navorser van die probleem bewus geword het. Die aktualiteit van die probleem is ook bespreek. `n Voorlopige literatuurstudie is bespreek waarna die navorsingsvraag en sub-probleme aangedui is.

Die navorsingsontwerp is bespreek deur die afbakening van die navorsingsmetode, seleksie van deelnemers en die media wat tydens die navorsing gebruik is, aan te dui.

Daar is ook gekyk na geldigheid, betroubaarheid en etiese oorwegings wat in ag geneem moet word tydens die navorsingsproses.

Die volgende hoofstuk bevat `n literatuurstudie oor die sosiale en omgewingsinvloede op die ontwikkeling van die adolessent.

# 2 Sosiale en omgewingsinvloede op die ontwikkeling van die adolessent

## 2.1 INLEIDING

Soos in hoofstuk 1 uitgelig is, is die vraag wat met die studie beantwoord wil word waarom kinders lojaal bly teenoor en heldeverering behou vir ouers wat hulle swak behandel.

In hierdie literatuurstudie sal die volgende navorsing en teorieë wat met die ontwikkeling vanaf die kinderjare tot en met adolessensie verband hou, bespreek word:

- Biologies-ekologiese model van Bronfenbrenner
- Ouerskapstyle
- Erikson se teorie van psigososiale ontwikkeling
- Ontwikkelingsfases van die adolessent (13 tot 18 jaar)

## 2.2 INVLOED VAN DIE SISTEEM OP DIE KIND NA AANLEIDING VAN BRONFENBRENNER


Biologiese en sielkundige faktore speel `n belangrike rol in die kind se ontwikkeling. Hierdie ontwikkeling is egter ook afhanklik van sosiale en omgewingsinvloede. Om hierdie ontwikkeling binne die konteks van die omgewing te verstaan, word daar na die ekosistemiese teorie van Urie Bronfenbrenner gekyk.

Urie Bronfenbrenner, `n kontemporêre ontwikkelingsteoretikus en navorser, het menslike ontwikkeling beskryf deur van die ekosistemiese benadering gebruik te maak (Van Schalkwyk, 2002:4). Die *eko*-voorvoegsel by die woord ekosistemies het betrekking op die woord ekologie wat verwys na die studie van die verhouding tussen lewende organismes en hulle omgewing. Die woord *sistemies* verwys daarna dat dinge, verskynsels en individue nie in isolasie nie, maar in interafhanklike samehang bestudeer moet word (Jordaan & Jordaan, 1998:33). Huidiglik word Bronfenbrenner se perspektief as `n biologies-ekologiese model geklassifiseer, waar die kind se biologiese disposisies met omgewingsinvloede saamsmelt om ontwikkeling te beïnvloed (Bronfenbrenner & Morris, 1998:994).

Bronfenbrenner (1979:21) definieer die ekologie van menslike ontwikkeling soos volg: "The ecology of human development involves the scientific study of the progressive, mutual accommodation between an active growing human being and the changing properties of the immediate settings in which the developing person lives, as this process is affected by relations between these settings and by the larger contexts in which the settings are embedded". Hierdie definisie impliseer dat die individu `n dinamiese en groeiende entiteit is wat progressief in die omgewing inbeweeg en verandering teweegbring. Die individu neem aktief deel aan die ontwikkelingsproses. Die omgewing beïnvloed op sy beurt weer die individu, wat gesamentlike akkommodasie tot gevolg het.

Tydens hierdie interaksie met die omgewing is die individu, vir hierdie studie spesifiek die kind, in verskillende verhoudings met verskillende persone betrokke. Die eerste en mees vormende konteks waarbinne ontwikkeling plaasvind, is die kind se gesin. Gehegtheidsbindings en verhoudings word gevorm en hierdie verhoudings dien as prototipes vir ander sosiale verhoudings binne `n wyer konteks, byvoorbeeld die skool. Dit is ook binne hierdie eerste verhoudings dat kinders leer om die gedrag van ander te beïnvloed. Die proses van ontwikkeling word deur ander sosiale sisteme beïnvloed, maar die impak van die gesin op die individu is sonder twyfel die belangrikste.

Om die effek van die gesin op die ontwikkeling van die kind te verstaan, word die interafhanklike sisteme wat ingebed is in `n konteks van kulturele gebruike, houdings en waardes, soos aangedui in Figuur 2.1, vervolgens bespreek.




**Figuur 2.1 `n Ekologiese model van omgewingsinvloede**

Bron: Southern Methodist University. (n.d.). Centre for Child and Community Development: conceptual framework

## 2.2.1 Die mikrosisteem

Bronfenbrenner en Morris (1998:1013) definieer die mikrosisteem soos volg: "A microsystem is a pattern of activities, social roles and interpersonal relations experienced by the developing person in a given face-to-face setting with particular physical, social, and symbolic features that invite, permit, or inhibit engagement in sustained, progressively more complex interaction with, and activity in, the immediate environment". Die mikrosisteem verwys dus na die verhoudings tussen die kind en sy onmiddelike omgewing, waar die belangrikste vir hierdie studie die ouer-kind-verhouding is. `n Belangrike woord in die definisie is 'experienced' wat daarop dui dat die omgewing nie slegs uit objektiewe kenmerke bestaan nie, maar ook op die manier waarop hierdie omgewing ervaar word deur individue binne hierdie omgewing. Thomas en Thomas (1928:572) beskryf dit soos volg: "If men define situations as real, they are real in their consequences". Realiteite bestaan dus nie net in `n objektiewe wêreld nie, maar volgens die ervarings van die individu en die kognitiewe betekenis wat die individu daaraan heg. Die vraag kan dus gevra word hoe kinders mishandeling en/of verwaarlosing ervaar en watter kognitiewe betekenis hulle aan

die realiteite in hulle omgewing heg. `n Moontlike antwoord hierop kan verskaf word deur Lewin (1917:440-447) se "Kriegsland-schaft", waarin hy skryf hoe `n soldaat se vooropgestelde realiteit van die landskap verander soos hy nader aan die oorlogsveld beweeg. Eers word `n pragtige landskap deur die soldaat gesien, maar hierdie vooropgestelde realiteit is nie noodwendig waar nie en verander later in iets onheilspellend. Die soldaat funksioneer en bly egter in die omgewing, omdat hy die vooruitsig van `n moontlike warm bed en `n lekker ete in die toekoms het. Omdat verhoudings waarin mishandeling plaasvind deur onvoorspelbaarheid gekenmerk word, is dit moontlik dat die kind in hierdie omgewing bly, met die vooruitsig dat omstandighede wel eendag sal verbeter.

Die gesinsisteem in sy eenvoudigste vorm bestaan uit `n lewenslange verbintenis tussen `n man en `n vrou, wat in hul gesin se behoeftes soos voeding, skuiling en versorging voorsien, totdat hulle kinders volwassenheid bereik (Berk, 2009:564). Binne die mikrosisteem is daar aktiwiteite, rolle en interpersoonlike verhoudings waarin die ontwikkelende persoon `n aktiewe rol speel. Individue binne die gesinsisteem is by mekaar betrokke en vorm sterk emosionele bande. Individue verkry ook sekere rolle binne die gesinsisteem. `n Rol kan beskryf word as gedrag en verwagtinge wat geassosieer word met `n posisie in die samelewing, soos dié van moeder, kind, baba ensovoorts (Bronfenbrenner, 1979:25). Die belangrikheid van die kind se rol in die gesinsisteem word soos volg deur Bronfenbrenner (1979:6) beskryf: "Roles have a magic like power to alter how a person is treated, how she acts, what she does, and thereby even what she thinks and feels". Die rol wat dus deur ouers aan hulle mishandelde en/of verwaarloosde kinders toegeskryf word, is van uiterste belang in hulle ontwikkelingsproses. Die ongelooflike mag wat `n rol in `n persoon se lewe het, word gewys deur `n eksperiment wat deur Zimbardo en sy kollegas uitgevoer is en deur hulle die "interpersonal dynamics in a simulated prison" genoem is (Bronfenbrenner, 1979:86). `n Vals tronk is by die Stanford Universiteit geskep. Vier en twintig persone is uit 75 respondente gekies. Die helfte is op `n ewekansige manier aangewys as tronkbewaarders en die ander helfte as gevangenes. Die uitkoms van die studie was dramaties, soos bespreek deur Banuazizi en Movahedi (in Bronfenbrenner 1979:87): "In less than two days after the initiation of the experiment, violence and rebellion broke out. The prisoners ripped off their clothing and their identification numbers and barricaded

themselves inside the cells while shouting and cursing at the guards. The guards, in turn, began to harass, humiliate, and intimidate the prisoners. They used sophisticated psychological techniques to break the solidarity among the inmates and to create a sense of distrust among them... On the fifth day, the prisoners showed symptoms of individual and group disintegration. They had become mostly passive and docile, suffering from an acute loss of contact with reality. The guards, on the other hand, had kept up their harassment, some behaving sadistically and delighting in what could be called the ultimate aphrodisiac of power". Baie van die deelnemers het intense patologiese reaksies getoon: "...The prisoners experienced a loss of personal identity and the arbitrary control of their behaviour which resulted in a syndrome of passivity, dependency, depression and helplessness. In contrast, the guards (with rare exceptions) experienced a marked gain in social power, status and group identification which made role-playing rewarding..." (Haney, Banks & Zimbardo, 1973:69). Hieruit kan gesien word dat hoe meer mag `n persoon deur `n gegewe rol verkry, hoe `n groter geneigdheid kan die persoon hê om hierdie mag te gebruik en dikwels te misbruik (soos byvoorbeeld `n pa wat die rol van iemand aanneem wat sy kinders mishandel). Verder kan daar gesien word dat die persone (soos byvoorbeeld die kinders) wat in `n onderdanige posisie is, reageer deur toenemende onderdanigheid en afhanklikheid en ook `n tekort aan inisiatief toon (Bronfenbrenner, 1979:92). Hierdie beginsel word uitgedruk in die volgende frase: "Power tends to corrupt and absolute power corrupts absolutely" (Acton, 1948:364).

Volgens die algemene sisteemteorie van Von Bertalanffy "bestaan sisteme enersyds uit kleiner elemente of subsisteme en andersyds vorm dit weer deel van groter supra-sisteme" (Meyer et al., 2000:585). Die kind maak deel van die groter gesinsisteem uit en die gesin vorm weer deel van die gemeenskap as die groter supra-sisteem. `n Gesonde mikrosisteem neig om oop te wees, waarteenoor `n ongesonde sisteem relatief geslote is. `n Geslote sisteem sal verandering teenstaan en daar is geen oop kommunikasie nie. Wanneer daar `n gebrek aan balans of kompleksiteit binne die sisteem is, kan psigopatologie ontstaan. `n Voorbeeld hiervan kan gesien word by gesinne waarin seksuele molestering plaasvind. Die grense tussen `n gesin, waar seksuele molestering plaasvind, en die sosiale omgewing is relatief geslote en die gesin funksioneer geïsoleerd. Daar is geen insette vanuit die omgewing wat groei moontlik maak nie. Hierteenoor neig die subsisteme binne `n gesin,

waar seksuele molestering plaasvind, egter om oop te wees en die grense tussen individue is diffuus (Meyer et al., 2000:597). Voorbeelde van diffuse grense is die onvermoë om te kommunikeer. Daar is dikwels net een outoriteitsfiguur en die ander gesinslede moet hom of haar gehoorsaam; geen privaatheid word gesinslede gegun nie en rolle word nie duidelik van mekaar onderskei nie. Hierdie sisteem verwerp enige verandering en klou aan sy eie identiteit. Die gevaar van `n sisteem wat hom isoleer, lê in die feit dat die sisteem geen ander verskeidenheid sal kan verskaf as dit wat reeds binne die gesinsisteem beskikbaar is nie. Kinders wat in `n geslote sisteem waar liefde en positiewe aandag min of inkonsekwent uitgedruk word opgroei, het geen ander standaard om hulle situasie mee te vergelyk nie. Hulle natuurlike geneigdheid is daarom om hulle siening van hulle ouers in iets positief te verdraai. Hulle glo hulle ouers bedoel goed en is daarom reg. Dit is ook makliker vir kinders om te fokus op dit wat hulle ouers voorsien, eerder as dit wat hulle nie voorsien nie, omdat dit hulle sodoende toelaat om hulself as normaal en aanvaarbaar te sien (Mash & Wolfe, 2002:388). Dit kan dan uitgedruk word as kinderheldeverering vir ontoereikende ouers. Hierdie denkpatroon van die kind word ook oorgedra in die meso-, ekso-, makro-, en chronosisteem. Bronfenbrenner (1979:285) stel dit soos volg: "As a result, when the person enters a new setting, the pattern is carried over and in the absence of counterforces, becomes magnified in scope and intensity".

## 2.2.2 Die mesosisteem

`n Basiese aanname van die ekologiese sisteemteorie is dat ontwikkeling `n funksie van kragte is wat uit `n verskeidenheid sisteme en vanaf die verhoudinge binne hierdie sisteme, spruit. Die mesosisteem is die eerste uitgebreide sisteem van die mikrosisteem en word in Bronfenbrenner en Morris (1998:1016) soos volg gedefinieer: "A mesosystem is defined as comprising the relationships existing between two or more settings; in short, it is a system of two or more microsystems". Die mesosisteem verwys na die interaksies tussen die kind se onmiddelike omgewings byvoorbeeld huis, skool, buurt en dagsorg. Bronfenbrenner glo dat kinderontwikkeling deur hierdie verbindings tussen die verskillende omgewings gefasiliteer word (Berk, 2009:28). `n Kind se vermoë om effektiewe verhoudings te vorm word dus nie net bepaal deur verhoudings wat by die huis gevorm word nie. Die ouer bied egter die nodige sekuriteit aan die kind en hierdie sekuriteit dien as katalisator vir die kind

se interaksie met die omgewing en ander onbekende persone (Bronfenbrenner, 1979:70). In `n gesinsisteem waar mishandeling en/of verwaarlosing plaasvind, is daar `n tekort aan sekuriteit en ouers onttrek hulle ook dikwels uit die omgewing omdat, soos Bronfenbrenner (1979:239) dit stel: "...in intimacy impairment cannot be hidden". Hierdie sosiale isolasie los gesinne dus sonder die nodige ondersteuning en bronne wat kan help om ouerskapstyle te verbeter en die kind die geleentheid te gee om sosiale verhoudings te vorm (Cicchetti & Valentino, 2006:138). Hieruit kan afgelei word dat kinders in hierdie geslote omgewing sal sukkel om effektiewe verhoudings binne die mesosisteem te vorm.

## 2.2.3 Die eksosisteem

Die volgende sisteem waarby die ontwikkelende persoon nie `n aktiewe deelnemer is nie, maar gebeurtenisse wel plaasvind wat die ontwikkelende persoon beïnvloed, word die eksosisteem genoem. "The exosystem comprises the linkages and processes taking place between two or more settings, at least one of which does not contain the developing person, but in which events occur that indirectly influence processes within the immediate setting in which the developing person lives" (Bronfenbrenner & Morris, 1998:1017). Die eksosisteem verwys na die sosiale omgewing wat `n uitwerking op die kind het, maar waarby die kind nie direk betrokke is nie. Bronfenbrenner beklemtoon die belangrikheid van doelwitte en aktiwiteite binne die eksosisteem wat inisiatiewe in belang van die ontwikkelende kind ondersteun (Berk, 2009:28). Voorbeelde hiervan is buigbare werkskedules, siekverlof vir ouers wie se kinders siek is, asook enige ander manier waarop die werksomgewing ouers kan help om hul kinders groot te maak en dus indirek die kind se ontwikkeling bevorder. Die verwagtinge wat aan die ouer gestel word deur die werkkonteks is ook `n voorbeeld van die invloed van die eksosisteem op die ontwikkeling van die individu. Ouers wat spanning by die werk ervaar, kan byvoorbeeld begin om alkohol te misbruik. Hierdie misbruik lei weer soms tot die mishandeling en/of verwaarlosing van hul kinders. Werkele en Wolfe (in Berk, 2009:28) sê: "families who are affected by unemployment or are socially isolated, with few personal or community-based ties, show increased rates of conflict and child abuse". Daar is ook gevind dat armoede een van die algemeenste aspekte is wat met kinderverwaarlosing geassosieer word, omdat armoede verhoogde spanning op die gesin plaas. Daar is ook gevind dat daar `n verhouding bestaan tussen armoede en

spesifieke ouerskapstyle wat gebruik word. In `n studie wat onder jong Amerikaanse volwassenes gedoen is, is gevind dat `n laer inkomste en jonger ouderdom verband hou met die gebruik van negatiewe ouerskapstyle. Die resultate stel dus voor dat die jongste en armste ouers meer geneig is om negatiewe ouerskapstyle toe te pas. Hulle is ook geneig om koud teenoor hulle kinders te wees en meer algemeen fisiese lyfstraf te gebruik. Hierdie faktore beïnvloed die ontwikkeling van die kind negatief. Dit lei ook tot sosiale isolasie en `n tekort aan sosiale ondersteuning (Cicchetti & Valentino, 2006:137).

### 2.2.4 Die makrosisteem

Die buitenste vlak van Bronfenbrenner se model is die makrosisteem. "The macrosystem refers to consistencies, in the form and content of lower-order systems (micro-, meso-, and exo-) that exist, or could exist, at the level of the subculture or the culture as a whole, along with any belief system or ideology underlying such consistencies" (Bronfenbrenner, 1979:26). Die makrosisteem is nie `n spesifieke omgewingskonteks nie, maar verwys na die oorkoepelende ideologie, waardes, wette, regulasies, reëls en gebruike van `n spesifieke kultuur. Dit verskaf die bloudruk van die ekologiese omgewing – nie net soos dit is nie, maar ook hoe dit kan wees as die huidige sosiale volgorde verander word, soos byvoorbeeld deur `n resessie (Bronfenbrenner, 1979:289). Die prioriteitslys van die makrosisteem bepaal die belangrikheid van die kind se behoeftes ten opsigte van ontwikkeling. Dit is veral `n belangrike determinant ten opsigte van hul ervarings en interaksies binne die laer vlakke van die omgewingstruktuur (Berk, 2009:28-29:23). `n Voorbeeld hiervan kan gesien word in Berk (1989:23): "Child abuse is likely to be prevalent in cultures that positively sanction violence and physical force". In lande waar dit prioriteit is om hoë kwaliteit standaarde ten opsigte van kindersorg te handhaaf, geld te bewillig, asook kinderwette toe te pas, is kinders geneig om positiewe en stimulerende interaksies met hul portuurgroep en volwassenes, in byvoorbeeld dagsorgfasiliteite, te ervaar.

Gebeurtenisse in die samelewing het `n direkte invloed op die gesinsisteem en dus op die ontwikkeling van die kind. As bindings binne die gesin swak is, die ekonomie ekstra druk uitoefen en ouers nie meer in staat is om hulle ouerlike rol te vervul nie, het dit verreikende gevolge op die ontwikkeling van kinders (Bronfenbrenner, 1979:282).

### 2.2.5 Die chronosisteem

Die temporale dimensie van Bronfenbrenner se model word die chronosisteem genoem (die voorvoegsel chrono beteken tyd) (Berk, 2009:29). Volgens Bronfenbrenner is die omgewing nie `n statiese krag wat kinders almal op dieselfde manier affekteer nie. Belangrike lewensgebeure op sekere tye het eerder `n belangrike impak (Berk, 2009:29). Binne die ekologiese sisteemteorie word ontwikkeling nie slegs deur die omgewing of slegs deur sekere biologiese disposisies bepaal nie. Kinders is eerder produkte en produseerders van hulle omgewing. Die kind en die omgewing vorm `n netwerk van interafhanklike sisteme. Hierdie siening lei tot die sogenaamde "resilient" kinders waarop navorsers al hoe meer fokus. "Resilience" kan gesien word as die vermoë om effektief aan te pas te midde van bedreigings tydens ontwikkeling. Hierdie kinders styg ongeag moeilike omstandighede uit. Vier breë faktore verskaf beskerming of beïnvloed die uitwerking van skadelike effekte tydens spanningsvolle gebeure, naamlik die egosterkte van kinders; `n warm ouerlike verhouding; sosiale ondersteuning buite die onmiddellike gesin en gemeenskapsbronne en geleenthede (Berk, 2009:10-11).

Kinders wat mishandel en/of verwaarloos word, het dikwels `n lae egosterkte, `n koue ouerlike verhouding en is afgesonder van die onmiddellike omgewing met min of geen ondersteuning. Dit kan hul vermoë om weerstand te bied teen bedreigings tydens ontwikkeling, verlaag.

## 2.3 GEHEGTHEID

Babas vorm gewoonlik hulle eerste sosiale verhouding en gehegtheidsbinding met hul ouers. Bowlby (1977:203) verwys na gehegtheid as `n emosionele verbondenheid wat ontwikkel met "some other differentiated and preferred individual, who is usually conceived as stronger and/or wiser". Gehegtheid as gedrag kom ook tot uiting as "any form of behavior that results in a person attaining or retaining proximity to an attachment figure" (Bowlby, 1977:203). Bowlby (1977:201-210) het die belangrikste kenmerke van gehegtheid soos volg weergegee: Gehegtheid word gevorm met `n spesifieke individu oor `n lang

tydperk, wat die biologiese funksie van oorlewing verseker. Gehegtheid het `n sterk positiewe emosionele komponent wanneer dit gevorm, onderhou of vernuwe word en `n sterk negatiewe emosionele komponent wanneer dit bedreig (angs en/of woede) of verloor (hartseer en rou) word. Gehegtheid is `n primêre behoefte en ontwikkel onafhanklik, ongeag of daar direkte versterking deur die primêre versorger is of nie. Hieruit kan afgelei word dat `n baba `n gehegtheidsbinding met sy primêre versorger sal vorm, ongeag of hy/sy mishandel en/of verwaarloos word. Hy leer slegs om sy gedrag te rig en by die mishandeling aan te pas.

Bowlby (1977:201-210) is van mening dat gehegtheid aan die primêre versorger onbewustelik ontwikkel en daarom weerstandig is teen verandering. `n Voorbeeld van hierdie inherente behoefte om `n emosionele verbondenheid met `n primêre versorger te ontwikkel, ongeag herhaaldelike verwerping, kan gesien word in Harlow (1963:25) se beskrywing van baba apies:

"...One of the things that would unnerve experimenters was to watch the desperate efforts of these babies to make contact with the abnormal mother. She would beat them and knock them down; they would come back and make contact; the mother would rub their face into the floor; they would wriggle free and again attempt contact. The power, insistence and demandingness of the infant to make contact and the punishment the infant would accept, would make strong men reach the point that they could hardly bear to observe this unmaternal behavior".

Daar is drie tipes gehegtheidsbindinge wat gevorm kan word. Dit word in Tabel 2.1 weergegee.

**Tabel 2.1 Verskillende tipes gehegtheidsbindinge**

| TYPE OF ATTACHMENT | DESCRIPTION DURING STRANGE SITUATION | INFLUENCE ON RELATIONSHIPS |
|---|---|---|
| **Secure** | Infant readily separates from caregiver and likes to explore. When wary of a stranger or distressed by separation, the infant seeks contact and proximity with care-giver; then returns to exploration and play after contact. | Individuals with secure attachment histories tend to seek out and make effective use of supportive relationships. |
| **Insecure: Anxious, avoidant type** | Infant engages in exploration, but with little affective interaction with care-giver. Infant shows little wariness of strangers, and generally is upset only if left alone. As stress increases, avoidance increases. | As children and adults, individuals with an insecure, avoidant pattern of early attachment tend to mask emotional expression. They often believe they are invulnerable to hurt, and others are not to be trusted. |
| **Insecure: Anxious, resistant type** | Infant shows disinterest or resistance to exploration and play, and is wary of novel situations of strangers. Infant has difficulty settling when reunited with caregiver, and may mix active contact-seeking with crying and fussiness. | As children and adults, individuals with an insecure, resistant pattern of early attachment have difficulties managing anxiety. They tend to exaggerate emotions and maintain negative beliefs about the self. |


Bron: Aangepas uit Mash en Wolfe (2002:42)

Die normale proses om `n gehegtheidsbinding te vorm word deur die mishandeling versteur. `n Angstige gehegtheidsbinding ontwikkel in `n geval waar die baba `n konstante vrees het om die gehegtheidsfiguur te verloor (Bowlby, 1977:201-210). Kinders wat `n konstante vrees het dat hulle deur die primêre versorger verlaat sal word, ontwikkel ook hoë vlakke van woede teenoor die gehegtheidsfiguur. Hulle kan egter nie hierdie woede uitdruk nie, omdat dit tot die gebeurtenis kan lei wat hulle oorspronklik gevrees het – om die gehegtheidsfiguur te verloor. Hulle verplaas dus hul woede na ander persone en idealiseer hul verhouding met die ontoereikende ouer om sodoende sy/haar liefde te behou (Paterson & Moran, 1988:616).

# 2.4 OUERSKAPSTYLE

## 2.4.1 Inleiding

Tydens die vroeë kinderjare (1-5 jaar) spandeer kinders die meeste van hul tyd binne die ouerhuis en daarom binne die mikrosisteem. Die ouers is die primêre versorgers en spandeer baie tyd aan hul kinders. Tydens die middelkinderjare begin kinders al hoe meer van hul tyd weg van hul ouerhuis spandeer en betree dan die mesosisteem. “Nogtans bly die huis steeds vir kinders die plek wat die meeste sekuriteit bied en hulle gesin die spil waarom hulle bestaan draai” (Louw et al., 2002:354). Die manier waarop ouers hul kinders grootmaak, dit wil sê hulle ouerskapstyle, speel `n belangrike rol in die ontwikkeling van die kind. Darling en Steinberg (in Grolnick, 2003:31) definieer ouerskapstyle as houdings teenoor die kind en die emosionele klimaat waarbinne ouers se gedrag uitgedruk word. Hierdie interaksie tussen ouer en kind vind binne `n verskeidenheid situasies plaas en word deur wedersydse respek of `n gebrek daaraan gekenmerk. In hierdie verhouding kan ouers ook gesien word as `n outoriteitsfiguur. `n Outoriteitsfiguur word deur Baumrind (1966:887) gedefinieer as “a person whose expertness befits him to designate a behavioral alternative for another, where the alternatives are perceived by both”. Hierdie definisie dui daarop dat `n ouer `n kenner op die gebied van ouerskap is en dit die ouer daarom in staat stel om kinders se gedrag te rig en te lei. Alle ouers is egter nie kenners op die gebied van ouerskap nie en daarom het navorsers verskillende soorte ouerskapstyle onderskei wat verskillende dimensies kan bevat, soos aangedui in Figuur 2.2.




**Figuur 2.2 Verskillende dimensies van ouerskapstyle**

Bron: Sroufe et al. (1992:459)

## 2.4.2 Verskillende ouerskapstyle en die invloed op die kind

Berk (2009:569-571) onderskei van die bekendste ouerskapstyle, naamlik die gesaghebbende-, outoritêre- en permissiewe ouerskapstyle. Hierdie drie tipes word vervolgens bespreek.

### 2.4.2.1 Gesaghebbende ouers

Hierdie ouers probeer duidelike rigting aan die kind verskaf op `n rasionele, doelgerigte manier. Hulle laat ook heelwat vryheid binne redelike grense toe. Kommunikasie word aangemoedig, redes word verskaf vir besluitneming en hulle luister na die kind se menings. Reëls word deur ouers toegepas en hulle konfronteer wangedrag maar moedig ook onafhanklikheid en individualiteit aan. Gesaghebbende ouers word deur Berk (2009:570) as warm en aanvaardend beskryf. Kinders van gesaghebbende ouers is geneig om prestasie georiënteerd, positief, gehoorsaam, vriendelik en sosiaal te wees. Die gesaghebbende ouerskapstyl kan dus as die mees effektiewe ouerskapstyl beskou word.

### 2.4.2.2 Outoritêre ouers

Hierdie ouers beheer hulle kinders deur vasgestelde standaarde en sal selfs hul kinders verwerp indien hulle nie konformeer tot dié standaarde nie. Daar is weinig kommunikasie tussen ouer en kind. Die ouers verwag onder alle omstandighede onvoorwaardelike gehoorsaamheid en indien dit nie gebeur nie, word streng strafmaatreëls teen die kind ingestel. Streng strafmaatreëls sluit onder meer dreigemente en vyandige opmerkings in. Hierdie ouers kan ook gebruik maak van intense straf, spot en sterk afkeuring om die kind te motiveer om gehoorsaam te wees. Onafhanklikheid, individualiteit en outonomie word nie deur dié ouers aangemoedig nie (Berk, 2009:570).

Wanneer beheer en `n tekort aan demokrasie saam voorkom, word `n stil skaam kind wat goeie gedrag met min kreatiwiteit toon, voortgebring (Baldwin in Grolnick, 2003:4). Baumrind (in Grolnick, 2003:7) het ook gevind dat kinders van outoritêre ouers buierig, ongelukkig en relatief doelloos is. Hulle openbaar dikwels `n passiewe woede en kom ook nie goed oor die weg met ander kinders nie. Hulle het `n lae prestasie georiënteerdheid en sukkel om hulself in sosiale situasies uit te druk. Hierdie kinders toon `n tekort aan individualisasie en outonomie en soek volwassenes se goedkeuring. Hulle neem min inisiatief in situasies.

### 2.4.2.3 Permissiewe ouers

Permissiewe ouers versorg hulle kinders goed, maar oefen nie beheer oor hulle uit nie. Kinders is verantwoordelik vir die regulering van hul eie gedrag, met die gevolg dat kinders meestal doen wat hulle wil. Ouers is slegs `n bron wat deur kinders gebruik word en word nie as `n ideaal gesien om na te streef nie. Hierdie ouers maak gebruik van redenering en manipulasie om die kind se samewerking te kry (Berk, 2009:571).

Die twee vorme van manipulasie wat deur dié ouers gebruik word is die volgende: Eerstens beperk hulle `n kind se vryheid om te kies, deur skuldgevoelens by die kind te skep en hom/haar sodoende minderwaardig te laat voel. Die gevolg van hierdie geforseerde skuldgevoelens deur `n ouer op `n kind het tot gevolg dat die kind onttrek of gekondisioneerde samewerking aan die ouer gee. Tweedens onttrek die ouer sy/haar

koestering en liefde indien die kind nie volgens die ouer se wil optree nie. Die kind se behoefte aan sy/haar ouers se liefde en goedkeuring en die bedreiging dat die ouers hierdie liefde sal onttrek, het tot gevolg dat die kind eerder saamwerk as om dalk die ouer se liefde te verloor (Baumrind, 1966:904).

Wanneer daar na bogenoemde gekyk word, kan daar afgelei word dat ontoereikende ouers minder tevrede met hulle kinders is. Hulle vind dit moeilik om kinders groot te maak en put min genot daaruit. Hulle maak meer gebruik van beherende dissiplineringstegnieke en moedig nie die ontwikkeling van outonomiteit aan nie. Hulle sonder ook hulle kinders soveel as moontlik van die wyer sosiale omgewing af, wat `n geslote gesinsisteem tot gevolg het (Cicchetti & Valentino, 2006:141).

## 2.5 FASES IN DIE PSIGOSOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE KIND

Volgens Erikson (1950, 1963, 1971) is die mens se ontwikkeling `n deurlopende proses wat op die wisselwerking tussen biologiese, psigiese en sosiale faktore gebaseer is. Dit sluit ook die mens se geneigdheid in om enige terugslae wat deur die samelewing toegedien word, te bowe te kom. Die mens se persoonlikheid is nooit afgerond nie – persoonlikheid is altyd in wording.

Erikson vestig aandag op die betekenisgewing aan, en verhoudingvorming met, die self en betekenisvolle ander persone. Hy beskryf die persoon en die omgewing as elemente wat inmekaar vloei. Die kind se ontwikkeling is `n aanhoudende proses en elke fase wat die kind betree speel `n rol. Die kind beweeg ook na die volgende fase wanneer hy biologies, psigies en sosiaal daarvoor gereed is.

Die aanslae van die lewe kan veroorsaak dat `n individu tydelik regresseer. Dit dui egter nie altyd op `n abnormaliteit nie, omdat Erikson glo dat die mens homself spontaan kan herstel en stel dit so: "Children 'fall apart' repeatedly, and unlike Humpty Dumpty, grow together again" (Maier, 1968:29).

Erikson het sy teorie in agt sosiale wordingstadia verdeel. Die eerste vyf omvat die kinder- en adolessentejare. Die agt fases word kortliks in Tabel 2.2 genoem. Die eerste vyf fases van Erikson se teorie word vervolgens in groter detail bespreek.

Volgens Erikson is die belangrikste aspek van die persoonlikheid wat gedurende die babajare ontwikkel, dié van basiese vertroue teenoor wantroue. Binne die baarmoeder word daar aan al die kind se fisiologiese behoeftes voldoen. `n Gevoel van warmte en beskerming kan hieruit ervaar word. Hierteenoor mag die wêreld koud en onveilig wees. Die baba moet `n gevoel van basiese vertroue ontwikkel, deur die wêreld as veilig en betroubaar te ervaar. Vir die ontwikkeling van hierdie vertroue speel die moeder `n uiters belangrike rol. Wanneer die baba huil gee die moeder aandag aan sy of haar behoeftes en die baba leer om die moeder te vertrou. Babas leer ook hieruit om hul omgewing te vertrou, omdat hulle kan staatmaak op die deernis en versorging van ander (Erikson, 1963:249).

Uit hierdie basiese vertoue ontwikkel die nodige selfvertroue om hul omgewings te verken en sodoende gevoelens van hulpeloosheid te bowe te kom. “Aan die ander kant kan wantrouige babas nie op die goedheid en deernis van ander staatmaak nie (*soos in die geval van mishandeling en/of verwaarlosing*). Gevolglik is hulle geneig om hulleself te beskerm deur hulle aan ander persone en objekte te onttrek” (Louw et al., 2002:205). Hulle kan ook nie eksplorerend hulle leefwêreld uitbrei nie en word in hulle wording gerem en teruggehou.

**Tabel 2.2 Die agt fases in die psigososiale ontwikkeling van die individu volgens Erikson**

| Fase | Ouderdom | Sentrale konflik | Voorwaardes vir optimale selfaktualisering |
|---|---|---|---|
| **1** | Babajare (ongeveer die eerste lewensjaar) | Basiese vertroue teenoor wantroue<br><br>(egosterkte : hoop) | Die ontwikkeling van geborgenheid, optimisme en vertroue in ander wat gebaseer is op konsekwente ervarings van die bevrediging van basiese behoeftes. |
| **2** | Kleuterjare (ongeveer die tweede lewensjaar) | Outonomie teenoor skaamte en vertwyfeling<br><br>(egosterkte : wilskrag) | Die ontwikkeling van `n gevoel van outonomie en wilskrag wat terugslae kan oorkom. Hierdie ontwikkeling word gebaseer op die konsekwente ervaring van aanmoediging en stel van grense sonder verwerping of verwyte. |
| **3** | Vroeë kinderjare (ongeveer die derde tot sesde lewensjaar) | Inisiatief teenoor skuld<br><br>(egosterkte : doelgerigtheid) | Die ontwikkeling van inisiatief behels die verkenning en manipulering van die omgewing wat gebaseer is op konsekwente ervarings van aanvaarding, verdraagsaamheid en aanmoediging. |
| **4** | Middelkinderjare (ongeveer ses- tot twaalfjarige ouderdom) | Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid<br><br>(egosterkte : bekwaamheid) | Genieting en beheersing van die ontwikkelingstake van die primêre skooljare, tuis en by die skool wat gebaseer is op die konsekwente ervarings van erkenning en aanprysing. |
| **5** | Adolessensie (ongeveer twaalf tot agtien jaar) | Identiteitsverwerwing teenoor identiteitsverwarring<br><br>(egosterkte : betroubaarheid) | Die bereiking van `n stabiele en bevredigende sin van `n eie identiteit en `n positiewe toekomsvisie. Word gebaseer op konsekwente persoonlike ervarings van sukses en bevrediging van behoeftes wat gepaardgaan met sosiale aanvaarding en erkenning. |
| **6** | Jong volwassenheid (ongeveer 23ste tot 35ste lewensjaar) | Intimiteit teenoor isolasie<br>(egosterkte : liefde) | Die ontwikkeling van die vermoë om `n intieme persoonlike verhouding te vorm en in stand te hou. Word gebaseer op `n gevoel van vertroue in ander, outonomie en `n gewilligheid om inisiatief te neem. Dit gaan gepaard met `n positiewe selfbeeld en sekerheid van die self en wat hulle van die lewe verwag. |
| **7** | Volwassenheid (ongeveer 25 tot 65 jaar) | Generatiwiteit teenoor stagnasie of selfgesentreerdheid<br><br>(egosterkte : sorgsaamheid) | Die ontwikkeling van `n geloof in die sinvolheid van die lewe en in die waarde van die menslike spesie. Dit gaan gepaard met die verwerwing van die vermoë tot produktiwiteit, kreatiwiteit en kultuuroordrag wat `n verryking van die lewe vir die self en ander beteken. |
| **8** | Bejaardheid (begin iewers tussen 60- en 70-jarige ouderdom) | Ego-integriteit teenoor wanhoop<br><br>(egosterkte : wysheid) | Die aanvaarding van en aanpassing by die gebreke van die ouderdom en naderende dood, waar die dood met vertroue tegemoet gegaan word en daar `n tevredenheid met hul lewens is. |

Bron: Meyer et al. (2000:227-232).

Die volgende fase wat ongeveer tydens die tweede lewensjaar opgelos moet word is dié van outonomie teenoor skaamte en twyfel. Kinders onwikkel fisiek, kognitief en emosioneel en het `n groterwordende behoefte om onafhanklikheid en selfbeheer te verkry, maar terselfdertyd `n gevoel van skaamte en vertwyfeling te bekamp. Hulle leer loop en begin beheer oor hul uitskeidingsfunksies verkry. Die omgewing begin ook nou al hoër eise stel en bied geleenthede vir hierdie ontwikkeling om plaas te vind. Daar is nou `n moontlikheid van mislukking en gevolglike skaamte en twyfel oor hul eie vermoëns. Vir outonomie en onafhanklikheid om te ontwikkel, moet kinders die geleentheid gegee word om te kies en sodoende hul eie beperkinge te leer ken. Hulle moet herhaaldelik beleef dat hulle iemand is wat keuses mag maak. Moontlike mislukkings moet deur ouers met simpatie behandel word, sodat die kind se selfvertroue nie geskend word nie. Ouers moet ook nie hierdie pogings verkleineer of kritiseer nie. "Kinders wie se pogings tot outonomie met geduld en begrip hanteer word, ontwikkel die nodige selfvertroue, terwyl kinders wat te veel of te min kontrole ontvang, dikwels skaamte ervaar en hulle eie pogings tot selfbeheer en outonomie betwyfel" (Louw et al., 2002:207). `n Kind wat mishandel en/of verwaarloos word, ontvang te veel (soos met outoritêre ouers) of te min (soos met permissiewe ouers) kontrole en ervaar skaamte en twyfel oor hul eie vermoëns as uitkoms. Hierdie onderdrukking rem die kind se eksplorering en hou hom of haar infantiel. Hulle selfkonsepontwikkeling is uiters ongunstig, omdat hulle nie vertroue het in hulle eie vermoëns om hulself in hul leefwêreld te handhaaf nie. Kinders in hierdie fase het ook `n begeerte tot aanvaarding en om hul ouers te plesier. Hulle wil identifiseer met die ouers wat hulle respekteer en liefhet. Dit is vir hulle moeilik om objektief na hulle ouers, vir wie hulle lief is, te kyk omdat hulle nie objektief teenoor hulle ingestel is nie. Terselfdertyd wil hulle straf en verwerping vermy. Hieruit kan afgelei word dat kinders wat mishandel en/of verwaarloos word, eerder die werklikheid van die situasie sal ontken en sodoende hulself aan die mishandeling onderwerp, om daardeur hulle ouers te plesier en nie deur hulle verwerp te word nie. Hiermee identifiseer hulle ook met die ouers en behou kinderheldeverering vir hulle.

Volgens Erikson is die belangrikste psigososiale krisis wat tydens die vroeë kinderjare opgelos moet word, dié van inisiatief teenoor skuld (Sroufe et al., 1992:284). Tydens hierdie stadium is kinders se spiere voldoende ontwikkel en het hulle bewegingsvryheid, wat hulle in staat stel om selfstandig op te tree, hulle wêreld te verower en nuwe

verantwoordelikhede te verkry. Die feit dat daar van hulle verwag word om hierdie take suksesvol te voltooi, gee hulle `n gevoel van inisiatief en waardigheid. Maier (1968:43) stel dit soos volg: "The very quest to assume more responsibility, convinces him (and his society) that he is counted as a person and that life has a purpose for him". Ouers speel `n belangrike rol in hierdie ontwikkeling. Wanneer ouers herhaaldelik hulle kinders se pogings tot inisiatief ontmoedig of bestraf, kan kinders heelwaarskynlik onnodige skuldgevoelens ontwikkel. Dit kan hulle persoonlikheidsontwikkeling negatief beïnvloed (Louw et al., 2002:271). Hulle ervaar ook dikwels `n blywende gevoel van minderwaardigheid wat `n patologiese skuldgevoel tot gevolg kan hê. Deur te glo dat hulle dit verdien om gestraf te word, onderdruk hulle hierdie skuldgevoelens. Tydens hierdie stadium begin kinders ook kontak maak met `n wyer kring mense. Hierdie interaksie is belangrik vir die ontwikkeling van die superego, waar die kind bewus word van die reëls van die samelewing. Ouers kan `n afbrekende of opbouende rol tydens hierdie ontwikkelingstadium speel. In `n ondersteunende rol moedig hulle aanvaarbare gedrag aan, waar kinders in situasies kom en bewus word van die reëls van die samelewing en die terrein van ander mense. Wanneer kinders egter nie aanvaarbaar optree nie, kan hierdie interaksies tot `n gevoel van skuld en minderwaardigheid lei. Omdat kinders voel dat hulle nie op hulself of ander kan staatmaak nie, lei dit tot skugterheid en `n aanhoudende beheptheid met die versorger, soos in die geval van lojaliteit teenoor die ontoereikende ouer/s (Sroufe et al., 1992:286). Wanneer ontwikkeling gebalanseerd is lei dit tot die egosterkte wat Erikson doelgerigtheid noem en wat gekenmerk word deur die vermoë om doelwitte met vasberadenheid en selfvertroue na te strewe, sonder om daaroor skuldig te voel en sonder die soort inisiatief wat vir ander aanstootlik sou kon wees (Louw et al., 2002:55).

Tydens die middelkindjare is die belangrikste psigososiale krisis wat opgelos moet word, dié van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid (Meyer et al., 2000:229). Tydens hierdie stadium begin kinders in kontak kom met hul portuurgroep en leer hulle om dinge in hul wêreld te manipuleer. Hulle leer ook die plesier daarvan om `n taak te voltooi. Geleenthede word deur skoolopvoeding verskaf om die vaardighede te bemeester wat hulle vir `n volwasse lewe benodig. Hulle begin hulle vermoëns met dié van ander vergelyk. Dit is belangrik vir die kind om sukses te behaal. Indien hierdie vaardighede suksesvol bemeester word, lei dit tot die egosterkte van bekwaamheid. Indien nie, kan dit lei tot `n

gevoel van skuld en minderwaardigheid. Dit kan ook daartoe aanleiding gee dat kinders nie met hulle portuurgroep identifiseer nie en hulle aan die wêreld van produktiwiteit, gereedskap en vaardigheid onttrek. Dit lei tot verdere gevoelens van minderwaardigheid en sosiale isolasie. Volgens Erikson is dié fase so belangrik dat die belewing van `n gevoel van vlytigheid en bekwaamheid of ontoereikendheid en minderwaardigheid `n individu moontlik die res van sy lewe kan bybly (Erikson, 1950:260-261).

Die belangrikste psigososiale krisis wat die adolessent moet oplos, is dié van verwerwing van `n eie identiteit (Meyer et al., 2000:229). Gedurende identiteitsvorming is die kind se identiteit nog verweef met die ouers s'n en alles wat die ouers doen moet dus reg wees. As die kind swak behandel word, blameer hy homself daarvoor want om teen die ouer te draai, beteken dat die kind teen sy eie selfkonsep in moet beweeg. Die kind is nog nie hiertoe in staat nie. Dit is eers tydens adolessensie of dikwels veel later, wat die kind `n gevoel van `n eie identiteit begin kry en in staat is om hom of haarself te distansieer van die ouers. Identiteitsverwerwing behels dat die adolessent enige probleme tydens die kinderjare oorkom, om sodoende die uitdagings van `n volwasse lewe te kan aanvat. Die individu is seker oor sy of haar eienskappe, seker oor `n sosiale identiteit en seker oor eie waardes en ideale. Dit is asof die vorige vier fases in hierdie fase kulmineer. Daar is `n basiese vertroue of wantroue, `n gevoel van outonomie of vertwyfeling, gevoelens van inisiatief of van skuld, `n gevoel van vlytigheid of `n gevoel van minderwaardigheid en mislukking. Elkeen van hierdie word nou `n element van die adolessent se psigososiale identiteit. Daar kan afgelei word dat kinders wat mishandel en/of verwaarloos word, negatiewe belewings in die vorige psigososiale ontwikkelingsfases gehad het (soos belewings van wantroue, vertwyfeling, skuld en minderwaardigheid) en daarom sal sukkel om `n eie identiteit te vestig. Dit gee aanleiding tot identiteitsverwarring. Hierdie adolessente kom oppervlakkig, rigtingloos en onvoorbereid vir die sielkundige uitdagings van volwassenheid voor (Berk, 2009:463-464).

Hierdie onsekerheid word ook oorgedra na die volgende psigososiale fase van intimiteit teenoor isolasie. Die gevolg is dat hierdie fase ook nie suksesvol opgelos word nie. Individue wat ander wantrou, `n negatiewe selfbeeld het en nie bereid is om inisiatief te neem nie, sukkel om intieme verhoudings met ander te vestig. Hulle kan na sulke

verhoudings verlang, maar beskik nie oor die nodige selfvertroue en sosiale vaardighede om hierdie verhoudings te stig nie. Dit het gewoonlik intense gevoelens van frustrasie en eensaamheid tot gevolg.


## 2.6 ONTWIKKELING TYDENS ADOLESSENSIE

Die ontwikkeling van die adolessent word aan die hand van die faktore wat ontwikkeling beïnvloed, bespreek. Die kategorieë van ontwikkeling word ook bespreek.

### 2.6.1 Faktore wat ontwikkeling beïnvloed

Ten einde mishandelde en/of verwaarloosde kinders te verstaan en `n begrip te hê vir die verskynsel van kinderheldeverering vir ontoereikende ouers, is dit belangrik om die ontwikkelingstadiums van die kind en spesifiek vir hierdie studie, die adolessent te verken. Sonder hierdie begrip kan die navorser foutiewe gevolgtrekkings maak rakende afleidings wat binne die raamwerk van normale gedrag val of faal om `n moontlike probleem te identifiseer.

Die ontwikkeling van `n persoon kan deur verskeie faktore beïnvloed word, soos aangedui in Figuur 2.3.




**Figuur 2.3 Faktore wat menslike ontwikkeling beïnvloed**

Bron: Louw et al. (2002:18)

## 2.6.2 Kategorieë van ontwikkeling

Die kategorieë van ontwikkeling van die adolessent word vervolgens bespreek, naamlik:

- Ontwikkelingsmylpale
- Fisiese ontwikkeling
- Kognitiewe ontwikkeling
- Sosiale ontwikkeling
- Persoonlikheidsontwikkeling
- Emosionele ontwikkeling

### 2.6.2.1 Ontwikkelingsmylpale van die adolessent (12 tot 18 jaar)

**Tabel 2.3 Ontwikkelingsmylpale van die adolessent**

| Fisies | Kognitief | Sosiaal/Emosioneel | Persoonlikheid |
|---|---|---|---|
| • Groeiversnelling vind plaas, asook die ontwikkeling van seksuele rypheid (puberteit).<br>• Afskeiding van `n verskeidenheid hormone vind plaas.<br>• Asinchroniese groei vind plaas waar die groeitempo van verskillende liggaamsdele oneweredig is en dit dikwels lompheid tot gevolg het.<br>• Die belangrikste ontwikkelingstaak is die aanvaarding van `n veranderde liggaamlike voorkoms. | • Is in staat tot abstrakte beredenering in situasies wat geleenthede verskaf vir hipoteties-deduktiewe denke en interproposisionele redenering.<br>• Het `n begrip vir die logiese belangrikheid van proposisionele denke, wat redenering oor die moontlike na die werklike toelaat.<br>• Denke toon `n denkbeeldige gehoor en persoonlike fabel wat mettertyd afneem.<br>• `n Verbetering in besluitnemings-vaardighede vind plaas.<br>• Verwerwing van kennis vind plaas. | • Ondergaan emosionele skommelings vanweë ontwikkeling. Is geneig om minder uitermatig positiewe emosies en meer negatiewe emosies te ervaar.<br>• Verandering in ouer-adolessent verhouding wat gepaardgaan met bevraagtekening van ouerlike waardes, reëls en regulasies, argumente asook distansiëring.<br>• Ontwikkeling van onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes.<br>• Ontwikkeling van sosiaal verantwoordelike gedrag.<br>• Ontwikkeling van `n sterk emosionele band met `n ander persoon. | • Kombineer eienskappe van die self in `n georganiseerde selfkonsep.<br>• Selfbeeld is geneig om te verbeter.<br>• `n Eie identiteit word gevorm. |

Bron: Berk (2009:250-455).

### 2.6.2.2 Kognitiewe ontwikkeling

Kognitiewe ontwikkeling is `n aaneenlopende proses waar die individu se intellektuele vermoëns teen sy of haar eie tempo ontwikkel. Hierdie kognitiewe ontwikkeling stel `n kind in staat om te onthou, te kommunikeer, insig te toon en ook intuïsie, verbeelding en kennis in situasies te gebruik. Die kind moet egter kognitief volwasse wees om sy of haar ervarings te gebruik en om realiteite te konstrueer (Van den Aardweg & Van den Aardweg, 1999:41). Kognitiewe veranderinge tydens adolessensie het tot gevolg dat die kind se konkrete denkvermoë verander in `n omvattende, meer volwasse vermoë om te analiseer en logies te

redeneer oor konkrete en abstrakte begrippe (Louw et al., 2002:417). Hierdie ontwikkeling is egter uniek tot elke individu en word deur `n verskeidenheid faktore beïnvloed.

***(a) Ontwikkeling van die brein***

Die brein ontwikkel teen `n vasgestelde volgorde waar die mees primitiewe dele, naamlik die breinstam en midbrein (ook genoem die reptielbrein), wat vir basiese oorlewing en outonome funksies nodig is, eerste ontwikkel. Die limbiese sisteem (emosionele brein) en serebrale korteks (hoër brein), wat verantwoordelik is vir hoër orde funksies, is egter steeds redelik primitief (Child Welfare Information Gateway, 2009). Die serebrale korteks is die grootste gedeelte van die brein wat die meeste neurone en sinapse bevat. Omdat dit die laaste deel van die breinstruktuur is wat ophou groei, is dit ook die deel wat die sensitiefste is vir omgewingsinvloede (Berk, 2009:184). Die frontale lobbe in die serebrale korteks word gebruik vir rasionele en kreatiewe denke, redenering, geheue, abstrakte denke, nabootsing, besluite ensovoorts. Dit stel `n persoon in staat om te dink oor gevoelens wat deur denke veroorsaak word. Die limbiese deel van die brein is impulsief, invloedryk en emosioneel. Intense gevoelens soos angs, frustrasie en woede kan die funksies van die serebrale korteks inkort, wat tot gevolg het dat die limbiese stelsel, wat `n meer primitiewe deel is, oorneem. Adolessente maak meer gebruik van die primitiewe limbiese sisteem om emosies te interpreteer en te reageer, omdat hulle frontale lobbe van die korteks nog nie volwassenheid bereik het om die limbiese respons te oorheers nie (Child Welfare Information Gateway, 2009).

Kinders wat heeltyd angs, frustrasie en woede ervaar as gevolg van hulle ervarings uit die omgewing, se vermoë tot logiese redenering en rasionele denke word verminder. Hierdie kinders fokus hul brein op oorlewing en om te reageer op bedreigings in die omgewing. Hierdie chroniese stimulasie aktiveer die brein se vreesrespons en die ander dele van die brein, wat vir hoër orde denke verantwoordelik is, word daarom in `n mindere mate gebruik. Die kind vind dit dus moeilik om inligting wat vir hoër orde denke bedoel is, te prosesseer. (Child Welfare Information Gateway, 2009). In spanningsvolle situasies versnel breinritmes dramaties. Die vermoë om te redeneer asook die gebruik van die langtermyngeheue neem drasties af (De Klerk-Weyer & Le Roux, 2008:26). Hieruit kan afgelei word dat kinders wat blootgestel word aan `n omgewing wat gekenmerk word deur

onvoorspelbaarheid, spanning en chaos, moeiliker die dele van hul brein gebruik wat vir hoër orde denke soos logiese redenering verantwoordelik is.

Volgens Piaget is formeel-operasionele denke die hoogste vlak van denke wat bereik kan word. Hierdie vlak van denke kan deur adolessente op 12 tot 15 jarige ouderdom bereik word. Dit word gekenmerk deur abstrakte denke, hipoteties-deduktiewe denke, redenering van die moontlike na die werklike, wetenskaplike denke, interproposisionele redenering en kombinatoriese denke. Piaget wys egter ook daarop dat nie alle individue die stadium van formele operasies bereik nie, as gevolg van `n verskeidenheid redes (Louw et al., 2002:418). Aangesien nie alle persone formeel-operasionele denke ontwikkel nie, ontstaan die vraag in watter mate die omgewing en meer spesifiek die ouerhuis waarin kinders met ontoereikende ouers grootword, `n invloed op die vermoë tot formeel-operasionele denke het.

Adolessente maak ook gebruik van wetenskaplike denke. Wetenskaplike denke stel die individu in staat om bewyse en teorie raak te sien. Adolessente organiseer hul kennis van verskynsels in hulle wêreld in teorieë. Dit help hulle om hul ervarings te organiseer en die kompleksiteit van hul wêreld te verminder. Hierdie teorieë bestaan egter meestal uit naïewe, intuïtiewe begrippe en in baie gevalle uit wanbegrippe van die wêreld en hoe dit werk. Hierdie teorieë kom tot stand deur ervaring, wanneer hulle blootgestel word aan nuwe ondervindings. Hierdie teorieë word dan as verwysingsraamwerke gebruik om nuwe inligting te interpreteer (Louw et al., 2002:420). Hulle kan in so `n mate teoriegebonde wees: "dat wanneer weersprekende bewyse aan hulle voorgelê word, dit geïgnoreer word of daar selektief en op verdraaide wyse daaraan aandag gegee word" (Louw et al., 2002:421). Die vraag ontstaan dus watter teorieë adolessente in verband met hul ontoereikende ouers aan hulself voorhou.

"Episodiese geheue stel individue in staat om persoonlike gebeurtenisse wat hulle ervaar het, te onthou en terug te dink aan persoonlike ondervindings in die verlede deur te onthou wat gebeur het, wanneer dit gebeur het en ook waar dit gebeur het" (Louw et al., 2002:426). Hierdie neiging van adolessente om eerder meer onlangse gebeure te onthou as wat in die verlede gebeur het, kan bydra tot die onstabiliteit van hul selfkonsep (Fitzgerald in Louw et al., 2002:426). Die vraag word dus gevra of adolessente terugdink aan die

mishandeling en/of verwaarlosing en die invloed wat dit op hulle gehad het en of hulle eerder die herinneringe aan hierdie gebeurtenis onderdruk.

***(b) Attribusieteorie***

`n Kognitiewe teorie wat die eeue oue vraag beantwoord, naamlik "Waarom doen mense wat hulle doen?" is die attribusieteorie. Fritz Heider (in Badenhorst, 2004:13) word gesien as die persoon wat die attribusieteorie ontwikkel het. Volgens hom berus die attribusieteorie op drie aannames, naamlik dat die individu poog om die oorsake van gedrag te bepaal, dat die individu oorsaaklike verduidelikings van gedrag op `n sistematiese wyse omskryf en dat individuele attribusies die individu se toekomstige gedrag kan beïnvloed. Die attribusieteorie is dus gemoeid met die wyse waarop `n individu inligting vanuit die omgewing aanwend of benut om oorsaaklike gebeurtenisse in sy of haar lewe te vind. Attribusie beteken om te probeer verstaan waarom sekere gebeure en gedrag sekere uitkomste tot gevolg het (Alderman, 1999:23). Die kind sien byvoorbeeld sekere gedrag, beoordeel die gedrag en maak dan `n gevolgtrekking wat akkuraat of onakkuraat kan wees. Hierdie gevolgtrekking rig dan die toekomstige gedrag. Die oorsaaklike attribusies wat die individu maak, asook die vertolking daarvan, bepaal in `n groot mate sy of haar persepsie van hoe hy of sy die sosiale wêreld ervaar (Badenhorst, 2004:13). Attribusies is ook persoonlik en uniek tot elke individu. Die betekenis wat die individu gee is ook gewoonlik vol affektiewe ondertone, somtyds soveel dat alle logiese betekenisgewing verdwyn. Volgens Piaget is die kognitiewe en affektiewe aspekte onafskeidbaar ten opsigte van hierdie betekenisgewing (Van den Aardweg & Van den Aardweg, 1999:189-190). `n Ander belangrike aanname van die attribusieteorie is dat individue sukses of mislukking sal interpreteer om steeds `n positiewe selfkonsep te behou (Mallers, n.d.).

Oorsake van menslike gedrag kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik disposisionele en situasionele oorsake. Disposisionele oorsake het met die mens se natuurlike geaardheid te make en sluit al die individuele attribute van die mens in (interne lokus van beheer). Situasionele oorsake het met die eksterne wêreld te doen en sluit al die omgewingsfaktore in (eksterne lokus van beheer) (Badenhorst, 2004:14). `n Voorbeeld hiervan kan gesien word in `n kind wat byvoorbeeld mishandel word en die mishandeling toeskryf aan die feit dat hy of sy nie soet genoeg of goed genoeg is nie (interne lokus van beheer) en daarom die

mishandeling verdien. Sy ouer help hom deur die mishandeling (byvoorbeeld lyfstraf) om `n beter mens te word en moet daarom as `n held gesien word.

Ouers wat hulle kinders mishandel en/of verwaarloos doen dit omdat hulle onrealistiese of negatiewe attribusies van hulle kinders het. Wanneer die kind dan iets verkeerd doen, word dit gesien as iets in die persoonlikheid van die kind (interne lokus van beheer) wat deur die ouer reggestel moet word. Enigiets wat die kind reg doen is ook eerder as gevolg van geluk en nie as gevolg van die kind se inherente vermoë nie. Die ouer dink ook die kind doen iets doelbewus verkeerd en word daarom makliker kwaad (Mallers, n.d.). `n Voorbeeld hiervan is wanneer `n kind iets laat val. Die ouer interpreteer die situasie en dink die kind is dom en agterlosig (interne lokus van beheer) en moet daarom 'gehelp' word deur ernstige lyfstraf sodat hy of sy dit nie weer doen nie. Die ouer kon egter die situasie geïnterpreteer het en gedink het dat dit te swaar was en daarom het die kind dit laat val (eksterne lokus van beheer). Hulle onrealistiese of negatiewe attribusies verhoed hulle egter om die situasie so te interpreteer.

***(c) Kognitiewe dissonansie***

Die teorie van kognitiewe dissonansie is in 1957 deur Festinger ontwikkel. Dit handel daaroor dat kognitiewe dissonansie ontstaan wanneer daar `n dissonansie (disharmonie) tussen twee of meer kognisies bestaan. Omdat `n individu streef na konsonansie (harmonie) binne hom of haarself, sal die individu sy of haar kognisies aanpas en alles in sy of haar vermoë doen om die dissonansie teen te werk (Festinger, 1957:263).

Daar is gewoonlik `n konsonansie of ooreenstemming tussen dít wat `n persoon weet of glo en dit wat hy of sy doen. `n Persoon sal meer geneig wees om enige inligting of situasie te vermy wat die dissonansie sal verhoog (Festinger, 1957:2). As `n kind glo dat sy ouer sy held is, sal hy so optree. Wanneer daar enige dissonansie bestaan (byvoorbeeld my ouer mishandel my en is daarom nie `n goeie ouer nie), sal die kind dan `n verdedigingsmeganisme soos rasionalisering gebruik om hierdie dissonansie, wat sielkundige ongemak veroorsaak, uit die weg te ruim. Hierdie rasionalisering kan ook lei tot kognitiewe distorsies (Briere, 1992:28) en kan soos volg voorgestel word:

- Ek word seergemaak deur my ouer/s.
- As dit gebaseer word op dit wat ek sover van die wêreld af weet, kan dit slegs as gevolg van twee redes wees: Ek is nie goed genoeg nie of my ouer/s is nie `n goeie ouer/s nie.
- Ek word deur volwassenes geleer (by die huis en/of skool) dat my ouers altyd reg is en dinge doen, omdat dit vir my eie beswil is (enige ander alternatief vir die kind om in ag te neem, is vreesaanjaend). Wanneer hulle my dus seermaak, is dit vir my eie beswil omdat ek iets verkeerd gedoen het en daarvoor gestraf moet word.
- Dit moet daarom my skuld wees dat ek seergemaak word. Dit is my straf. Ek verdien dit.
- Ek is so sleg soos dit wat aan my gedoen word (die straf moet by die oortreding pas; enige iets anders stel voor dat my ouer/s nie goeie ouer/s is nie en hierdie stelling het ek reeds verwerp). Ek is dus nie goed genoeg nie omdat ek seergemaak word en ek word seergemaak omdat ek nie voldoen aan my ouers se verwagtinge nie.
- Ek word baie dikwels seergemaak en daarom moet die fout by my lê.


Festinger het ook `n eksperiment uitgevoer waarin hy studente gevra het om `n baie onaangename, vervelige taak vir `n lang tyd te doen. Vir die een helfte het hy $20 aangebied en vir die ander helfte $1. Daarna is hulle gevra om ander deelnemers te oortuig dat die taak baie interessant en aangenaam was (Festinger & Carlsmith, 1959:203-210). `n Mens sou dink dat die groep wat dit vir $20 gedoen het, meer oortuigend sou wees en harder sou probeer om ander deelnemers te oortuig, maar dit was net andersom. Die groep wat die minste ($1) betaal is, het die hardste probeer om ander deelnemers te oortuig dat dit wel `n lekker taak is om uit te voer. Die vraag is, hoekom? Festinger het gevind dat `n persoon altyd sin soek in dit wat hy of sy doen, asook positiewe en goeie terugvoer. As jy dus geld uit `n transaksie kry, dien dit as die terugvoer en is `n eksterne motivering. Indien jy egter min of geen geld kry nie, sal jy harder probeer want jy het niks gekry nie en moet `n interne motivering vind om aan jouself te regverdig dat die taak wel betekenisvol was.

Wanneer dit vergelyk word met kinders wat genoeg liefde en versorging by hul ouers kry teenoor die wat geen of min liefde en versorging kry nie, kan die volgende afgelei word. Die kind wat genoeg liefde kry, kry goeie terugvoer en soek nie meer nie. Hy of sy hoef ook nie

heeltyd harder te probeer om sy of haar ouers se gedrag te verdedig nie. Die kind wat dit egter nie kry nie, sal harder probeer deur byvoorbeeld meer verskonings te maak vir die ouer en amper onnatuurlik positief te wees teenoor die ouer, sodat hy of sy die terugvoer kan kry wat hy of sy graag wil hê.

### 2.6.2.3 Sosiale ontwikkeling

Al die aspekte van die adolessent se ontwikkeling, naamlik liggaamlike, seksuele, kognitiewe, persoonlikheids-, sosiale en morele ontwikkeling, vind binne `n sosiale konteks plaas. Hierdie sosiale konteks kan ontwikkeling bevorder of strem. Ouers speel `n baie belangrike rol in die sosiale ontwikkeling van hul kinders. Figuur 2.4 wys dat die ouer-kind verhouding die boustene vorm vir die sosialiseringsprosesse van die kind van vroeë kinderjare tot adolessensie:




**Figuur 2.4 Die verhoudingsdinamiek vanaf vroeë kinderjare tot adolessensie**

Bron: Dishton en Patterson (2006:514).

***(a) Die ouer-adolessent-verhouding***

Gedurende adolessensie vind `n toenemende strewe na outonomie plaas. Die adolessent wil `n sin vir self ontwikkel, waar hulle onafhanklik van hul ouers kan funksioneer en eie besluite kan neem. Verantwoordelikheid vir hierdie besluite moet ook geneem word. Hierdie strewe na onafhanklikheid hou nou verband met die strewe na `n eie identiteit. Adolessente en ouers se verhouding verander van `n kinderlike afhanklikheid van ouers, na `n meer verantwoordelike verhouding (Berk, 2009:574). Tydens hierdie verandering van die ouer-adolessent-verhouding, bevraagteken adolessente ouerlike waardes, reëls en regulasies wat deur die ouers neergelê word. Hulle distansieer hulle meer van hulle ouers en raak meer in argumente met hulle ouers betrokke. Dit het konflik tot gevolg. Ouers raak ook meer ontsteld oor hierdie skielike verandering in adolessente en wil meer kontrolerend optree, wat tot verdere konflik aanleiding gee (Louw et al., 2002:450).

Geborge gehegtheidsbande met ouers gee adolessente `n veilige basis, waarvandaan hulle die wêreld kan ondersoek en die sosiale eise kan bemeester. Adolessente se vermoë om outonomie te ontwikkel en terselfdertyd `n gehegtheidsband met hul ouers te behou, hou nou verband met gevoelens van selfagting en die vermoë om tydens vroeë volwassenheid intieme verhoudings suksesvol aan te knoop (Louw et al., 2002:452).

Ouerskapstyle speel steeds `n rol tydens adolessensie. Gesaghebbende ouers moedig adolessente aan om onafhanklik op te tree, binne `n raamwerk met sekere beperkings en `n mate van beheer oor hulle gedrag. Die adolessente van hierdie ouers kan dikwels op hulleself staatmaak en hulle gedrag is sosiaal verantwoordelik. Outoritêre ouers volg egter `n inperkende en bestraffende styl, deur beperkings te stel en streng beheer uit te oefen. Die adolessent word gedwing om volgens ouers se menings en reëls op te tree, met min geleenthede vir kommunikasie. Hierdie tipe ouerskapstyl word geassosieer met sosiaal-onbevoegde gedrag en angstige gevoelens wat by adolessente ontstaan. Hulle word ook dikwels gekenmerk deur min selfvertroue, afhanklikheid van hul ouers, asook gevoelens van minderwaardigheid. Permissiewe ouers oefen weer geen beheer oor adolessente se gedrag uit nie. Hulle toon dus sosiaal onbevoegde gedrag met min selfbeheer (Louw et al., 2002:453-454).

### 2.6.2.4 Persoonlikheidsontwikkeling

***(a) Identiteitsontwikkeling***

Adolessente verloor hulle stabiele selfsiening van die kinderjare met die aanvang van adolessensie en ervaar gevolglik, in `n mindere of meerdere mate, `n gevoel van verwarring (wat Erikson `n identiteitskrisis noem) met toenemende spanning en selfbewustheid, soos in die volgende gediggie deur `n 16-jarige seun gesien kan word:

*No one can describe*

*Me the way I am*

*No one can enter my brain*

*At least no mortal man*

*So if you say you know me,*

*Please sir, look again,*

*For no one knows who I am but me,*

*And then, do I really?*

(Broughton in Louw et al., 2002:430).

Om `n eie identiteit te vorm moet die adolessent definieer wie hy of sy is, wat hy of sy van waarde ag en wat hy of sy graag in die lewe wil bereik (Berk, 2009:463). James Marcia het vier patrone van identiteitsontwikkeling saamgestel, soos gesien in Tabel 2.4.

Daar bestaan verskeie faktore wat `n adolessent se identiteitsontwikkeling kan beïnvloed soos byvoorbeeld liggaamlike voorkoms, kognitiewe vermoëns en interpersoonlike verhoudings. In hierdie afdeling word daar spesifiek gefokus op die invloed wat ouerskapstyle op die adolessent se identiteitsontwikkeling het.

**Tabel 2.4 Die vier patrone van identiteitsontwikkeling**

| Identity status | Description |
|---|---|
| **Identity achievement** | Identity-achieved individuals have already explored alternatives and are committed to a clearly formulated set of self-chosen values and goals. They feel a sense of psychological well-being, of sameness through time, and of knowing where they are going. |
| **Identity moratorium** | Moratorium means "delay of holding pattern." These individuals have not yet made definite commitments. They are in the process of exploring – gathering information and trying out activities in an effort to find values and goals to guide their lives. |
| **Identity foreclosure** | Identity-foreclosed individuals have committed themselves to values and goals, without exploring alternatives. They accept a ready-made identity chosen for them by authority figures – usually parents but sometimes teachers, religious leaders, or romantic partners. |
| **Identity diffusion** | Identity-diffused individuals lack clear direction. They are neither committed to values and goals, nor actively trying to reach them. They may never have explored alternatives or may have found the task too threatening and overwhelming. |

Bron: Berk (2009:465).

Gesaghebbende ouers dra tot die identiteitsontwikkeling van hulle kinders by. Hierdie ouers skep `n emosionele gehegtheid wat vir die adolessent `n veilige hawe skep en hulle in staat stel om te eksploreer. Die adolessent se onafhanklikheidstrewe en identiteitsontwikkeling word ook aangemoedig. Die ouer-kind-verhouding word gekenmerk deur wedersydse begrip en `n gevoel van nabyheid. Hierdie bevindings bevestig Erikson se teorie dat die interaksie tussen die ouer en adolessent, asook wedersydse erkenning, belangrik vir identiteitsontwikkeling is (Louw et al., 2002:436).

Outoritêre ouers is geneig om adolessente se gedrag te beheer, sonder om die geleentheid te skep sodat hulle menings gelug kan word. Die ouers vervul `n dominante leierskaprol en daar is sterk druk om met die gesinsnorme te konformeer. Adolessente vorm dikwels sterk emosionele bande met hul ouers, maar word nie aangemoedig om hulle individualiteit te ontwikkel nie. Hierdie ouers is dikwels besitlik en kindgesentreerd. Hierdie adolessente

ontwikkel daarom dikwels vooruitbesliste identiteite (Berk, 2009:467). Dit beteken dat adolessente hul identiteitskrisis oplos deur `n reeks voortydige besluite oor hul identiteit te neem, wat op ander se verwagtings gebaseer is. In hul verwardheid sal adolessente bloot rolle vervul om aan ander se verwagtings te voldoen, sonder om werklik daarmee te identifiseer (Louw et al., 2002:432).

Permissiewe ouers is hoofsaaklik onbetrokke en verwerpend. Hulle gee min leiding aan die adolessent en verwag dat hulle hul eie besluite moet neem. Dit dra by tot identiteitsverwarring by die adolessent (Berk, 2009:464).

### 2.6.2.5 Emosionele ontwikkeling

Adolessente ondergaan sekere emosionele veranderings vanweë hul liggaamlike, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling. Richards en Larson (in Louw et al., 2002:439) het bevind dat adolessente geneig is om minder uitermatig positiewe emosies en meer negatiewe emosies as jonger kinders te ervaar. Hulle is ook meer geneig tot emosionele skommelings as kinders of volwassenes. Omdat adolessente geneig is om op hulself te fokus, veroorsaak dit meer dikwels komplekse emosies soos angstigheid, skuld, skaamte en verleentheid, as wat by kinders waargeneem word (Newman & Newman in Louw et al., 2002:440). Hulle het egter die vermoë tot abstrakte en komplekse denke en is daarom geneig om insig in hulle eie gevoelens en in dié van ander te openbaar.

## 2.7 SAMEVATTING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die verskynsel van kinderheldeverering vir ouers wat hulle swak behandel, na te vors. Om hierdie doel te bereik, is daar eerstens na die biologies-ekologiese model van Bronfenbrenner verwys, om die ontwikkeling van die kind binne die omgewing, asook die omgewingsinvloede op die kind, te beskryf. Tweedens is die ouerskapstyle, soos uiteengesit deur Berk, bespreek om die invloed van die ouers op die ontwikkeling van die kind te bepaal. Derdens is die psigososiale ontwikkeling van die kind en adolessent bespreek, deur hoofsaaklik van Erikson se teorie van psigososiale

ontwikkeling gebruik te maak. Vierdens is die verskillende ontwikkelingstadiums van die adolessent verken. Fisiese, kognitiewe, sosiale, persoonlikheids- en emosionele ontwikkeling is bespreek deur nuwe navorsing binne die veld te integreer.

Met hierdie literatuuroorsig is daar gevind dat daar wel `n verskeidenheid redes bestaan vir hierdie irrasionele lojaliteit vir, en rasionalisasie oor, die verwaarlosing en/of mishandeling.

In hoofstuk 3 poog die navorser om teen die agtergrond van die literatuurstudie die navorsingsontwerp en metodologie daar te stel met die doel om die probleemstelling in hoofstuk 1 te ondersoek en te beantwoord.

3

# Navorsingsontwerp en metodologie

## 3.1 INLEIDING

Die vorige hoofstuk bevat `n literatuurstudie wat die verskynsel van kinderheldeverering vir ontoereikende ouers verken. Daar is gekyk na die invloed wat die omgewing op die ontwikkeling van die kind het. Verskillende ouerskapstyle en die fases in die psigososiale ontwikkeling van die kind, is bespreek. Daarna is die ontwikkeling van die adolessent en faktore wat hierdie ontwikkeling beïnvloed bespreek.

In hierdie hoofstuk is die navorsingsontwerp bespreek. Dit vorm `n belangrike deel van enige studie wat onderneem word, omdat dit `n plan of bloudruk is waarvolgens data ingesamel word om `n navorsingshipotese te ondersoek (De Vos, 2002:137).

Hierdie studie poog om die volgende navorsingsvraag te beantwoord: Waarom bly kinders lojaal teenoor ontoereikende ouers en behou `n heldeverering vir hulle?

In die soeke na `n antwoord op dié navorsingsprobleem, is daar aan die volgende sub-probleme in die studie aandag geskenk:

- Wat is die teoretiese begronding van ontwikkeling van kinders, in die konteks van hulle omgewing?
- Wat is die onderskeie erkende ouerskapstyle?
- Wat is die ontwikkelingsvlak van die adolessent?
- Wat is die konteks van verhoudings waar mishandeling plaasvind en watter invloed het dit op die adolessent?
- Wat is die psigiese prosesse wat gepaardgaan met identifisering met en emosionele gehegtheid tussen ouers en kinders?
- Wat is die betekeniswêreld van adolessente met een of meer ontoereikende ouer/s?
- Wat is die aspekte wat deur die opvoedkundige sielkundige in gedagte gehou moet word, ten einde effektiewe terapie aan die adolessent te verskaf?

## 3.2 AFBAKENING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING

Tydens `n studie kan `n navorser gebruik maak van `n kwantitatiewe, kwalitatiewe of `n gekombineerde kwantitatiewe-kwalitatiewe metode. Kwalitatiewe navorsing verwys na die betekenisse, konsepte, definisies, eienskappe, metafore, simbole en beskrywings van dinge. Kwalitatiewe navorsing word deur Leedy en Ormrod (2010:135) soos volg beskryf: "To answer some research questions, we cannot skim across the surface. We must dig deep to get a complete understanding of the phenomenon we are studying. In qualitative research, we do indeed dig deep: We collect numerous forms of data and examine them from various angles to construct a rich and meaningful picture of a complex, multifaceted situation". Hierteenoor verwys kwantitatiewe navorsing na die meting van dinge (Berg, 2007:3). Wanneer daar volgens `n kwalitatiewe perspektief gewerk word, probeer die navorser om die verskynsel holisties te verstaan en eerstehandse inligting te verkry. Tydens kwantitatiewe navorsing is die navorser se rol dié van `n objektiewe waarnemer, waar die studie se fokus op spesifieke vrae en hipoteses gerig word, wat konstant bly regdeur die ondersoek (De Vos, 2002:363-364). Mouton en Marais (1990:169-170) sê egter dat verskynsels wat in die sosiale wetenskappe ondersoek word, so inmekaargeweef is dat `n enkele benadering nie daarin sal slaag om persone in hulle volle kompleksiteit te bestudeer nie. `n Gekombineerde kwantitatiewe-kwalitatiewe metode is dus meer effektief waar triangulering gebruik word om die navorsing meer betroubaar en geldig te maak. Tydens triangulering word `n verskeidenheid tegnieke gebruik om data in te samel, waar dieselfde verskynsel bestudeer word (Berg, 2007:6). Denzin (1978:26) beskryf triangulering soos volg: "...While participant observation permits the careful recording of situations and selves, it does not offer direct data on the wider spheres of influence acting on those observed. Because each method reveals different aspects of empirical reality, multiple methods of observations must be employed. This is termed triangulation".

Vir die doeleindes van die empiriese navorsing is twee gevallestudies gedoen en is daar gebruik gemaak van die gekombineerde kwantitatiewe-kwalitatiewe metode. `n Gevallestudie kan gesien word as `n metodologiese benadering, waar daar gebruik gemaak word van `n aantal metodes om data in te samel soos onderhoude, waarneming en die analise van dokumente (O'Leary, 2004:115). Dit verskaf insig in die leefwêreld van persone,

die manier waarop hulle inligting waarneem, dit interpreteer, probleme oplos en in interaksie tree met ander (Berg, 2007:285).

Die spesifieke metodes wat toegepas is in hierdie studie is die volgende:

i. Semi-gestruktureerde onderhoude verskaf dieper insig in die leefwêreld van die adolessente en ontbloot die dinamiek agter die verskynsel van kinderheldeverering vir ontoereikende ouers.
ii. Die Kinetiese Gesinstekening verskaf inligting op `n projektiewe, nie-bedreigende manier oor die gesinsdinamiek van die deelnemers.
iii. Die Sacks Onvoltooide Sinnetoets verskaf inligting op `n projektiewe manier, oor die houdings en gevoelens wat die adolessente teenoor hulle ouers het.
iv. Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys verskaf insig in die adolessente se persoonlikheidsamestellings.

## 3.2.1. Seleksie van deelnemers vir die gevallestudies

Dikwels maak kwalitatiewe navorsers doelbewus gebruik van nie-ewekansige metodes om data in te samel. Steekproefneming is doelgerig, omdat individue gekies word wat die meeste inligting kan verskaf oor die verskynsel wat bestudeer word (Leedy & Ormrod, 2010:147).

Tydens die seleksie van deelnemers is twee adolessente gekies, waar die navorser bewus was dat hulle deur hulle ouers mishandel en/of verwaarloos is, maar steeds `n irrasionele lojaliteit en heldeverering teenoor hul ouers getoon het. Die seleksie vir die gevallestudie was onderworpe daaraan dat die adolessente gewillig was om aan die studie deel te neem, asook toestemming wat deur hulle ouers gegee moes word. `n Verstands- en vertrouensverhouding tussen die navorser en deelnemers is in die navorser se praktiese jaar opgebou. Die ouers het reeds in die jaar aanvaar dat die navorser met die probleme werk wat deels deur die ouer-kind verhouding ontstaan het. Die adolessente het ook aan die volgende kriteria voldoen: hulle was vroulik en tussen die ouderdom van 13 tot 18 jaar. Akademiese prestasie en intelligensie was nie deel van die kriteria tydens die seleksie van die adolessente nie.

### 3.2.2 Seleksie van verkenningsmedia vir die gevallestudies

Die media wat gebruik is vir die doel van die in-diepte gevallestudies was onderhoude, die Sacks Onvoltooide Sinnetoets, Kinetiese Gesinstekening, asook inligting van die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys. Hierdie media is geselekteer sodat die navorser `n dieper insig in alle fasette van die adolessente se leefwêreld, hul gesinsdinamiek en persoonlikhede kon verkry. Deur hierdie media te gebruik, is inligting ingesamel oor die verskynsel van kinderheldeverering vir ontoereikende ouers en redes vir hierdie irrasionele heldeverering kon afgelei word. Omdat die dinamiek agter hierdie kinderheldeverering vir ontoereikende ouers beter verstaan is, kan die adolessente effektiewer begelei word om sin te maak uit die verwerping en kan hulle vorder in hulle helingsproses.

### 3.2.3 Onderhoud

Volgens Berg (2007:93) is daar drie tipes onderhoude, naamlik gestruktureerde, semi-gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoude.

Tydens gestruktureerde onderhoudvoering het die navorser `n stel vooropgestelde vrae wat tydens onderhoudvoering gevra word. Dit word opgestel om inligting te verkry oor die persoon se gedagtes, opinies en houdings ten opsigte van kwessies wat verband hou met die studie. Daar word glad nie van die vooropgestelde vrae afgewyk nie en geen addisionele vrae word gevra om enige inligting duideliker te maak nie. Navorsers tree objektief en neutraal op.

Tydens semi-gestruktureerde onderhoudvoering word die fokus van die onderhoud vooraf bepaal en sekere vrae kan vooraf opgestel word, sodat die kliënt by die tema van die studie bly. Die onderhoud verskaf egter vryheid, sodat die kliënt sy mening, gevoelens en houdings teenoor aspekte kan uitspreek en selfs oor dinge kan praat wat die onderhoudvoerder nie aanvanklik voorsien het nie.

Tydens ongestruktureerde onderhoude begin die onderhoudvoerder met die aanname dat hulle nie vooraf weet of kan bepaal watter vrae gevra moet word nie. Hulle neem ook aan dat nie alle persone dieselfde antwoorde vir vrae sal gee nie. Onderhoudvoerders moet dus

aanpas en vrae aanpas by elke situasie, sodat dit steeds by die doel van die ondersoek uitkom. Relevante vrae ontstaan gedurende die interaksie in die onderhoud.

Vir die doel van die in-diepte gevallestudies wat onderneem is, is semi-gestruktureerde onderhoudvoering gebruik.

***(a) Motivering vir die gebruik van `n onderhoud***

Die hoofdoel van die semi-gestruktureerde onderhoud is om die deelnemers vryheid te gee om oor hul verhouding met hul ouers te praat. Hulle is ook die geleentheid gegee om bykomende relevante inligting te gee. Dit het die navorser die geleentheid gegee om inligting te bekom oor die adolessente se emosies, kognisies en houdings wat verband hou met hul lojaliteit teenoor hulle ouers.

***(b) Data-insameling***

Data-insameling het plaasgevind op die skoolterrein waar die adolessente tans skoolgaan. Die navorser het probeer om `n rustige omgewing te skep waar adolessente op `n een-tot-een basis gemaklik kon voel om persoonlike inligting te deel. Daar is vooraf op die fokus van die onderhoud besluit, naamlik die ouer-kind-verhouding en vrae is gevra om inligting rakende hierdie tema te bekom. Die onderhoude is op band geneem en getranskribeer vir data-analise.

***(c) Data-analise***

Die doel van die data-analise is om herhalende temas in die onderhoud wat verband hou met die onderwerp te identifiseer en om inligting in duidelike kategorieë en temas te plaas.

Die volgende struktuur is gebruik om inligting wat tydens die onderhoude ingesamel is, te interpreteer:

i. Identifiserende besonderhede
ii. Relevante agtergrondgegewens
iii. Die data wat tydens die onderhoude verkry is, is geanaliseer deur van die volgende kategorieë van die relasieteorie gebruik te maak (Grové, 2006:10-19):

- Ego (die "ek"): Die ego kan gesien word as die geestelike dimensie of entiteit van menswees, wat geïntegreerd met alle ander dimensies van persoonwees bestaan. Die ego poog om enersyds die leefwêreld te ken en daarin te funksioneer en andersyds die persoon se bewuswording van hom/haar te struktureer, sodat identiteitsvorming kan geskied. Wanneer die ego bedreig word, gebruik die individu sekere verdedigingsmeganismes om die ego te verdedig. Verdedigingsmeganismes word deur Grové (2006:10) soos volg gedefinieer: "Verdedigingsmeganismes is onbewuste gedragspatrone wat `n persoon toepas om hom/haar teen gevoelens van angs, verleentheid, minderwaardigheid en skuldgevoelens te beskerm en wat verhoed dat hierdie gevoelens tot die bewuste deurdring". Aangesien dié meganismes aangewend word om die onbewuste, psigiese inhoude te hanteer, is die persoon nie daarvan bewus dat hy/sy `n verdedigingsmeganisme gebruik nie en ook nie bewus van die dieperliggende redes vir sy/haar verdedigende gedrag nie (Meyer et al., 2000:71).
- Self: Die self druk die eenheid van die persoonlikheid as `n geheel uit. Dit is `n somtotaal van alles wat `n persoon syne kan noem en sluit idees, houdings, gedagtes en waardes in. Die self word opgebou uit ervarings wat positief of negatief is.
- Gevoelens: Gevoelens hou verband met die emosionele dimensie. `n Persoon kan gevoelens van byvoorbeeld opgewondenheid, teleurstelling, frustrasie en tevredenheid beleef. Ervarings word nie in `n vakuum beleef nie, maar hou verband met die persoon se situasie.
- Betekenisgewing: Betekenisgewing is die betekenis wat `n persoon gee aan objekte, norme en idees in sy of haar wêreld. Hierdie betekenisgewing is uniek tot elke persoon, omdat dit slegs bestaan in die gedagtes van die mens wat dit verstaan. Dit dring deur die struktuur van betekenisse aan die self en die persoon se selfidentiteit en beïnvloed hoe `n persoon verhoudings vorm.
- Betrokkenheid: Betrokkenheid word deur van Zyl (in Grové, 2006:17) soos volg gedefinieer: "Betrokkenheid is daardie gemoeidheid van `n persoon by `n besondere situasie, waardeur hy tot aksie oorgaan". Betrokkenheid verwys na die fisiese en psigologiese handeling wat verband hou met die gee van aandag, aan `n persoon of

saak, omdat die persoon dit wil doen. Hierdie betrokkenheid lei tot die bereiking van doelwitte en affekteer die denke, gevoel en gedrag.

- Belewing: `n Bepaalde situasie kan op grond van `n persoon se belewing as hoofsaaklik aangenaam of onaangenaam ervaar word (Jacobs & Lessing, 2000:79). Omdat belewing gevoelsmatig van aard is, word die kwaliteit van verhoudings ook daardeur bepaal. Volgens Crous (in Grové, 2006:18) het volwassenes beter kognitiewe kontrole oor hulle gevoelens. Hierteenoor funksioneer kinders meer op gevoelsmatige vlak. Crous is ook van mening dat kinders nog baie realiteits- en konkreetgebonde is.
- Identiteite: Identiteite verwys na die betekenisse wat die persoon aan hom- of haarself gee. Identiteit is die antwoord op die vraag: "Wie is ek?". Identiteite word gevorm deur die sterkte van `n persoon se betrokkenheid by mense, dinge en self. Wanneer `n persoon se identiteit nie ten volle ontwikkel is nie, kan dit negatief beïnvloed word deur die portuurgroep of ouers.
- Selfkonsep: Die selfkonsep kan gesien word as waardes wat die persoon aan hom of haarself heg en kan gesien word as die totaal van al die verskillende selfidentiteite. Die vraag: "Wat dink ek van myself?" word beantwoord.
- Intrapsigiese dialoog: Die intrapsigiese dialoog is `n selfgesprek, waar die persoon in gesprek met hom-/haarself is. Die selfgesprek word beïnvloed deur `n persoon se kennis van hom-/haarself, sy identiteite in al sy fasette, sy selfkonsep, sy subjektiewe norme, waardes, ideale en verhoudings met betekenisvolle persone in sy/haar leefwêreld.
- Verhoudings: As gevolg van die mens se sosiale aard kan hulle nooit geïsoleerd in `n wêreld staan nie en vorm daarom verhoudings met ander persone in hul leefwêreld. Hierdie verhoudings kan `n positiewe of negatiewe konnotasie hê en kan aangemoedig of vermy word.

## 3.2.4 Kinetiese Gesinstekening

Tekeninge is `n projektiewe, diagnostiese tegniek waar `n individu `n tekening van sy of haar gesin maak. Hierdeur kan sy of haar kognitiewe, interpersoonlike of sielkundige funksionering bepaal word (Groth-Marnat, 1997). In 1970 het Burns en Kaufman `n metode ontwikkel waar hulle vir kinders gevra het om hulle gesinne te teken waar almal besig is om iets te doen. Hulle het gehoop dat, indien beweging by die akinetiese figure gevoeg word, dit sou help om `n kind se gevoelens te projekteer, nie net dit wat verband hou met sy of haar selfkonsep nie, maar dat dit ook lig sal werp op interpersoonlike verhoudings (Burns & Kaufman, 1972:2).

***(a) Motivering vir die gebruik van `n Kinetiese Gesinstekening***

Tekeninge is dikwels `n middel tot uitdrukking, waarin gevoelens uitgedruk kan word. Die Kinetiese Gesinstekening is `n projektiewe, diagnostiese tegniek wat die navorser insig kan gee in die subjektiewe leefwêreld van die adolessent, wat nie noodwendig vanuit hul verbale voorstelling na vore kom nie. Volgens Burns en Kaufman (1972:2) reflekteer die KFD ook primêre versteurings vinniger en meer voldoende as onderhoude of ander assesseringsmetodes.

***(b) Data-insameling***

Tekeninge is individueel deur elke adolessent gemaak. Die adolessent het by `n tafel gesit. `n Wit A4 papier is op die tafel voor haar geplaas met kleurpotlode in die middel van die papier. Die adolessent is deur die navorser gevra om `n prentjie van almal in haar gesin te teken. Hierdie prentjie sluit haarself in en almal moet besig wees om iets te doen. Daar is ook vir die adolessent gevra om 'heel' mense te teken, nie tekenprente of stokmannetjies nie. Die adolessent is daaraan herinner dat almal iets moet doen. Die navorser het hierna die adolessent vir `n rukkie alleen gelaat en periodiek teruggekom, totdat die adolessent klaar geteken het. Geen tydlimiet is gegee nie (Burns & Kaufman, 1972:5). Hierna is vrae oor die tekening gevra, byvoorbeeld: wat gebeur in die tekening en wie is die onderskeie persone wat geteken is?

***(c) Data-analise***

Die analisering van die tekening is met behulp van die handleiding *Actions, Styles and Symbols in Kinetic Family Drawings* deur Burns en Kaufman (1972) gedoen.

Die eerste indrukke wat verkry is deur na die tekening te kyk, is neergeskryf. Daar is ook gekyk na sekere eienskappe van die tekening, byvoorbeeld: is sekere gesinslede of liggaamsdele uitgelaat, waar word die onderskeie gesinslede geteken en waarmee is hulle besig, is die figure realisties of het die adolessent sekere veranderinge aangebring, is sekere figure bo die ander geplaas en is daar sekere dele of gesinslede wat uitgevee is.

## 3.2.5 Sacks Onvoltooide Sinnetoets

Die Sacks Onvoltooide Sinnetoets (SSCT) is deur Dr Joseph M. Sacks en ander sielkundiges van die 'New York Veterans Administration Mental Hygiene Services', ontwikkel. Die Sacks Onvoltooide Sinnetoets is `n gestandaardiseerde toets wat kwantitatiewe routellings verskaf, maar kwalitatief geïnterpreteer word. Dit verskaf insig in die respondent se houdings en gevoelens ten opsigte van die volgende afdelings: gesin, seksuele sake, interpersoonlike verhoudings en die selfkonsep (Abt & Bellak, 1959:370). Die afdeling oor die gesin sluit houdings in wat die respondent teenoor sy ma, pa en die gesinseenheid ervaar. Die seksuele sake sluit houdings teenoor die huwelik, vrouens en heteroseksuele verhoudings in. Die afdeling oor interpersoonlike verhoudings sluit houdings teenoor vriende, kennisse, kollegas, portuurgroep en meerderes in. Die afdeling oor die selfkonsep sluit vrese, skuldgevoelens, doelwitte en houdings teenoor die persoon se eie vermoëns in, wat verband hou met die verlede en die toekoms (Abt & Bellak, 1959:370-371).

Die toets is betroubaar en geldig. In die betroubaarheid en geldigheidstoetse is gebeurlikheidskoëffisiënte van 0.48 en 0.57 verkry, met standaardafwykings van 0.02 en 0.03. Hierdie resultate vergelyk gunstig met die resultate wat verkry is in geldigheidstoetse van ander toetse, soos die TAT en Rorschach, wat gebruik word om persoonlikheid te bestudeer (Abt & Bellak, 1959:372).

Die Onvoltooide Sinnetoets kan individueel of in groepsverband afgelê word en dit neem ongeveer twintig tot veertig minute om te voltooi. Vir die doel van hierdie studie is die onvoltooide sinnetoets individueel deur elke adolessent afgelê. Item 56 is aangepas om dit minder bedreigend vir die adolessent te maak. Die oorspronklike item 'My sekslewe...' is verander na 'My siening van seks...'.

***(a) Motivering vir die gebruik van `n Sacks Onvoltooide Sinnetoets***

Die Sacks Onvoltooide Sinnetoets is `n projeksietoets wat opgestel is om inligting oor `n individu se bewustelike, voorbewustelike en selfs onbewuste gedagtes en gevoelens te verkry (Hart, 2003:250). Daar word aangeneem dat individue iets van hulself in die response sal projekteer.

Die gebruik van onvoltooide sinnetoetse word in Abt en Bellak (1959:364) soos volg beskryf: "The sentence completion device in which the subject is asked to read to himself, the forepart of a sentence is essentially a projection technique utilizing free association. In unconstrained response to sentence beginnings, the subject inadvertently reveals his true self, since there is no way in which he can anticipate the significance of his answers...". Insig kan verkry word in die intrapsigiese prosesse van die adolessent op `n nie-bedreigende manier, omdat die adolessent sy of haar ware self ontbloot. Die Sacks Onvoltooide Sinnetoets is dus gekies om eerstens algemene inligting rakende die vier kategorieë in te samel. Tweedens is daar gefokus op die inligting wat verkry is in die afdeling oor ma, pa en die gesinseenheid, omdat dit verband hou met die dinamiek rakende kinderheldeverering vir ontoereikende ouers.

***(b) Data-insameling***

Die Sacks Onvoltooide Sinnetoets is aan die twee deelnemers gegee om tydens individuele sessies te voltooi. Die toets is by die skool afgeneem op `n tyd wat geskik was vir die adolessente. `n Kopie van die toets is aan elke adolessent gegee, asook `n potlood en uitveër. Die volgende instruksies is aan die leerders voorgelees, voordat hulle die toets afgelê het: "Hieronder verskyn sestig onvoltooide sinne. Lees elkeen deur en voltooi die sinne deur die gedagte wat eerste by jou opkom, neer te skryf. Werk so vinnig as wat jy kan.

Indien jy `n sin nie dadelik kan voltooi nie, trek `n kring om die nommer en voltooi dit later. Waar daar woorde tussen hakies verskyn, moet dit gebruik word om die sin te voltooi" (Abt & Bellak, 1959:377).

***(c) Data-analise***

Nadat die adolessente die toets voltooi het, is dit deur die navorser deurgelees om `n algehele indruk te verkry. Hierna is die antwoorde weer deurgelees en notas gemaak om enige herhalende temas te identifiseer. Die toets is geïnterpreteer deur van die riglyne en norme gebruik te maak, soos uiteengesit in Abt en Bellak (1959:379). Die 60 items waaruit die toets bestaan verskaf inligting oor 15 verskillende kategorieë en word volgens die volgende skaal geïnterpreteer:

- 2 dui `n ernstige versteuring aan: Dit kom voor of die respondent terapeutiese hulp benodig om die emosionele konflik in hierdie area te hanteer.
- 1 dui `n matige versteuring aan: Die respondent het emosionele konflik in hierdie area, maar dit kom voor dat hulle dit sonder terapeutiese hulp kan hanteer.
- 0 dui geen betekenisvolle versteuring in hierdie area aan nie.
- X dui op onbekend, as gevolg van `n tekort aan inligting in hierdie area.

Die vier tipes antwoorde vir elkeen van die 15 kategorieë wat in Tabel 3.1 aangedui word, is saam geanaliseer. Hierna is `n globale assesseringspunt aan elkeen volgens die bogenoemde skaal toegeken.

**Tabel 3.1 Verskillende kategorieë en items van die Sacks Onvoltooide Sinnetoets**

| | ITEM | KATEGORIE |
|---|---|---|
| 1 | 14,29,44,59 | Houding teenoor my ma<br>• My ma...<br>• My ma en ek...<br>• Ek dink dat die meeste moeders...<br>• Ek hou van my ma, maar... |
| 2 | 1,16,31,46 | Houding teenoor my pa<br>• Ek voel dat my pa selde...<br>• As my pa net...<br>• Ek wens my pa...<br>• Ek voel my pa is... |
| 3 | 12,27,42,57 | Houding teenoor my gesinseenheid<br>• My gesin (in vergelyking met die meeste ander gesinne)...<br>• My gesin behandel my soos...<br>• Die meeste gesinne wat ek ken...<br>• Toe ek `n jong kind was (my gesin)... |
| 4 | 10,25,40,55 | Houding teenoor vrouens<br>• My idee van die perfekte vrou...<br>• Ek dink meeste meisies...<br>• Ek glo dat die meeste vrouens...<br>• Wat ek die minste van vrouens hou... |
| 5 | 11,26,41,56 | Houding teenoor heteroseksuele verhoudings<br>• As ek `n man en `n vrou saam sien...<br>• My gevoel oor die getroude lewe is...<br>• As ek seksuele verhoudings gehad het...<br>• My siening van seks... |
| 6 | 8,23,28,53 | Houding teenoor vriende en kennisse<br>• Ek voel dat `n ware vriend...<br>• Ek hou nie van mense wat...<br>• Die kinders saam met wie ek skoolgaan, is...<br>• Wanneer ek nie by is nie (my vriende)... |
| 7 | 6,21,36,51 | Houding teenoor meerderes by die werk of skool<br>• Die mansonderwysers in ons skool...<br>• My onderwysers op skool...<br>• As ek die skoolhoof sien kom...<br>• Mense wat ek as my meerderes beskou... |
| 8 | 4,19,34,48 | Houding teenoor persone onder my toesig<br>• As ek in beheer was...<br>• As mense eendag vir my werk...<br>• Die kinders wat vir my iets doen...<br>• Wanneer ek aan ander bevele gee (ek)... |
| 9 | 13,28,43,58 | Houding teenoor kollegas by die werk of skool<br>• By die skool kom ek die beste oor die weg met...<br>• Die kinders saam met wie ek skoolgaan, is...<br>• Ek hou daarvan om met mense te werk wat...<br>• My vriende wat saam met my skoolgaan (gewoonlik)... |

| | | |
|---|---|---|
| 10 | 7,22,37,52 | Vrese<br>• Ek weet dit klink verspot, maar ek is bang vir...<br>• Meeste van my vriende weet nie dat ek bang is vir...<br>• Ek wens ek kan ontslae raak van die vrees vir...<br>• My vrese dwing my soms om... |
| 11 | 15,30,45,60 | Skuldgevoelens<br>• Ek sal enigiets doen om van die tyd te vergeet toe ek...<br>• My grootste fout was...<br>• Toe ek jonger was, het ek skuldig gevoel oor...<br>• Die ergste ding wat ek nog ooit gedoen het... |
| 12 | 2,17,32,47 | Houding teenoor my eie vermoëns<br>• Wanneer die geluk teen my is...<br>• Ek glo dat ek die vermoë het om...<br>• My grootste swakheid is...<br>• Wanneer die geluk teen my draai... |
| 13 | 9,24,39,54 | Houding teenoor my verlede<br>• Toe ek `n kind was...<br>• Voordat ek nog op skool was...<br>• As ek nog jonger was...<br>• Wat ek die duidelikste uit my kinderdae onthou... |
| 14 | 5,20,35,50 | Houding teenoor my toekoms<br>• Vir my lyk die toekoms...<br>• Ek sien uit na...<br>• Ek sal eendag...<br>• Wanneer ek ouer is... |
| 15 | 3,18,33,49 | Doelwitte<br>• Ek wou nog altyd...<br>• Ek sou ontsettend gelukkig wees as...<br>• My geheime ambisie in die lewe...<br>• Wat ek die graagste van die lewe wil hê... |

Bron: Abt en Bellak (1959:379-382).

## 3.2.6 Kwantitatiewe navorsing: Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys

Vir die doel van hierdie studie is die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys gebruik om insig in die persoonlikhede van die deelnemers te verkry.

Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys is die resultaat van uitgebreide navorsing en is in die VSA deur Raymond B. Cattell en Mary D.L. Cattell ontwikkel (Madge & Du Toit, 1985:25). Hierdie vraelys verskaf inligting oor `n groot aantal persoonlikheidsdimensies. Dit is vir gebruik in Suid-Afrika deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing van die Raad vir

Geesteswetenskaplike Navorsing aangepas. Dit is vir die ouderdom 13 tot 18 jaar gestandaardiseer.

Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys meet veertien faktoriaal onafhanklike persoonlikheidsdimensies. Daar is 14 primêre faktore in die vraelys en twee sekondêre (tweede orde) faktore wat later bereken word deur van sommige van die primêre faktore gebruik te maak. Elke faktor word op `n bipolêre kontinuum voorgestel. Die linkerkantste pool verteenwoordig `n stientelling van een tot drie en die regterkantste pool verteenwoordig `n stientelling van agt tot tien. Gemiddelde tellings is die stienwaardes, vier tot sewe. Die uiterste stienwaardes verteenwoordig `n persoon in die onderste (een tot drie) of boonste (agt tot tien), 10 of 15 persent van die bevolking, ten opsigte van die betrokke eienskap. Daar moet egter gewaak word teen die aanname dat die hoë pool goed en die lae pool swak is. Die linkerkantste of regterkantste pool kan soms voordelig wees, afhangende van die betekenis van die faktor (Madge & Du Toit, 1985:8).

Die betroubaarheid van die toets is bepaal deur van die toets-hertoets metode gebruik te maak. Die hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënte vir Engels- en Afrikaanssprekende leerders vir vorm A en vorm B word apart in die handleiding uiteengesit. Vir vorm A wissel die betroubaarheidskoëffisiënte tussen 0,43 en 0,96 (Madge & Du Toit, 1985:26-27).

Konstruksiegeldigheid van die toets word as geldigheidskoëffisiënte, wat op ekwivalensiekoëffisiënte gebaseer is, weergegee en wissel tussen 0,50 en 0,84.

Die veertien primêre faktore van die vraelys word in Tabel 3.2 weergegee. Twee sekondêre faktore, naamlik Angs-Aanpassing en Ekstraversie-Introversie kan bereken word deur `n formule te gebruik waar primêre stientellings gekombineer word (Madge & Du Toit, 1985:24).

**Tabel 3.2 Die veertien primêre faktore van die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys**

| FAKTOR | LAE TELLING BESKRYWING | STIENTELLING | | | | | | | | | | HOË TELLING BESKRYWING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | |
| A | Teruggetrokke | | | | | | | | | | | Hartlik |
| B | Konkreetheid | | | | | | | | | | | Abstrakte denke |
| C | Beïnvloed deur gevoelens (Egoswak) | | | | | | | | | | | Emosioneel stabiel (Egosterk) |
| D | Flegmatiese temperament | | | | | | | | | | | Prikkelbaarheid |
| E | Onderdanig | | | | | | | | | | | Dominant |
| F | Soberheid | | | | | | | | | | | Entoesiasties/Sorgvry heid |
| G | Opportunisties | | | | | | | | | | | Pligsgetrou |
| H | Skaam/Skugterheid | | | | | | | | | | | Waaghalsig/Sosiale vrypostigheid |
| I | Ontoegeeflikheid | | | | | | | | | | | Teerhartig/ Emosionele gevoeligheid |
| J | Lewenslustigheid | | | | | | | | | | | Versigtige individualisme |
| O | Selfversekerd | | | | | | | | | | | Bevreesd/ Geneigdheid tot skuldgevoelens |
| Q2 | Sosiaal/ Groepafhanklik | | | | | | | | | | | Selfgenoegsaam |
| Q3 | Onbeheersd (Lae selfsentiment-integrasie) | | | | | | | | | | | Beheersd (sterk selfsentiment) |
| Q4 | Ontspanne | | | | | | | | | | | Gespanne |
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | |

Bron: Madge en Du Toit (1985:9-19).

### *(a) Motivering vir die gebruik van `n Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys*

Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys is as `n kwantitatiewe inligtingsbron geselekteer omdat dit ryk inligting oor die persoonlikheidsamestelling van adolessente tussen die ouderdom van 13 tot 18 jaar kan verskaf. `n Adolessent se persoonlikheid is die

georganiseerde en gestruktureerde geheel van al die adolessent se eienskappe en vermoëns. Dit is ook dinamies en verander voortdurend. Verskillende verhoudings, soos byvoorbeeld die verhouding wat die adolessent met sy of haar ouers het, het ook `n invloed op die vorming van die adolessent se persoonlikheid. Deur adolessente wat kinderheldeverering vir ontoereikende ouers toon se persoonlikheidsamestellings met mekaar te vergelyk en sodoende verskille en ooreenkomste aan te dui, kan waardevolle insig in hierdie verskynsel deur die navorser verkry word.

***(b) Data-insameling***

Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys bestaan onderskeidelik uit `n vorm A en B. Elke vorm bevat 142 items. Die toets het nie `n tydsberekening nie, maar dit neem ongeveer veertig tot vyftig minute om `n vorm te voltooi.

Wanneer die toets afgelê word, is dit belangrik dat die adolessente `n gerieflike sitplek en voldoende skryfruimte het. Daar moet ook geen steurende faktore wees nie (Madge & Du Toit, 1985:4).

Vorm A van die vraelys is deur die adolessente voltooi. Die adolessente het potlode en uitveërs gebruik om die vraelys te voltooi, op `n antwoordblad wat vooraf deur die navorser verskaf is. Die navorser het die toets by die skool afgeneem, in `n klaskamer wat deur die skool aangewys is. Instruksies is vooraf deur die navorser aan die adolessent voorgelees en enige vrae wat die adolessent gehad het, is beantwoord. Daar is ook aan die adolessent verduidelik dat daar nie regte en verkeerde antwoorde is nie en elke respons uniek is vir elke persoon.

***(c) Data-analise***

Die vraelys is nagesien en geïnterpreteer deur gebruik te maak van die riglyne en norme soos uiteengesit in die Handleiding vir die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys deur Madge en Du Toit (1985).

Voordat die antwoordblad nagesien is, is daar eers seker gemaak dat net een antwoord by elke vraag gemerk is. Daar is ook seker gemaak dat antwoorde nie net meganies gemerk is,

byvoorbeeld al die regterkantse antwoorde, nie. Die antwoordblad vir handnasien is nagesien deur twee nasienmaskers, 679 PP en 680 PP, te gebruik.

Voordat die tellings geïnterpreteer is, is die onverwerkte tellings wat regs op die antwoordblad getabuleer is, in standaardpuntetellings, naamlik stiene (`n telling van een tot tien) omgesit. Die onverwerkte telling in die toepaslike kolom vir die faktor in die tabel is gevind. Daarna is die standaardtelling in die regterkantste of linkerkantste kolom in die tabel afgelees. Hierdeur is dit moontlik om die adolessent ook relatief tot ander seuns en dogters van sy of haar ouderdom, ten opsigte van die verskillende persoonlikheidseienskappe, hoër of laer as die gemiddelde te plaas.

## 3.3 ETIESE OORWEGINGS

Dit is belangrik dat etiese aspekte tydens die navorsingsproses in gedagte gehou moet word, omdat geen data ooit ten koste van enige persoon ingesamel moet word nie. Volgens Strydom (in De Vos, 2002:63) is etiese oorwegings so belangrik dat dit moet deel word van die navorser se persoonlikheid om sodoende eties korrekte besluite regdeur sy of haar lewe te neem. Hierdie etiese oorwegings word soos volg beskryf: “Ethics is a set of moral principles that are suggested by an individual or group, are subsequently widely accepted, and offer rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students”. Vir die navorser om eties korrek op te tree, moet die volgende etiese oorwegings in gedagte gehou word, soos uiteengesit in Strydom (in De Vos, 2002:63-74).

### 3.3.1 Beskerming van deelnemers

Wanneer deelnemers vir `n studie gebruik word, bestaan daar die moontlikheid dat die deelnemers fisiese en/of emosionele leed aangedoen kan word. Hierdie feit is regdeur die studie deur die navorser in gedagte gehou. Daar is tydens die studie ondersoek ingestel na die verhoudings tussen die adolessent en sy of haar ontoereikende ouers. Tydens so `n ondersoek bestaan daar die moontlikheid dat hierdie herlewing van gebeure in die verlede,

sekondêre trauma kan veroorsaak. Deelnemers is vooraf deur die navorser ingelig oor die potensiële impak van die studie en is die kans gegun om te onttrek, indien hulle dit sou nodig vind. Die onderhoude en ondersoek is met uiterse sensitiwiteit deur die navorser onderneem. Die studie het plaasgevind in `n ondersteunende en terapeutiese konteks, sodat die adolessente voordeel kon trek uit die studie. Terugvoer oor bevindinge is aan die adolessente gegee. Die navorser het ook sover moontlik verseker dat sy genoegsame vaardighede het om die ondersoek uit te voer. Die beëindiging van die studie is sensitief hanteer en deelnemers is die geleentheid gegee om te ontlaai. Die deelnemers is na die beëindiging van die studie versoek om die navorser te kontak indien hulle enige verdere psigiese ondersteuning en terapie nodig het.

### 3.3.2 Ingeligte toestemmingsbrief

Die ingeligte toestemmingsbrief is `n noodsaaklikheid en alvorens die brief deur die ouer/voog ingevul word, moet die navorser daarvan oortuig wees dat die deelnemer en ouer/voog wettiglik en psigologies bevoeg is om toestemming te gee (Strydom in De Vos, 2002:65). Die volgende inligting is in die toestemmingsbrief weergegee:

- Inligting van die studie sodat die ouer/voog en deelnemers die omvang van die studie kon verstaan.
- Die prosedures wat tydens die ondersoek plaasgevind het is duidelik uiteengesit.
- Die deelnemers is ook van die vertroulikheid van al die inligting verseker.

Daar is toestemming van die hoërskoolhoof vir die navorsingsprojek verkry (hy was egter nie bewus van die identiteite van die deelnemers nie) en die ouer/voog het skriftelik toestemming gegee dat hul kind aan die navorsingsprojek mag deelneem. Voor en gedurende die studie is geleenthede vir vrae geskep. Alle inligting in die studie is vertroulik gehou en skuilname is gebruik om die identiteite en privaatheid van die deelnemers te beskerm. Slegs die navorser was regdeur die studie bewus van die identiteite van die deelnemers.

## 3.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsontwerp bespreek om te beskryf hoe die navorser te werk gegaan het om die navorsingsvraag: Waarom verdedig kinders ontoereikende ouers en behou heldeverering vir hulle, te beantwoord. Die sub-probleme wat in die studie aangespreek is, is ook genoem.

Hierna is die verskillende tipes navorsingbenaderings wat in die studie gebruik is bespreek. Die onderskeie media wat in die studie gebruik is, is met betrekking tot hul teoretiese agtergrond, motivering vir gebruik, manier van data-insameling, asook data-analise onderskeidelik bespreek.

In hoofstuk 4 vind die bespreking, analisering en interpretasie van die data wat in die empiriese ondersoek verkry is, plaas.

# 4 Bespreking van resultate

## 4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die navorsingsontwerp en metodologie bespreek. In hierdie hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek bespreek.

In die inleidende hoofstuk is die doel van die studie gemeld, naamlik om die verskillende redes vir die irrasionele lojaliteit vir en die rasionalisasie oor die verwaarlosing en mishandeling waaraan kinders van ontoereikende ouers onderwerp word, na te vors. Die bevindings van die studie word vervolgens bespreek.

## 4.2 GEVALLESTUDIES

Die twee gevallestudies word aan die hand van identifiserende besonderhede, relevante agtergrondgegewens en interpretasie van verkenningsmedia bespreek. Soos gemeld in hoofstuk 3 sluit die verkenningsmedia wat gebruik is, die volgende in: onderhoude, die Kinetiese Gesinstekening, Sacks Onvoltooide Sinnetoets en die Hoërskoolpersoonlikheids-vraelys.

### 4.2.1 Gevallestudie een: Suné

#### 4.2.1.1 Identifiserende besonderhede

| | |
|---|---|
| Naam: | Suné (skuilnaam) |
| Geslag: | Vroulik |
| Kronologiese ouderdom: | 16 jaar 9 maande |
| Huistaal: | Afrikaans |
| Graad: | 11 |

### 4.2.1.2 Relevante agtergrondgegewens

Suné is die oudste van twee kinders. Sy bly in `n klein dorpie wat ver van die skool is en daarom moet sy in die koshuis bly. Sy het nog nooit `n graad herhaal nie, is intelligent en doen huidiglik redelik goed op skool. Akademiese prestasie is vir haar baie belangrik omdat sy voel dat indien sy op skool goed doen, haar ouers trots sal wees op haar. Sy neem ook aan verskeie buitemuurse aktiwiteite deel.

Haar ma werk by `n skool en haar pa doen los werkies, soos byvoorbeeld bouwerk. Hy is egter dikwels sonder werk. Tydens die onderhoudvoering het dit ook aan die lig gekom dat Suné, haar ma en broer al tevore deur haar pa mishandel is toe Suné in die laerskool was. Sy beskryf haar en haar pa se verhouding tydens die onderhoudvoering soos volg: “Wanneer ek met hom praat en vashou en verduidelik, en dan sien ek so op na hom en hy’s my hero, en dan skielik is dit net weg, dan draai hy uit in hierdie vieslike persoon wat so tekere gaan”.

### 4.2.1.3 Interpretasie van verkenningsmedia

***(a) Onderhoud***

Die onderhoude en ander verkenningsmedia is deur die navorser afgeneem, van April tot Junie 2010 en het by Suné se skool plaasgevind. Suné was op haar gemak gedurende die onderhoude. Haar emosies het gewissel van opgewondenheid tot woede en hartseer.

Die data wat tydens die onderhoude verkry is, is geanaliseer deur van die kategorieë van die relasieteorie gebruik te maak. Elkeen van hierdie kategorieë word vervolgens volledig bespreek.

*i. Ego*

Uit die onderhoude kan daar afgelei word dat Suné as gevolg van haar negatiewe ervarings emosionele onveiligheid beleef. Sy maak van die volgende verdedigingsmeganismes gebruik ten einde haar ego te beskerm:

- Verdringing: Enige negatiewe emosies wat Suné teenoor haar pa ervaar, is in konflik met haar heldeverering vir haar pa en hierdie gedagtes word na die onbewuste verban, sodat sy nie meer daarvan bewus is nie.
- Rasionalisering: Suné sê dat haar pa haar uit liefde slaan omdat hy wil hê sy moet die beste wees en goed doen op skool.
- Identifikasie: Suné glo dat sy haarself net met haar pa kan identifiseer.
- Ontkenning: Suné het genoem dat sy naderhand gedink het haar pa het hulle nie rêrig fisies mishandel nie – hy het hulle eerder net `n pakslae gegee.
- Verplasing: Suné neem haar ma kwalik vir die mishandeling wat plaasgevind het. Die vraag word gevra of die woede wat Suné teenoor haar pa ervaar, verplaas word na haar ma. Hierdeur kan sy steeds kwaad wees vir iemand, maar ook haar heldeverering vir haar pa behou.

*ii. Self*

Suné groei op in `n problematiese opvoedingsituasie en het tot dusver baie negatiewe ervarings beleef. Haar self kan moontlik rondom hierdie negatiewe ervarings gebou word. Soms klink dit of sy haarself positief beleef en ander kere weer negatief. Sy het egter `n toekomsvisie om `n sukses van haar lewe te maak en die wil om dit wel te doen.

Die navorser het gevra wat sy sou wou wees indien sy haarself met iets kon vergelyk (metafoor). Haar antwoord was: "Ek dink ek is `n ketel. Ek kan baie warm word as ek kwaad raak maar almal het my nodig, almal het koffie nodig, ek's `n ketel. Ek gee koffie vir ander, dan maak ek hulle beter voel en dan het hulle krag vir die dag. Die koppies is my maatjies. Ek moet met iemand praat. Ek hou daarvan om mense te help. Dis soos, as hulle na my toe kom met hulle probleme dan voel ek ek's belangrik. Iemand hang van my af...". Uit haar selfbeskrywing deur middel van die metafoor wil dit voorkom of sy vinnig kwaad word. Die moontlikheid bestaan dat sy emosionele ondersteuning en aanvaarding van ander om haar soek, omdat sy nie emosionele intimiteit in haar gesin ervaar nie.

*iii. Gevoelens (ervarings)*

Suné ervaar `n verskeidenheid emosies byvoorbeeld verwerping, verwardheid, teleurstelling, frustrasie, vrees, hartseer, woede en moedeloosheid. Sy sê ook dat sy opgewonde voel omdat haar gesinslede wel vir haar lief is. Tydens die onderhoud het ons gesels oor verskillende emosies en sy antwoord: "Ja, my pa sê ek mag nie emosies hê nie. Solank ek nie emosies het nie, kan ek met hom gaan praat. Ek's te emosioneel. Emosies is `n menslik aangeleerde ding wat mense nie moet hê nie. Hy't obviously nie". Omdat haar pa nie daarvan hou dat sy enige emosies wys nie, identifiseer sy waarskynlik daarmee en glo dat sekere gevoelens (soos om kwaad te word vir haar pa) verkeerd is. Dit kan lei tot die ontkenning en onderdrukking van emosies.

*iv. Betekenisgewing*

Suné se betekenisgewing is tans onrealisties omdat sy enersyds haar pa as haar held beskou, maar andersyds met die werklikheid moet saamleef dat hy hulle fisies mishandel het. Dit is vir haar baie belangrik wat haar pa van haar dink en sy gebruik ook hierdie inligting om haar selfbeeld te bou. Sy voel dat sy haar pa gelukkig moet maak deur op skool te presteer. Sy noem ook dat haar pa altyd daar is vir haar, maar dat haar punte nooit goed genoeg is nie. Al kry sy 100% moes dit 120% gewees het. Sy sê dit maak haar kwaad en dan wil sy opgee, maar aan die ander kant dink sy hy doen dit omdat hy vir haar lief is en graag wil hê dat sy iets moet word. Hier gebruik sy die verdedigingsmeganisme van rasionalisering.

*v. Betrokkenheid*

Suné is intens betrokke by haar skoolwerk en wil graag `n sukses daarvan maak. Sy doen ook `n verskeidenheid buitemuurse aktiwiteite. Ongeag hierdie betrokkenheid, ervaar sy egter steeds frustrasie, angs en mislukking omdat niks ooit vir haar pa goed genoeg is nie. In die onderhoud sê sy: "Ek weet wat my pa oor 83% gaan sê. Ek weet ook wat hy oor 98% gaan sê. Dit is nie goed genoeg nie". Omdat sy voel dat niks ooit goed genoeg is nie, kan dit bydra tot `n minderwaardigheidsgevoel.

*vi. Belewing*

Suné groei in `n omgewing op wat deur konflik en onsekerheid gekenmerk word. Daar kan afgelei word dat haar belewings binne haar omgewing hoofsaaklik onaangenaam was. Omdat belewing gevoelsmatig van aard is en die kwaliteit van verhoudings daardeur bepaal word, kan daar afgelei word dat Suné oor die algemeen negatiewe verhoudings met haar ouers gevorm het.

*vii. Identiteite*

As adolessent is Suné in die proses van identiteitsvorming. Sy noem haarself `n leerder, kind, vriendin, vyand (van vorige vriende), meisie/vrou, trooster en leier. Wanneer daar na die psigososiale teorie van Erikson gekyk word, is dit ook moontlik dat Suné langer kan neem om `n eie identiteit te ontwikkel as gevolg van al haar negatiewe belewings soos wantroue, vertwyfeling, skuld en minderwaardigheid tydens vorige psigososiale ontwikkelingsfases. Dit is ook moontlik dat sy reeds `n vooruitbesliste identiteit gevorm het deur rolle te vervul bloot om aan haar pa se verwagtings te voldoen, sonder om werklik daarmee te identifiseer. Tydens die onderhoudvoering noem sy die volgende vereistes wat haar pa aan haar gestel het en wat sy doodeenvoudig moet bereik: Sy moet `n sukses maak. Sy moet goeie matriekuitslae kry. Sy moet goeie rapporte hê. Sy moet `n dux-leerder wees want dit is een van die vereistes wat haar pa aan haar vir haar hoërskooljare stel. Dit sal hom bietjie tevrede stel. Sy moet met `n ryk man trou. Sy moet goed doen op universiteit. Sy moet kwalifiseer as `n plastiese chirurg en daarna ryk word. Sy moet gerieflik lewe en haar familie kan wegvat met vakansie sonder dat geld `n faktor is. Sy moet altyd en te alle tye die beste wees, maak nie saak waarin nie.

*viii. Selfkonsep*

Suné se selfkonsep kan neig na `n onrealistiese positiewe selfkonsep, omdat haar pa baie hoë eise aan haar stel en sy voel dat sy dit moet bereik, ongeag wat. Dit kan daartoe lei dat sy enige swakheid wat sy mag hê nie sal aanvaar nie en soos `n mislukking sal voel indien sy nie aan al haar pa se vereistes voldoen nie. Die prentjie wat sy van haarself het, dui ook op

`n teenstelling, want sy sien haarself as "`n gorgeous girl maar ongelooflik vet". Verder noem sy haarself ook "vet en besonders".

*ix. Intrapsigiese dialoog*

Suné se selfgesprekke was van jongs af inkongruent. Aan die een kant sien sy haarself as sterk en aan die ander kant ervaar sy dat niks ooit goed genoeg is nie. Sy voel dat sy altyd die beste moet wees om haar pa tevrede te stel. Dit gebeur egter nie altyd nie en dan voel sy baie negatief. Sy sê: "Dit maak seer want dan voel dit alles is my skuld. Ek gaan die rede wees dat my pa erg sukkel". Sy glo sy sal ook slegs gelukkig wees indien haar pa gelukkig is en sy aan al die vereistes voldoen wat hy daarstel. Sy sê: "Hy het hoop in die lewe gekry by my sodat ek iets van myself kan maak nie en nie soos hy hoef te sukkel nie". Sy noem ook verder: "Dit het my die idee gegee dat hy op my depend. As ek nie `n sukses maak nie, dan is daar niks oor vir hom nie".

*x. Verhoudings (gesin)*

Dit wil voorkom of daar swak kommunikasie binne Suné se gesin is. Sy noem dat sy sukkel om met haar pa te praat, want dan wil sy altyd huil en hy wil nie met haar praat as sy huil nie. Sy voel ook nie deel van haar gesin nie. Sy noem dat sy "baie uniek voel en asof ek soort van nie by my ouers hoort nie". Sy sê ook dat haar senuwees aan `n draadjie hang wanneer daar `n bakleiery is. Dit is ook baie moeilik vir haar om ander te vertrou.

Suné het `n onbetrokke, outoritêre pa, maar smag steeds na sy goedkeuring en glo hy is die enigste een wat daar is vir haar. Sy sê: "Ek voel `n behoefte aan my pa en om hom gelukkig met my te maak" en "Alles wat ek doen is vir my pa. Hy is `n baie teer saak". Later tydens die onderhoud sê sy: "If I let my dad down – ek sal nie kan cope nie. Dit is die grootste doelwit in my lewe – om my pa gelukkig te maak. Eendag moet hy sê; sy't alles gedoen wat ek gedink het. Sy't dit bereik. Sy is wat ek gehoop het sy gaan wees". Sy sê dat, indien sy nie haar pa tevrede kan stel nie, sy net sowel kan opgee, omdat haar lewe dan sonder `n doel sal wees. Sy voel ook dat sy die meeste met haar pa kan identifiseer maar sê: "dalk gee hy iets voor wat hy nie is nie". Sy sê egter daarna dat haar pa altyd haar held sal bly, maar sy weet nie hoekom nie. "As ek hom net sien. Hy's die persoon wat altyd iets van my verwag...Ek probeer dit regmaak want ek wil hê my pa moet smile en hoop kry vir die lewe.


Hy moet vooruit kyk vir `n slag. Ek kan dit vir hom gee as ek `n sukses van myself maak". In `n latere onderhoud vertel sy dat haar pa haar in die laerskool geslaan het, maar dat sy dit net aanvaar het en gedink het dit is hoe dinge moet gebeur. Sy het gedink "my pa is `n violent persoon" en dit is hoe hy is. Sy sê ook dat sy altyd gedink het dis te veel, maar nou dink sy hy het haar net pak gegee. Sy sê ook dat hy haar ma met die plat hand of vuis geslaan het of haar met goed gegooi het. Deesdae haal hy dit egter op goed uit en is hardhandig. Haar broer kry nog baie pak. "Hy doen funny goed, maar steel nie meer nie. My pa het seker gemaak daarvan". Die navorser wys vir haar `n prent van `n pa en seuntjie, en vra wat sy dink in die prent gebeur? Sy antwoord: "...Ek het `n ding vir pa's omdat ek hom so ophemel. Dit is iets waarmee ek my kan identifiseer. Ek is my pa se kind. Naby aan hom". Sy beskryf haar verhouding met haar pa soos volg: "Hy is my held en my idol. Ek wil altyd hom gelukkig hê. Ek wil great wees in sy oë. Ek soek my pappa se trots en om te sê ek's sy dogter". Sy sê ook: "Sonder my pa is ek niks nie...". In `n volgende onderhoud het Suné en haar pa `n uitval gehad en sy was bang om huis toe te gaan. Sy sê: "Ek was verskriklik bang. Ek wou nie gehad het hy moes huis toe kom nie. Ek het geweet ek gaan pakslae kry. Hy gaan raas en slaan asof daar nie `n môre is nie. Hy doen dit altyd". Sy vertel ook dat haar ma niks gesê het nie: "Ergste van alles gaan my ma die volgende dag aan asof alles normaal is. Sy sê ek's nie meer haar dogter nie en ek moet haar nooit weer ma noem nie, want ek respekteer haar nie, toe sê ek vir haar ek sal haar respekteer die dag as my ma soos my ma optree...".

Sy het `n swak verhouding met haar ma en broer. Sy sê sy wens dat haar tannie eerder haar ma was. Op die vraag wat haar drie wense is, noem sy die volgende: Om my tannie se dogter te wees en my oom moet my tannie se broer wees en my pa moet my tannie se man wees. Oor haar ma sê sy: "My ma was meer soos `n susterfiguur – sy het nooit vir my opgestaan of goed vir my gereël nie. Dalk toe ek baie klein was". In die volgende onderhoud beskryf sy haar verhouding met haar ma soos volg: "Ek kan doen wat ek wil en sy sal nie omgee nie... Maar ek is heeltemal eerlik met haar. Ek is nie so oop met my pa as met my ma nie... Dis asof sy die dag afwesig was toe sy moes uitvind hoe om `n ma te wees. Nou is sy my sussie". Sy beskryf haar ma en pa se verhouding soos volg: "...van daar af is sy so onderdanig dat sy net numb gegaan het. Sy het nie meer `n self gehad nie en nie meer opgestaan nie". Sy sê ook haar pa het haar ma geslaan omdat hy nie `n ander uitweg gehad

het nie. "Naderhand gee mens net op met so persoon. Dis soos om met `n muur te praat en niks gebeur nie". Sy voel ook dat dit haar ma se skuld is dat haar pa hulle mishandel. Sy sê: "Dis sy wat hom upset, dis sy wat die oorsaak is van die bakleiery. My pa is `n flippen nice persoon. Hy is netjies, regverdig, perfek, `n great man, amazing maar my ma stuff alles op. Ek is baie lief vir my ma, maar sy hoort nie saam met my pa nie. Ons vra hom om te skei – my hele lewe gaan beter wees sonder haar... My ma is heeltemal afhanklik van my pa – sy kan nie sonder hom nie. Ek wil haar net nie saam met hom hê nie". Suné se ma onttrek haar van die gesin, waarskynlik omdat sy al vir so lank emosioneel mishandel word. Suné beskryf dit tydens die onderhoud soos volg: "Ek wou baklei hê, sy moet sê, nou stop jy dit en hou op om so met my te praat. Ek kan optree teenoor haar nes ek lus het".

*xi. Opsommend: Onderhoud*

Tydens die onderhoudvoering het dit duidelik geword dat verskeie faktore binne die gesinsverband daartoe gelei het dat Suné swak deur haar ouers behandel word, maar dat sy steeds voortgaan om `n irrasionele heldeverering vir haar pa te hê. Van hierdie faktore word opsommend in Figuur 4.1 uitgelig. Dit bevat die kenmerke van die mikrosisteem waarin Suné opgegroei het.




**Figuur 4.1: Kenmerke van die mikrosisteem waarin Suné opgegroei het**

Suné is as kind fisies en emosioneel mishandel. Ten spyte daarvan, het sy van kleins af met haar pa geïdentifiseer. In `n poging om die onrealistiese positiewe siening wat sy van haar pa het, te regverdig, maak sy van verdedigingsmeganismes gebruik. Hoe swakker hy haar behandel, hoe meer verdedig sy hom. Die onderdrukte woede wat sy waarskynlik wel teenoor hom koester, verplaas sy na haar ma. Haar ma se onbetrokkenheid vertolk sy as 'nie omgee nie'. Dit is waarskynlik hoekom sy haar pa se byna patologiese betrokkenheid as 'omgee' vertolk. Sy ervaar haar ma se gedrag as verwerping, daarom kan sy nie haar pa ook verloor nie en daarom is sy so obsessief oor hom.

***(b) Kinetiese Gesinstekening***

Die Kinetiese Gesinstekening is deur Suné op 21 April 2010 by haar skool voltooi. Die navorser was verantwoordelik vir die administrasie van die toets. `n Wit A4 papier is aan Suné gegee, asook kleurpotlode. Die navorser het die instruksie aan Suné gegee dat sy `n prentjie van almal in hul gesin moet teken, waar almal besig is om iets te doen. Hierna het Suné gevra of sy haarself ook moet teken. Dit kan `n aanduiding daarvan wees dat sy nie werklik deel van die gesin voel nie. In Figuur 4.2 word Suné se Kinetiese Gesinstekening weergegee.




**Figuur 4.2: Suné se Kinetiese Gesinstekening**

*i. Interpretasie van die Kinetiese Gesinstekening*

Volgens die handleiding van Burns en Kaufman (1972) kan Suné se Kinetiese Gesinstekening soos volg geïnterpreteer word:

- Die tekening beeld `n onbetrokke gesin uit, waar elkeen besig is met sy eie aktiwiteit.
- Haar ma toon weinig belangstelling in die kinders en sit net heeldag voor die televisie.
- Haar broer word sonder `n gesig geteken en weggedraai van die gesin, so asof hy in sy eie wêreld is en nie deel vorm van die gesin nie.
- Almal kyk na die televisie en daar is geen interaksie tussen die gesinslede nie.
- Die meubels staan orals tussen die gesinslede en kan moontlik dien as grense tussen hulle en om interaksie te vermy.
- Daar word geweld op die televisie uitgebeeld. Dit weerspieël aggressie en woede.
- Suné teken haarself by die stoof. Elektrisiteit word geassosieer met `n behoefte aan warmte en liefde.

*ii. Verklarende opsomming*

Dit wil voorkom of daar weinig kommunikasie binne die gesin is. Gesinslede is besig met hulle eie aktiwiteite en dus onbetrokke by mekaar. Beelde op die televisie weerspieël woede en aggressie. Die hipotese word gemaak dat Suné `n behoefte aan liefde het, maar dit nie binne haar gesinsverband ervaar nie.

***(c) Sacks Onvoltooide Sinnetoets***

Die Sacks Onvoltooide Sinnetoets is op 24 November 2010 deur Suné voltooi. Die navorser het `n kopie van sestig onvoltooide sinne aan Suné gegee en die instruksies is aan haar voorgelees. Nadat Suné die toets voltooi het, het die navorser haar response in 15 verskillende kategorieë geplaas, wat elk uit vier sinne bestaan. In Tabel 4.1 word Suné se response op die sinne wat verskaf is, in kursiewe druk weergegee. Haar spelling is nie gekorrigeer nie. Soos bespreek in 3.2.1.5, is `n globale assesseringspunt (2, 1, 0 of X) aan elke kategorie toegeken, nadat die vier tipes antwoorde vir elkeen van die 15 kategorieë saam geanaliseer is. Daar is vir elke kategorie `n verklarende opsomming verskaf.

**Tabel 4.1 Suné se response op die Sacks Onvoltooide Sinnetoets**

| | ITEM | KATEGORIE | ASSESERINGS-PUNT |
|---|---|---|---|
| 1 | 14,29,44,59 | Houding teenoor my ma<br>• My ma *is saggeaard.*<br>• My ma en ek *deel geheime.*<br>• Ek dink dat die meeste moeders *sag en vroulik en liefdevol is.*<br>• Ek hou van my ma, maar *sy staan nie op vir haarself nie.*<br>Verklarende opsomming:<br>Sy wys diepgaande liefde en bekommernis oor haar ma. Hierdie inligting dui egter op konflik in hierdie area omdat sy volgens die onderhoud eerder haar ma uit haar lewe wil hê. | 2 |
| 2 | 1,16,31,46 | Houding teenoor my pa<br>• Ek voel dat my pa selde *dink aan wat die lewe tot lei.*<br>• As my pa net *saam met my kerk toe sou kom en my geloof deel.*<br>• Ek wens my pa *wil tot bekering kom.*<br>• Ek voel my pa is *frustreerd en mismoedig.*<br>Verklarende opsomming:<br>Sy soek emosionele kontak met haar pa. Sy beleef hom as 'verlore' en dat hy nie insig in dieper dinge het nie. Sy sien raak dat hy emosioneel nie wel is nie. | 2 |
| 3 | 12,27,42,57 | Houding teenoor my gesinseenheid<br>• My gesin (in vergelyking met die meeste ander gesinne) *is nie baie geloofs georiënteerd nie.*<br>• My gesin behandel my soos *iets waarop hulle trots is.*<br>• Die meeste gesinne wat ek ken *gaan saam kerk toe.*<br>• Toe ek `n jong kind was (my gesin) *het ons baie see toe gegaan.*<br>Verklarende opsomming:<br>Sy spreek die begeerte uit tot groter eenheid in haar gesin. | 2 |
| 4 | 10,25,40,55 | Houding teenoor vrouens<br>• My idee van die perfekte vrou *is een wat die beeld/lig van God uitstraal.*<br>• Ek dink meeste meisies *is los en maklik.*<br>• Ek glo dat die meeste vrouens *moet na dink oor die beeld wat hulle uitstuur.*<br>• Wat ek die minste van vrouens hou *is hulle taalgebruik.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit wil voorkom of sy hoë morele waardes ten opsigte van haar siening van vrouens het. | 1 |
| 5 | 11,26,41,56 | Houding teenoor heteroseksuele verhoudings<br>• As ek `n man en `n vrou saam sien *glimlag ek.*<br>• My gevoel oor die getroude lewe is *iets pragtig, heilig, skoon en mooi.*<br>• As ek seksuele verhoudings gehad het *sou ek `n baie terneergedrukke persoon gewees het.*<br>• My siening van seks *is dit is alleenlik bedoel vir in die huwelik, onder enige ander omstandighede maak dit my naar.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit wil voorkom of sy konflik ten opsigte van heteroseksuele verhoudings ervaar. | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6 | 8,23,28,53 | Houding teenoor vriende en kennisse<br>• Ek voel dat `n ware vriend *my deur dik en dun sal bystaan.*<br>• Ek hou nie van mense wat *floek en laster nie.*<br>• Die kinders saam met wie ek skoolgaan, is *funny en oulik.*<br>• Wanneer ek nie by is nie (my vriende) *raak ek frustreerd met my vriende.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit wil voorkom of Suné dit geniet om te sosialiseer en asof sy hou van vriende wat `n goeie voorbeeld stel. Haar vriende frustreer haar egter indien sy nie by hulle is nie, wat op konflik in hierdie area dui. | 1 |
| 7 | 6,21,36,51 | Houding teenoor meerderes by die werk of skool<br>• Die mansonderwysers in ons skool *is jonk en oulik of oud en streng.*<br>• My onderwysers op skool *het `n verskeidenheid persoonlikhede.*<br>• As ek die skoolhoof sien kom *groet ek altyd en glimlag.*<br>• Mense wat ek as my meerderes beskou *is ouer mense en onderwysers.*<br>Verklarende opsomming:<br>Suné aanvaar moontlik outoriteitsfigure by die skool. | 0 |
| 8 | 4,19,34,48 | Houding teenoor persone onder my toesig<br>• As ek in beheer was *sou ek strenger dissipline in die skool handhaaf.*<br>• As mense eendag vir my werk *wil ek as `n vriendelike persoon geken word.*<br>• Die kinders wat vir my iets doen *is ek baie dankbaar voor.*<br>• Wanneer ek aan ander bevele gee (ek) *hoop ek hulle doen dit.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit wil voorkom of Suné bevoeg voel om `n goeie toesighoudende posisie in te neem. Sy is egter baie reëlgebonde wat moontlik `n verdedigingsmeganisme kan wees. Sy wil almal tevrede stel. | 1 |
| 9 | 13,28,43,58 | Houding teenoor kollegas by die werk of skool<br>• By die skool kom ek die beste oor die weg met *my vriendinne wat dieselfde klasse as ek het.*<br>• Die kinders saam met wie ek skoolgaan, is *funny en oulik.*<br>• Ek hou daarvan om met mense te werk wat *doelgerig is en `n droom na jaag.*<br>• My vriende wat saam met my skoolgaan (gewoonlik) *kom ek gewoonlik goed oor die weg mee.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit wil voorkom of Suné goed met haar vriende by die skool oor die weg kom en dit geniet om met hierdie vriende te sosialiseer. | 0 |
| 10 | 7,22,37,52 | Vrese<br>• Ek weet dit klink verspot, maar ek is bang vir *goggas.*<br>• Meeste van my vriende weet nie dat ek bang is vir *goggas nie.*<br>• Ek wens ek kan ontslae raak van die vrees vir *goggas.*<br>• My vrese dwing my soms om *my oë toe te knyp.*<br>Verklarende opsomming:<br>Sy het `n vrees vir goggas. Die moontlikheid van `n fobie sal verder ondersoek word. | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11 | 15,30,45,60 | Skuldgevoelens<br>• Ek sal enigiets doen om van die tyd te vergeet toe ek *uitgehak het.*<br>• My grootste fout was *uithak met ouens.*<br>• Toe ek jonger was, het ek skuldig gevoel oor *my kort himeur.*<br>• Die ergste ding wat ek nog ooit gedoen het *is om my ouers te vloek en sleg te sê.*<br>Verklarende opsomming:<br>Sy voel baie skuldig oor `n verskeidenheid dinge in haar verlede. | 2 |
| 12 | 2,17,32,47 | Houding teenoor my eie vermoëns<br>• Wanneer die geluk teen my is *bid ek hard.*<br>• Ek glo dat ek die vermoë het om *`n dokter te word en sukses te behaal.*<br>• My grootste swakheid is *my himeur.*<br>• Wanneer die geluk teen my draai *bid ek hard.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit wil voorkom of Suné in haar eie vermoëns glo. Haar humeur kan egter daarop dui dat sy baie woede ervaar, maar dat sy haarself daarvoor blameer. | 2 |
| 13 | 9,24,39,54 | Houding teenoor my verlede<br>• Toe ek `n kind was, *was ek erg familievas.*<br>• Voordat ek nog op skool was *kon ek lees en tel.*<br>• As ek nog jonger was *sou ek harder op skool werk.*<br>• Wat ek die duidelikste uit my kinderdae onthou *is in die tuin speel.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit wil voorkom of Suné druk van haar ouers ervaar om beter op skool te presteer en sodoende aanvaar te word. | 2 |
| 14 | 5,20,35,50 | Houding teenoor my toekoms<br>• Vir my lyk die toekoms *vreesjaend.*<br>• Ek sien uit na *die vakansie.*<br>• Ek sal eendag *terugkyk en tevrede wees.*<br>• Wanneer ek ouer is *wil ek gekwalifiseerd wees.*<br>Verklarende opsomming:<br>Suné vrees die toekoms. | 2 |
| 15 | 3,18,33,49 | Doelwitte<br>• Ek wou nog altyd *eerste in die graad staan.*<br>• Ek sou ontsettend gelukkig wees as *ek keuring by Tikkies kry.*<br>• My geheime ambisie in die lewe *om Mev SA te word.*<br>• Wat ek die graagste van die lewe wil hê *`n ewige nou verhouding met God.*<br>Verklarende opsomming:<br>Die doelwitte wat sy vir haarself stel het alles te doen met die doelwitte wat deur haar pa vir haar gestel word. | 2 |

*i. Verklarende opsomming*

Die volgende opsommende afleidings is gemaak, soos gebaseer op die response wat in die toets verkry is. Suné het `n assesseringspunt van 2 (ernstige versteuring wat terapeutiese hulp benodig) vir tien van die kategorieë verkry, `n assesseringspunt van 1 (emosionele

konflik wat sonder terapeutiese hulp gehanteer kan word), vir drie kategorieë en `n assesseringspunt van 0 (dui op geen betekenisvolle versteuring in hierdie area nie) vir twee kategorieë.

Wanneer daar in die geheel na Suné se Sacks Onvoltooide Sinnetoets gekyk word, wil dit voorkom of Suné sukkel met haar houding teenoor haar ma, pa, gesinseenheid, heteroseksuele verhoudings, vrese, skuldgevoelens, haar eie vermoëns, verlede, toekoms en haar doelwitte.

Dit wil voorkom of Suné hoë morele waardes het. Die moontlikheid bestaan egter dat sy alles met haar geloof probeer rasionaliseer en dit as `n verdedigingsmeganisme gebruik.

Daar bestaan konflik tussen die inligting wat uit die onderhoud verkry is en die projeksietoets se inligting, wat verband hou met die verhouding tussen Suné en haar ma. In die onderhoud verdedig sy die pseudo-identiteit wat sy ontwikkel het en in stand moet hou om deur haar pa aanvaar te word. Sy sê dat sy eerder haar ma uit haar lewe wil hê. Die oomblik toe sy egter die projeksietoets doen, wys dit `n diepgaande liefde vir en bekommernis oor, haar ma.

Suné het `n behoefte aan emosionele kontak met haar pa. Haar begeerte tot groter eenheid binne die gesin word ook uitgespreek.

Sy ervaar `n verskeidenheid skuldgevoelens. `n Moontlike rede hiervoor kan wees dat haar ouers herhaaldelik haar pogings tot inisiatief ontmoedig of bestraf het en dat dit tot `n patologiese skuldgevoel aanleiding gegee het. Sy is dus bang om haar eie vermoëns te vertrou.

Suné vrees die toekoms. Dit is moontlik dat sy op `n onbewuste vlak erkenning gee daaraan, dat sy haar toekoms volgens haar pa se wense inrig en nie volgens haar eie persoonlikheid nie. Dit veroorsaak sielkundige spanning. Dit is ook moontlik dat sy die toekoms vrees, omdat sy nie aan haar pa se standaarde sal kan voldoen nie.

Volgens dié toets wil dit voorkom of sy angs, woede en frustrasie beleef.

### *(d) Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys (HSPV)*

Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys is deur Suné op 24 November 2010 by haar skool voltooi. Die navorser was verantwoordelik vir die administrasie van die toets. Tabel 4.2 verskaf die tellings wat deur Suné in die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys verkry is.

**Tabel 4.2: Suné se profiel vir die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys**

| FAKTOR | LAE TELLING BESKRYWING | STIENTELLING | | | | | | | | | | HOË TELLING BESKRYWING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | |
| A | Teruggetrokke | | | | | | | | • | | | Hartlik |
| B | Konkreetheid | | | | | | | • | | | | Abstrakte denke |
| C | Beïnvloed deur gevoelens (Egoswak) | | | | | • | | | | | | Emosioneel stabiel (Egosterk) |
| D | Flegmatiese temperament | | | | | | • | | | | | Prikkelbaarheid |
| E | Onderdanig | | | | | | • | | | | | Dominant |
| F | Soberheid | | | | | | | | • | | | Entoesiasties/Sorgvryheid |
| G | Opportunisties | | | | | | • | | | | | Pligsgetrou |
| H | Skaam/Skugterheid | | | | | • | | | | | | Waaghalsig/Sosiale vrypostigheid |
| I | Ontoegeeflikheid | | | | | | | | | • | | Teerhartig/Emosionele gevoeligheid |
| J | Lewenslustigheid | | | | • | | | | | | | Versigtige individualisme |
| O | Selfversekerd | | | • | | | | | | | | Bevreesd/Geneigdheid tot skuldgevoelens |
| Q2 | Sosiaal/Groepafhanklik | | | • | | | | | | | | Selfgenoegsaam |
| Q3 | Onbeheersd (Lae selfsentiment-integrasie) | • | | | | | | | | | | Beheersd (sterk selfsentiment) |
| Q4 | Ontspanne | | | • | | | | | | | | Gespanne |
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | |

### *i. Bespreking van betekenisvolle hoë en lae tellings*

Elke faktor word op `n bipolêre kontinuum voorgestel. Die linkerkantste pool verteenwoordig `n stientelling van een tot drie en die regterkantste pool verteenwoordig `n stientelling van agt tot tien. Die uiterste stienwaardes verteenwoordig `n persoon in die onderste (een tot drie) of boonste (agt tot tien), 10 of 15 persent van die bevolking ten opsigte van die betrokke eienskap. Daar moet egter gewaak word teen die aanname dat die

hoë pool goed en die lae pool swak is. Die linkerkantste of regterkantste pool kan soms voordelig wees, afhangende van die betekenis van die faktor (Madge & Du Toit, 1985:8).

Suné se betekenisvolle hoë en lae tellings wat vir die primêre faktore verkry is, word kortliks in Tabel 4.3 en 4.4 bespreek.

**Tabel 4.3 Betekenisvolle hoë tellings (stientellings van 8,9 en 10) van Suné**

| FAKTOR | STIENTELLING | BESKRYWING |
|---|---|---|
| A | 8 | Hierdie faktor hou moontlik verband met hartlikheid en kan eienskappe soos saghartig, vertrouend, aanpasbaar, sorgeloos, warmhartig en goedgeaard insluit. |
| F | 8 | Hierdie faktor hou moontlik verband met entoesiasme of sorgvryheid en kan eienskappe soos onbesorg, spraaksaam, opgewek, vinnig, ekspressief en wakker insluit. |
| I | 9 | Hierdie faktor hou moontlik verband met teerhartigheid of emosionele gevoeligheid en kan eienskappe soos fyngevoelig, afhanklik, rusteloos, verwag liefde en aandag, onveilig, soek hulp en simpatie, saggeaard, aandagsoekend en senuweeagtig insluit. |

Bron: Madge en Du Toit (1985:9-16).

**Tabel 4.4 Betekenisvolle lae tellings (stientellings van 1,2 en 3) van Suné**

| FAKTOR | STIENTELLING | BESKRYWING |
|---|---|---|
| O | 3 | Hierdie faktor hou moontlik verband met selfversekerdheid en kan eienskappe soos rustig, selfvoldaan, opgeruimd, opportuun, ongevoelig vir mense se goed- of afkeuring, lewenskragtig en geen vrese insluit. |
| Q2 | 3 | Hierdie faktor hou moontlik verband met sosiale groepafhanklikheid en kan eienskappe soos aanhanger en goeie volgeling insluit. Hierdie persone kan ook moontlik met die groep saamgaan, baie waarde aan sosiale goedkeuring heg en konvensioneel en modieus wees. |
| Q3 | 1 | Hierdie faktor hou moontlik verband met onbeheerstheid en kan eienskappe soos laks, volg eie aandrange en verontagsaming van sosiale reëls insluit. |
| Q4 | 3 | Hierdie faktor hou moontlik verband met ontspannenheid en kan eienskappe soos rustig, ongefrustreerd, traag en kalm insluit. |

Bron: Madge en Du Toit (1985:17-19).

Die volgende tweede-orde faktore is bereken deur gebruik te maak van Suné se primêre tellings:

- Angs:

$$=\frac{(11-C)+D+(11-G)+(11-H)+O+(11-Q3)+Q4}{7}$$

$$=\frac{(11-5)+6+(11-6)+(11-5)+3+(11-1)+3}{7}$$

$$=\frac{6+6+5+6+3+10+3}{7}$$

$$=\frac{39}{7}$$

$$=5.57$$

`n Tweede-orde faktor telling van 5.57 is verkry vir die meting van angs, en kan gesien word as `n gemiddelde telling.

- Ekstraversie:

$$=\frac{A+F+H+(11-J)+(11-Q2)}{5}$$

$$=\frac{8+8+5+(11-4)+(11-3)}{5}$$

$$=\frac{8+8+5+7+8}{5}$$

$$=\frac{36}{5}$$

$$=7.2$$

Suné se tweede-orde faktor telling van 7.2 vir ekstraversie kan ook gesien word as `n gemiddelde telling. Dit kom dus voor asof sy nie as `n ekstrovert of `n introvert geklassifiseer kan word nie, maar neig meer na die ekstrovert-tipe.

*ii. Opsommend: HSPV*

Suné se profiel vir haar persoonlikheidsamestelling dui daarop dat sy hartlik, entoesiasties en spraaksaam is en belangstel in mense. Haar denke word gelei deur gevoel. Sy hou van sosiale erkenning. Die lae Q3 telling dien as `n verswarende faktor vir haar emosionaliteit en sensitiwiteit, wat reeds hoog is. Die vraag onstaan ook of die ooremosionaliteit dalk deur emosionele verwerping, wat sy van kleins af ervaar het, veroorsaak is.

Vir faktor C wat egosterkte aandui, het sy `n telling van 5 behaal en vir faktor G wat op superegosterkte dui, `n telling van 6. Haar persoonlikheidsamestelling wys dat sy `n gemiddelde ego- en superegosterkte het. Haar persoonlike omstandighede en/of ervarings verhoed egter dat sy die nodige vaardighede- wat vir emosionele volwassenheid en `n hoë egosterkte verantwoordelik is- ontwikkel, omdat sy heeltyd verdedigingsmeganismes moet gebruik om die self te beskerm. Faktor F is `n belangrike komponent van ekstraversie. Dit is bevestigend dat Suné meer neig na `n ekstrovert-tipe.

Haar profiel toon ook sekere teenstrydighede. Faktor I toon aan dat sy afhanklik, aandageisend, fyngevoelig en senuweeagtig kan wees. Hierteenoor toon Faktor O dat sy selfversekerd, rustig en sonder enige vrese is. Dit is ook in konflik met die Sacks Onvoltooide Sinnetoets, waar `n verskeidenheid vrese wat Suné ervaar aan die lig gekom het. Dit mag moontlik wees dat sy intellektualiseer en rasionalisering as verdedigingsmeganisme gebruik, wat dit laat voorkom asof sy selfversekerd, kalm en sonder enige vrese is.

Faktor Q2 toon dat sy met die groep saamgaan en baie waarde aan sosiale goedkeuring heg. Dit stem ooreen met die inligting wat verkry is uit die onderhoude, sowel as die Sacks Onvoltooide Sinnetoets. `n Lae Q3 telling dui hoofsaaklik op `n ongedissiplineerde, onnadenkende emosionaliteit en `n narsistiese verwerping van kulturele eise. Faktor Q4 hou verband met huidige spanning.

Wanneer daar na Suné se profiel in die geheel gekyk word, kan dit daarop dui dat sy `n intelligente individu is wat van aandag hou en sosiale aanvaarding nastreef. Sy het `n

gemiddelde ego- en superegosterkte, maar moet nog die nodige vaardighede vir emosionele volwassenheid ontwikkel.

### 4.2.1.4 Sintese en gevolgtrekking van die gevallestudie: Suné

Wanneer daar na die inligting gekyk word wat uit die onderhoude, Kinetiese Gesinstekening, Sacks Onvoltooide Sinnetoets en die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys verkry is, kan Suné beskryf word as `n intelligente individu wat baie waarde aan sosiale goedkeuring heg. Sy is `n adolessent wat `n vooruitbesliste identiteit ontwikkel het in haar strewe om aan haar pa se verwagtings te voldoen. Sy is dus nog in die proses om `n eie identiteit te ontwikkel. Uit die onderhoude en Sacks Onvoltooide Sinnetoets is dit duidelik dat sy baie hoë eise en doelwitte aan haarself stel. Sy ervaar vrees en angs omdat sy bang is dat sy nie hierdie doelwitte kan bereik nie en sodoende haar pa sal teleurstel. Sy vrees die toekoms. Dit is moontlik dat sy op onbewuste vlak erken dat sy haar toekoms volgens haar pa se wense inrig en nie volgens haar eie persoonlikheid nie. Sy voel ook dikwels minderwaardig omdat sy nie aan haar pa se standaarde en hoë eise kan voldoen nie. Uit die Sacks Onvoltooide Sinnetoets is dit ook duidelik dat Suné `n verskeidenheid skuldgevoelens ervaar.

Uit die onderhoude, Sacks Onvoltooide Sinnetoets en Kinetiese Gesinstekening kan daar afgelei word dat sy nie `n goeie verhouding met haar ouers het nie. Ten spyte hiervan beskryf sy haar pa steeds as `n held en glo dat, indien sy `n 'sukses' van haar lewe kan maak, sy haar pa gelukkig sal kan maak. Sy sê ook dat sy `n beter verhouding met haar ma het en sien haar as `n susterfiguur. Sy blameer egter haar ma vir die mishandeling deur hul pa en voel haar ma moes hulle beskerm het. Sy voel dat dit haar ma se eie skuld is dat haar pa haar mishandel, omdat sy hom uitlok. In die Sacks Onvoltooide Sinnetoets wys sy diepgaande liefde en bekommernis oor haar ma. Sy bly steeds glo en hoop dat dinge sal verander as haar ouers saam met haar kerk toe gaan en hulself bekeer. Hieruit blyk dit dat sy verantwoordelik voel vir die hele gesin se welstand.

Wanneer daar in die geheel na die bogenoemde inligting gekyk word, dui dit daarop dat Suné steeds lojaal en trou bly teenoor haar ouers (en veral haar pa), wat haar swak behandel. Sy identifiseer sterk met haar pa en is nie in staat om haarself apart van haar

ouers te sien nie. Sy maak gebruik van verdedigingsmeganismes soos rasionalisering, verdringing en ontkenning om haar ego te beskerm.

## 4.2.2 Gevallestudie twee: Anel

### 4.2.2.1 Identifiserende besonderhede

| | |
|---|---|
| Naam: | Anel (skuilnaam) |
| Geslag: | Vroulik |
| Kronologiese ouderdom: | 18 jaar 6 maande |
| Huistaal: | Afrikaans |
| Graad: | 12 |

### 4.2.2.2 Relevante agtergrondgegewens

Anel is deel van `n gesin wat bestaan uit vier kinders. Sy het `n ouer broer (24), ouer sussie (22), en jonger boetie (12). Hulle het gereeld verhuis, omdat haar pa gedurig van werk verander het. In graad agt het sy by haar ouma en oupa gaan bly. Tydens haar verblyf by haar ouma en oupa het haar siening van haar pa begin verander. Sy het nog nooit `n graad herhaal nie, is intelligent en doen redelik goed op skool. Sy geniet dit om kortverhale en gedigte te skryf.

Haar pa is `n motorwerktuigkundige en haar ma `n huisvrou. Haar ouers is geskei toe sy veertien jaar oud was. Beide haar ouers is nie weer getroud nie. Tydens die onderhoudvoering het dit na vore gekom dat Anel se pa alkohol misbruik en dan haar ma fisies mishandel het. Hy het die kinders egter nog nooit geslaan nie, behalwe haar oudste broer wat dikwels in die gevegte betrokke geraak het, omdat hy hul ma probeer beskerm het. Die nalatenskap van pyn, vrees en onsekerheid van kinders van alkoholiste ouers word in `n uittreksel uit die volgende gedig verwoord:

Weer

*Klein handjies bedek haar*

*klein boetie se ogies...*

*Vanaand is dit weer Vrydagaand,*

*weer einde van die maand...*

*Wodka en Bloed meng wéér:*

*weer geskree, weer trane*

*weer blou oë, weer `n geswelde lip*

*weer gevloek, weer weghardloop,*

*weer vlug...!*

*Môre is dit weer Saterdag,*

*môre sal sy weer kan lag,*

*maar vanaand meng Bloed en Wodka*

*weer!* (Koch, 2010:32)

### 4.2.2.3 Interpretasie van verkenningsmedia

***(a) Onderhoud***

Die onderhoude en verkenningsmedia is deur die navorser op verskeie datums gedurende November en Desember 2010 afgeneem. Anel was op haar gemak tydens die onderhoude. Haar emosies het van opgewondenheid tot hartseer gewissel.

Die data wat tydens die onderhoude verkry is, is geanaliseer deur van die kategorieë van die relasieteorie gebruik te maak. Elkeen van hierdie kategorieë word vervolgens volledig bespreek.

*i. Ego*

Uit die onderhoude kan daar afgelei word dat Anel as gevolg van haar negatiewe ervarings emosionele onveiligheid beleef. Vir die self om die ego te beskerm, maak sy van die volgende verdedigingsmeganismes gebruik ten einde die struktuur van die ego staande te hou:

- Verdringing: Sy wil nie die gebeure van die verlede onthou nie en wil ook nie daaraan dink nie. Sy sê: "Die mens is soos `n hangkas waarin te veel klere gedruk is. Mens druk dit maar in en maak dit maar toe. Op `n dag val die deure oop, maar dan moet jy maar net alles weer terugdruk. Jy moet maar probeer om die spoke in jou hart dood te maak. Ek sien nie kans om dit uit te sorteer nie".
- Rasionalisering: Sy voel haar pa het haar ma geslaan omdat sy hom uitgelok het.
- Verplasing: Anel neem haar ma kwalik vir die mishandeling wat plaasgevind het. Die vraag word dus gevra of die woede wat Anel teenoor haar pa ervaar, verplaas word na haar ma. Hierdeur kan sy steeds kwaad wees vir iemand, maar ook haar lojaliteit teenoor haar pa behou.

*ii. Self*

Tydens die onderhoudvoering beskryf Anel haarself as `n persoon wat voorgee dat sy 'hard' is om ander mense van haar af weg te hou. Sy beskryf dit soos volg: "Ek dink ek is nogal `n harde persoon, maar ek kry mense eintlik baie vinnig jammer. Ek sal dit nie wys nie, want ek glo nie hulle verdien altyd `n mens se simpatie nie. Ek gee myself as hard voor om mense weg te hou van my af, dat hulle nie aangetrokke tot my sal voel en deel van my lewe sal wees nie. So beskerm ek myself". Hierdie teruggetrokke, vyandige geslotenheid is dikwels die gevolg van die ervaring dat menslike kontak outomaties uitputtend is en jy jouself hierteen moet beskerm. Sy gebruik haar 'hardheid' dus as `n verdedigingsmeganisme. Die navorser het vir haar gevra om haar met iets te vergelyk (metafoor), waarop sy antwoord: "Ek sien myself half as `n kat, want mens gaan na die persone toe wat jy liefde van soek. Jy sal nie net liefde aanvaar van almal af nie en jy is vry om te gaan waar jy wil. Jy hoef nie ingehok te wees nie en ek's vry".

*iii. Gevoelens (ervarings)*

Anel het `n verskeidenheid emosies beskryf wat sy ervaar het. Sy was bang vir haar pa wanneer hy alkohol misbruik het. Sy sê: "Ek het net gebid dat niemand doodgaan nie, want enigiets kan gebeur". Sy was dikwels teleurgesteld wanneer haar pa `n belofte maak om op te hou drink en dit dan nie gebeur nie. Sy sê: "`n Klein kind glo mos maar altyd hulle pa. Hy kan sê hy's `n superhero en ons sal hulle glo, maar ek dink na die tyd, as jy net niks sien nie, dan kan jy dit nie meer glo nie". Sy voel skuldig oor `n verskeidenheid dinge soos byvoorbeeld haar ouers se egskeiding. Sy voel verwerp deur haar ouers. Sy het as kind hulpeloos gevoel. "Die ergste was dat daar niemand was wie mens kan roep vir hulp nie want my ouma-hulle het geweet. `n Mens voel baie hulpeloos want mens kan niks daaraan doen nie". Sy was ook depressief nadat haar en haar kêrel se verhouding tot `n einde gekom het en moes anti-depressante daarvoor gebruik.

*iv. Betekenisgewing*

Anel se betekenisgewing aan haar gesin is soms negatief en irrasioneel. Sy voel dat ander hulle aan haar moet bewys om sodoende haar vertroue te 'wen'. Ander mag haar nie teleurstel nie, want dan wil sy hulle nie meer in haar lewe hê nie. Sy blameer haar ma vir haar pa se alkoholmisbruik en is kwaad vir haar ouers oor die egskeiding. Sy sê: "Ek dink mens is kwaad dat hulle die oorsaak is van so `n gelukkige gesin wat nie meer daar is nie". Die vraag word egter gevra hoe gelukkig so `n gesin kon wees waarin daar alkoholmisbruik en mishandeling was. Sy glo ook dat die egskeiding haar skuld was.

*v. Betrokkenheid*

Anel geniet die buitelewe en om gedigte te skryf. Sy was intens betrokke by haar kêrel wat ook alkohol misbruik het en is steeds hartseer oor die feit dat hulle uitmekaar is. Sy het gevoel dat sy hom kon verander en sê: "Mens gaan maar altyd vir die afvlerk voëltjie en hy was rêrig een van hulle. Hy't my eintlik baie aan my pa laat dink, want hy't ook baie gedrink en gekuier. En hy't ook beloftes gemaak wat hy nie nagekom het nie. Maar ja – ek het so lief geraak vir hom, omdat ek gedink het hy gaan my nodig hê en ek kan hom help".

*vi. Belewing*

Anel het opgegroei in `n omgewing wat gekenmerk word deur konflik, vrees en onsekerheid. Daar kan afgelei word dat haar belewings binne haar omgewing hoofsaaklik onaangenaam was. Omdat belewing gevoelsmatig van aard is en die kwaliteit van verhoudings daardeur bepaal word, kan daar afgelei word dat Anel oor die algemeen negatiewe verhoudings met haar ouers gevorm het. Tydens die onderhoud noem sy ook dat sy nie glo dat haar ouers in haar lewe wil wees nie, omdat haar ma al vir haar gesê het dat sy heeltemal onbeplan was en sy weet dat hulle haar nie eintlik kan bekostig nie. Sy sê: "Ek voel asof ek nie daar moes gewees het nie. Ek persoonlik dink hulle moes net twee kinders gehad het en dan sou dinge dan nie so hand uitgeruk het en skeefgeloop het nie." Dit wil voorkom of sy verwerping beleef het vandat sy klein was. Sy voel skuldig omdat sy gebore is en blameer haarself vir haar ouers se probleme en latere egskeiding.

*vii. Identiteite*

Anel is `n adolessent wat besig is om haar eie identiteit te vorm. Dit wil egter voorkom asof haar identiteit nie meer inmekaargeweef is met haar ouers s`n nie. Sy noem haarself `n vrou, kind, vriendin, suster en kleinkind van haar oupa-hulle. Sy noem dat sy skuldig voel omdat sy nie `n goeie suster vir haar suster is nie en dikwels net met haar baklei.

*viii. Selfkonsep*

Dit wil voorkom of Anel `n positiewe en negatiewe selfkonsep het. Sy beskryf haarself soos volg: "Ek sien `n normale mens as ek vir myself in die spieël kyk. Ek dink nie ek's mooi of lelik nie. Ek's maar net gemiddeld. Ek voel op die oomblik baie gelukkig met hoe ek lyk". Sy voel egter ook soms minderwaardig en sê dat sy baie keer voel dat sy nie goed genoeg is nie. "Dit is seker daai selfbeeld probleem wat jy altyd saam met jou sal dra".

*ix. Intrapsigiese dialoog*

Anel het `n positiewe en negatiewe selfgesprek. Sy sien uit na die toekoms en glo dat sy `n sukses van haar lewe sal kan maak. Sy noem egter ook dat sy baie vinnig negatief raak en dat ander mense haar baie sleg kan laat voel oor haarself. Haar geloofsoortuiging help haar

om hierdie negatiewe gevoelens te hanteer, omdat sy in die aande met 'Iemand' kan praat. Haar skryfwerk is ook vir haar `n uitlaatklep.

*x. Verhoudings*

Dit wil voorkom of daar weinig opbouende kommunikasie binne die gesin is. Die verhoudings binne die gesin word gekenmerk deur wantroue, opstandigheid, vrees en negatiwiteit.

Uit die onderhoude wil dit voorkom of Anel se ouers `n permissiewe ouerskapstyl volg. Sy beskryf haar verhouding met haar ouers as vriendskaplik. Sy kan geheime met haar ma deel en sê dat haar ma eintlik meer `n vriendin as `n ma is. Sy kan haar ma moontlik nie vertrou nie, omdat haar ma haar teleurgestel het toe sy haar die nodigste gehad het. Haar pa is baie afwesig en onbetrokke. Sy beskryf die verhouding met haar pa soos volg: "Ons het `n vriendskaplike verhouding – ons is nie rêrig baie close of iets nie. Ons kom goed oor die weg, maar ons kan nie oor dinge wat rêrig saak maak praat nie. Dis half asof hy nie daar is nie... Toe ek klein was het ek my pa as my hero gesien. Ek was mal oor my pa. Ons kinders het altyd baklei wie gaan sy skoene uittrek as hy by die huis kom en sy water intap. En as hy by die hekkie inkom het ek gehardloop en gesê - tel my op. Toe ek ouer geword het, het dit heeltemal verander". Uit die onderhoud wil dit voorkom of sy steeds lojaal aan haar pa gebly het terwyl sy haar ma blameer het. Sy sê die volgende: "Ek dink dis maar half `n man se reg om selfsugtig te wees, want ek bedoel `n ma moet daar wees of dalk is dit net omdat ek `n dogter is en dit anders sien, maar ek voel meer my ma is skuldig, want ek dink die krag in `n gesin lê by die vrou. Sy moes ons bymekaar gehou het en sy moes harder aan my pa gewerk het. Sy moes nie saam met hom afgegaan het nie. Sy moes hom opgebou het". Sy het haar pa ook reeds die volgende oggend al vergewe en sê: "Dit was asof, as die son die volgende dag opgekom het, was gisteraand se worries vergete. Dis asof die stof gaan lê het en dan is alles vergewe en vergete".

*xi. Opsommend: Onderhoud*

Tydens die onderhoudvoering het dit duidelik geword dat verskeie faktore binne die gesinsverband daartoe gelei het dat Anel swak deur haar ouers behandel word, maar dat sy steeds voortgaan om `n irrasionele lojaliteit teenoor haar pa te hê. Van hierdie faktore word opsommend in Figuur 4.3 uitgelig. Dit bevat die kenmerke van die mikrosisteem waarin Anel opgegroei het.




**Figuur 4.3: Kenmerke van die mikrosisteem waarin Anel opgegroei het**

Die kommunikasie tussen Anel en haar pa is nie baie goed nie. Sy praat makliker met haar ma, maar omdat sy nie haar ma kan vertrou nie, kan sy ook nie al haar probleme met haar bespreek nie. Sy soek aanvaarding, liefde en emosionele betrokkenheid binne die gesin. Sy beleef egter net frustrasie en teleurstelling met menslike verhoudings en voel daarom verwerp en minderwaardig. Sy probeer met haar verstand sin maak uit die situasie en dinge wat binne haar gesin gebeur het, maar sy wil dit nie op `n emosionele vlak aanspreek nie. Sy voel skuldig oor `n verskeidenheid dinge, onder andere haar ouers se egskeiding.

Die feit dat haar pa haar ma swak behandel het kan daartoe bydra dat sy nie respek vir haar ma het nie. Sy neem haar ma kwalik vir die konflik en mishandeling in hulle huis omdat sy

voel dat haar ma haar pa uitgelok het. Sy voel ook dat dit haar ma se plig was om hulle te beskerm, maar dat sy dit nie gedoen het nie.

Haar pa het baie beloftes aan haar gemaak en dit nooit nagekom nie. Wanneer hy haar ma geslaan het, was dit belangrik vir haar dat die son net opkom – dan kon sy alles weer vergeet. Ten spyte daarvan dat haar ouers haar swak behandel het, het sy `n heldeverering vir haar pa gehad. Dit het egter begin vervaag soos sy ouer geword het en sy gesien het dat hy nie sy beloftes nakom nie. `n Ander moontlike rede kan wees dat sy nie meer by die huis gebly het nie en die geleentheid gehad het om `n eie identiteit weg van haar ouers te begin ontwikkel. Sy was dus beter in staat om haar ouers se foute raak te sien. Sy smag egter steeds na `n beter verhouding met haar pa en wag gedurig dat hy moet kom kuier. Dit is dikwels net beloftes, wat hy nie nakom nie en dan beleef sy weer teleurstelling. Sy bly steeds lojaal teenoor haar pa en hoop dat dinge sal verbeter.

***(b) Kinetiese Gesinstekening***

Die Kinetiese Gesinstekening is deur Anel op 23 November 2010 voltooi. Die navorser was verantwoordelik vir die administrasie van die toets. `n Wit A4 papier is aan Anel gegee, asook kleurpotlode. Die navorser het die instruksie aan Anel gegee dat sy `n prentjie van almal in hul gesin moet teken, waar almal besig is om iets te doen. In Figuur 4.4 word Anel se Kinetiese Gesinstekening weergegee.




**Figuur 4.4: Anel se Kinetiese Gesinstekening**

*i. Interpretasie van die Kinetiese Gesinstekening*

Volgens die handleiding van Burns en Kaufman (1972) kan Anel se Kinetiese Gesinstekening soos volg geïnterpreteer word:

- Anel teken haarself met haar arms gevou. Sy kom gereserveerd voor, asof sy haarself wil beskerm. Gevoude arms word dikwels deur persone geteken wat agterdogtig en vyandig is.
- Sy gesels met haar ma terwyl hulle koffie drink. Dit skep die indruk dat dit `n vriendskaplike gesprek is. Die tafel staan tussen hulle en dien as `n grens.
- Haar pa ry weg van die gesin, maar word steeds bo almal geteken wat daarop kan dui dat sy hom steeds as die dominante gesagsfiguur sien.
- Haar broer word groot op die voorgrond by `n vuur geteken. Dit kan daarop dui dat hy `n belangrike figuur in Anel se lewe is. Die hitte van die vuur kan daarop dui dat sy warmte en liefde by hom soek.
- Haar suster en broer speel bal. `n Spel waar `n bal teenwoordig is kan op kompetisie of konflik dui.
- Haar pa, jonger boetie en suster se figure word onderstreep. Dit kan op moontlike spanning in die verhoudings dui.

*ii. Verklarende opsomming*

Verhoudings binne die gesin word deur spanning en konflik gekenmerk. Anel is agterdogtig en gereserveerd, wat daarop dui dat sy nie gebondenheid en sekuriteit binne die gesin ervaar nie. Haar pa is onbetrokke en vorm nie deel van die gesinsaktiwiteite nie. Haar broer is `n baie belangrike figuur in haar lewe en sy kry liefde en warmte by hom.

**(c) Sacks Onvoltooide Sinnetoets**

Die Sacks Onvoltooide Sinnetoets is op 24 November 2010 deur Anel voltooi. Die navorser het `n kopie van sestig onvoltooide sinne aan Anel gegee en die instruksies is aan haar voorgelees. Nadat Anel die toets voltooi het, het die navorser haar response in 15 verskillende kategorieë geplaas, wat elk uit vier sinne bestaan. In Tabel 4.5 word Anel se response op die sinne wat verskaf is, in kursiewe druk weergegee. Haar spelling is nie

gekorrigeer nie. Soos bespreek in 3.2.1.5 is `n globale assesseringspunt (2, 1, 0 of X) aan elke kategorie toegeken, nadat die vier tipes antwoorde vir elkeen van die 15 kategorieë saam geanaliseer is. Vir elke kategorie is `n verklarende opsomming verskaf.

**Tabel 4.5 Anel se response op die Sacks Onvoltooide Sinnetoets**

| | ITEM | KATEGORIE | ASSESERINGS-PUNT |
|---|---|---|---|
| **1** | 14,29,44,59 | Houding teenoor my ma<br>• My ma *luister altyd.*<br>• My ma en ek *kan oor enige iets saam lag.*<br>• Ek dink dat die meeste moeders *enige iets sal doen vir hulle kinders.*<br>• Ek hou van my ma, maar *sy is nie altyd `n goeie voorbeeld nie.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit wil voorkom of sy haar ma eerder as `n vriendin sien en nie as `n moederfiguur nie. Sy ervaar moontlike konflik, omdat sy positiewe en negatiewe belewings van haar ma het. | 2 |
| **2** | 1,16,31,46 | Houding teenoor my pa<br>• Ek voel dat my pa selde *teenwoordig is (hy is dikwels afwesig).*<br>• As my pa net *meer `n ware pa is.*<br>• Ek wens my pa *wil meer kuier en fisies daar wees.*<br>• Ek voel my pa is *`n goeie, somtyds te sagte mens.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit wil voorkom of sy haar pa as `n onbetrokke, afwesige vader ervaar, maar terselfdertyd beskryf sy hom as goed en sag. Dit dui dus op moontlike konflik in hierdie area. | 2 |
| **3** | 12,27,42,57 | Houding teenoor my gesinseenheid<br>• My gesin (in vergelyking met die meeste ander gesinne) *is totaal weird en deurmekaar.*<br>• My gesin behandel my soos *`n kind.*<br>• Die meeste gesinne wat ek ken *is nie geskei nie.*<br>• Toe ek `n jong kind was (my gesin) *kersfees altyd `n groot familie samesyn.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit wil voorkom of Anel negatiewe ervarings van haar gesin het en voel dat haar gesin anders en deurmekaar in vergelyking met ander gesinne is. | 2 |
| **4** | 10,25,40,55 | Houding teenoor vrouens<br>• My idee van die perfekte vrou *is `n goeie, saggeaarde hart. Dan is enige vrou beeldskoon.*<br>• Ek dink meeste meisies *in [dorp se naam] hou hulleself goedkoop!*<br>• Ek glo dat die meeste vrouens *onderdanig aan hulle mans moet wees en ophou probeer "baas" speel.*<br>• Wat ek die minste van vrouens hou *is as hulle weet hulle is mooi en hulle misbruik dit.*<br>Verklarende opsomming:<br>Sy is onder die indruk dat onderdanigheid aan die vrou se kant konflik sal verminder. Dit laat die vraag ontstaan hoe sy haar eie outonomie uitleef en watter invloed so `n siening op haar identiteitsvorming as vrou het. | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **5** | 11,26,41,56 | Houding teenoor heteroseksuele verhoudings<br>• As ek `n man en `n vrou saam sien *moet hulle verlief lyk.*<br>• My gevoel oor die getroude lewe is *dat dit vir ewig moet wees.*<br>• As ek seksuele verhoudings gehad het *sou ek dit beëindig het.*<br>• My siening van seks *is dat dit vir een persoon is – die een wat jy lief het!*<br>Verklarende opsomming:<br>Sy idealiseer liefdesverhoudings. | 0 |
| **6** | 8,23,28,53 | Houding teenoor vriende en kennisse<br>• Ek voel dat `n ware vriend *altyd daar sal wees om te luister.*<br>• Ek hou nie van mense wat *agteraf en skynheilig is nie.*<br>• Die kinders saam met wie ek skoolgaan, is *somtyds te volwasse vir my.*<br>• Wanneer ek nie by is nie (my vriende) *gaan aan soos gewoonlik.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit wil voorkom of sy voel dat haar vriende groot is voor hulle tyd. | 1 |
| **7** | 6,21,36,51 | Houding teenoor meerderes by die werk of skool<br>• Die mansonderwysers in ons skool *is buierig.*<br>• My onderwysers op skool *is verskillend.*<br>• As ek die skoolhoof sien kom *groet ek hom vriendelik!*<br>• Mense wat ek as my meerderes beskou *is die wat oor my gestel is.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit wil voorkom of Anel outoriteitsfigure by die skool aanvaar. | 0 |
| **8** | 4,19,34,48 | Houding teenoor persone onder my toesig<br>• As ek in beheer was *sou dinge anders wees!*<br>• As mense eendag vir my werk *sal ek altyd daar wees om te luister!*<br>• Die kinders wat vir my iets doen *waardeer ek.*<br>• Wanneer ek aan ander bevele gee (ek) *is dit altyd iets wat ek self sou doen.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit wil voorkom of Anel bevoeg voel om `n goeie toesighouer oor ander te wees en sy sal graag dinge wil verander, indien sy in beheer is. | 0 |
| **9** | 13,28,43,58 | Houding teenoor kollegas by die werk of skool<br>• By die skool kom ek die beste oor die weg met *my beste vriendinne*.<br>• Die kinders saam met wie ek skoolgaan, is *somtyds te volwasse vir my.*<br>• Ek hou daarvan om met mense te werk wat *my buie en "loudness" kan aanvaar.*<br>• My vriende wat saam met my skoolgaan (gewoonlik) *ken my soos ek is en aanvaar my.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit is moontlik vir haar belangrik dat ander haar aanvaar soos sy is. Sy voel egter soms uitgesluit en is fyngevoelig en sensitief vir wat ander mense van haar dink. | 1 |
| **10** | 7,22,37,52 | Vrese<br>• Ek weet dit klink verspot, maar ek is bang vir *die donker.*<br>• Meeste van my vriende weet nie dat ek bang is vir *die donker!*<br>• Ek wens ek kan ontslae raak van die vrees vir *liefkry.*<br>• My vrese dwing my soms om *nie te kan "commit" nie.*<br>Verklarende opsomming:<br>Haar vrees vir die donker is nie meer gepas vir haar ouderdomsvlak nie en moontlike redes vir hierdie vrees moet ondersoek word. Haar vrees vir intimiteit is tipies van kinders van alkoholiste ouers. Sy sukkel om ander te vertrou. | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **11** | 15,30,45,60 | Skuldgevoelens<br>• Ek sal enigiets doen om van die tyd te vergeet toe ek *vir Tiaan verloor het.*<br>• My grootste fout was *om nie alles te doen wat ek kon nie.*<br>• Toe ek jonger was, het ek skuldig gevoel oor *my ouers se egskeiding.*<br>• Die ergste ding wat ek nog ooit gedoen het *was om saam met my ex-kêrel in te trek.*<br>Verklarende opsomming:<br>Sy het `n verskeidenheid skuldgevoelens oor die verlede. | 2 |
| **12** | 2,17,32,47 | Houding teenoor my eie vermoëns<br>• Wanneer die geluk teen my is, *draai ek dit!*<br>• Ek glo dat ek die vermoë het om *`n beroemde skryfster te word.*<br>• My grootste swakheid is *ek wys vir almal ek is "hard" terwyl ek baie "sag" is.*<br>• Wanneer die geluk teen my draai *sal ek dit weer in my guns laat draai.*<br>Verklarende opsomming:<br>Sy wil nie werklik vir ander wys wie sy is nie, omdat sy bang is dat hulle haar sal seermaak.  Dit is deel van die onvermoë tot intimiteit. | 2 |
| **13** | 9,24,39,54 | Houding teenoor my verlede<br>• Toe ek `n kind was, *was alles kommerloos en eenvoudig.*<br>• Voordat ek nog op skool was, *was ek mal oor rympies maak.*<br>• As ek nog jonger was *sou ek meer geleenthede gegryp het.*<br>• Wat ek die duidelikste uit my kinderdae onthou *is die "saamspeel" met my boeties en sussie.*<br>Verklarende opsomming:<br>Dit wil voorkom of sy spyt is oor sekere geleenthede wat sy nie aangegryp het nie en sy verlang terug na haar kommerlose en eenvoudige kinderdae. | 1 |
| **14** | 5,20,35,50 | Houding teenoor my toekoms<br>• Vir my lyk die toekoms *ROOSKLEURIG!*<br>• Ek sien uit na *my werk (wanneer ek klaar is met skool).*<br>• Ek sal eendag *`n joernalis word.*<br>• Wanneer ek ouer is *wil ek alles hê wat my hart begeer.*<br>Verklarende opsomming:<br>Anel idealiseer die toekoms. | 0 |
| **15** | 3,18,33,49 | Doelwitte<br>• Ek wou nog altyd *Kaap toe trek.*<br>• Ek sou ontsettend gelukkig wees as *ek my kar kan kry.*<br>• My geheime ambisie in die lewe *om te trou en baie kinders te hê.*<br>• Wat ek die graagste van die lewe wil hê *is om ander gelukkig te sien.*<br>Verklarende opsomming:<br>Anel se doelwitstelling wys op haar behoefte aan intimiteit.  Sy wil haar eie intieme kring skep. | 0 |

*i.  Verklarende opsomming*

Die volgende opsommende afleidings is gemaak soos gebaseer op die response wat in die toets verkry is.  Anel het `n assesseringspunt van 2 (ernstige versteuring wat terapeutiese hulp benodig), vir sewe van die kategorieë verkry, `n assesseringspunt van 1 (emosionele konflik wat sonder terapeutiese hulp hanteer kan word), vir drie kategorieë en `n

assesseringspunt van 0 (dui op geen betekenisvolle versteuring in hierdie area nie), vir vyf kategorieë.

Wanneer daar in die geheel na Anel se Sacks Onvoltooide Sinnetoets gekyk word, wil dit voorkom of Anel sukkel met haar houding teenoor haar ma, pa, gesinseenheid, vrouens, vrese, skuldgevoelens en haar eie vermoëns. Haar houding teenoor haar ma, pa, gesinseenheid en vrouens kan moontlik in verband gebring word met haar problematiese opvoedingsituasie. Sy beskryf haar verhouding met haar ma as `n vriendin, eerder as `n moederfiguur en ervaar konflik omdat sy haar ma as `n goeie vriendin sien, maar ook as iemand wat nie `n goeie voorbeeld stel nie. Sy ervaar haar pa as `n onbetrokke, afwesige pa, maar behou steeds `n mate van lojaliteit en trou teenoor hom, deur hom as goed en saggeaard te beskryf. Sy wens ook dat hy meer betrokke wil raak in haar lewe en dat hulle `n beter verhouding kan hê. Sy het nie positiewe ervarings wanneer dit by haar gesinseenheid kom nie. Sy beskryf haar gesin as vreemd en deurmekaar en voel dat die meeste ander gesinne se ouers nie geskei is nie.

Dit wil ook voorkom asof Anel `n onrealistiese beeld van `n vrou se rol het. Sy glo dat vrouens aan hulle mans onderdanig moet wees en nie 'baas speel' nie. Sy is onder die indruk dat onderdanigheid aan die vrou se kant konflik sal verminder. Dit laat die vraag ontstaan hoe sy haar outonomie uitleef en watter invloed so `n siening op haar identiteitsvorming as vrou het.

Sy het `n vrees om lief te word vir iemand en haarself in `n verhouding te verbind. Sy idealiseer liefdesverhoudings. Sy voel dat sy soms iets voorgee wat sy nie is nie, deur te wys dat sy 'hard' is terwyl sy eintlik 'sag' is. Dit kan as `n verdedigingsmeganisme gebruik word om ander nie naby haar toe te laat nie, omdat sy hulle nie vertrou nie. Anel ervaar `n verskeidenheid skuldgevoelens, soos byvoorbeeld haar ouers se egskeiding en die feit dat sy by haar eks-kêrel ingetrek het. Sy sien egter die toekoms as rooskleurig, moontlik omdat sy dan onafhanklik sal wees en glo dat dit haar gelukkig sal maak. Idealisering van die toekoms vind egter plaas. Haar doelwitstelling wys op haar behoefte aan intimiteit.

### *(d) Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys*

Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys is deur Anel op 23 November 2010 voltooi. Die navorser was verantwoordelik vir die administrasie van die toets. Tabel 4.6 verskaf die tellings wat deur Anel in die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys verkry is.

**Tabel 4.6: Anel se profiel vir die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys**

| FAKTOR | LAE TELLING BESKRYWING | STIENTELLING | | | | | | | | | | HOË TELLING BESKRYWING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | |
| A | Teruggetrokke | | | | | | | • | | | | Hartlik |
| B | Konkreetheid | | | | | | | • | | | | Abstrakte denke |
| C | Beïnvloed deur gevoelens (Egoswak) | | | | | | • | | | | | Emosioneel stabiel (Egosterk) |
| D | Flegmatiese temperament | | | | | | | • | | | | Prikkelbaarheid |
| E | Onderdanig | | | | | | | | | • | | Dominant |
| F | Soberheid | | | | | | | | | | • | Entoesiasties/Sorgvryheid |
| G | Opportunisties | | | | • | | | | | | | Pligsgetrou |
| H | Skaam/Skugterheid | | | | | | • | | | | | Waaghalsig/Sosiale vrypostigheid |
| I | Ontoegeeflikheid | | | | • | | | | | | | Teerhartig/Emosionele gevoeligheid |
| J | Lewenslustigheid | | | | | | | | | • | | Versigtige individualisme |
| O | Selfversekerd | | | | • | | | | | | | Bevreesd/Geneigdheid tot skuldgevoelens |
| Q2 | Sosiaal/Groepafhanklik | | | | | | • | | | | | Selfgenoegsaam |
| Q3 | Onbeheersd (Lae selfsentiment-integrasie) | | | | • | | | | | | | Beheersd (sterk selfsentiment) |
| Q4 | Ontspanne | | | | | | • | | | | | Gespanne |
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | |

#### *i. Bespreking van betekenisvolle hoë en lae tellings*

Elke faktor van Anel is op `n bipolêre kontinuum voorgestel. Die linkerkantste pool verteenwoordig `n stientelling van een tot drie en die regterkantste pool verteenwoordig `n stientelling van agt tot tien. Die stientellings van vier tot sewe kan as gemiddelde tellings gesien word.

Anel se betekenisvolle hoë tellings, wat verkry is vir die primêre faktore word kortliks in Tabel 4.7 bespreek. Sy het geen betekenisvolle lae tellings gehad nie.

**Tabel 4.7 Betekenisvolle hoë tellings (stientellings van 8,9 en 10) van Anel**

| FAKTOR | STIENTELLING | BESKRYWING |
|---|---|---|
| E | 9 | Hierdie faktor hou moontlik verband met dominansie en kan eienskappe soos selfgeldend, mededingend, onafhanklik, streng, vyandig en eiewys insluit. Hierdie persone wil ook bewonder word. |
| F | 10 | Hierdie faktor hou moontlik verband met entoesiasme of sorgvryheid en kan eienskappe soos onbesorg, spraaksaam, opgewek, vinnig, ekspressief en wakker insluit. |
| J | 9 | Hierdie faktor hou moontlik verband met versigtigheid en kan eienskappe soos nadenkend en behoedsaam insluit. |

Bron: Madge en Du Toit (1985:12-16).

Die volgende tweede-orde faktore is bereken deur gebruik te maak van Anel se primêre tellings:

- Angs:

$$= \frac{(11-C) + D + (11-G) + (11-H) + O + (11-Q3) + Q4}{7}$$

$$= \frac{(11-6) + 7 + (11-4) + (11-6) + 4 + (11-4) + 6}{7}$$

$$= \frac{5+7+7+5+4+7+6}{7}$$

$$= \frac{41}{7}$$

$$= 5.85$$

`n Tweede-orde faktor telling van 5.85 is verkry vir die meting van angs en kan gesien word as `n gemiddelde telling.

- Ekstraversie

$$= \frac{A + F + H + (11 - J) + (11 - Q2)}{5}$$

$$= \frac{7 + 10 + 6 + (11 - 9) + (11 - 6)}{5}$$

$$= \frac{7 + 10 + 6 + 2 + 5}{5}$$

$$= \frac{30}{5}$$

$$= 6$$

Anel se tweede-orde faktor telling van 6 vir ekstraversie kan ook gesien word as `n gemiddelde telling. Dit wil voorkom asof sy nie as `n ekstrovert of `n introvert geklassifiseer kan word nie, maar meer neig na die ekstrovert-tipe.

*ii. Opsommend: HSPV*

Anel se profiel vir haar persoonlikheidsamestelling dui aan dat sy dominant, entoesiasties/sorgvry, nadenkend en behoedsaam is.

Vir faktor C wat egosterkte aandui, het sy `n telling van 6 behaal en vir faktor G wat op superegosterkte dui `n telling van 4. Haar persoonlikheidsamestelling wys dat sy `n gemiddelde ego- en superegosterkte het. Haar persoonlike omstandighede en/of ervarings verhoed egter dat sy die nodige vaardighede, wat vir emosionele volwassenheid en `n hoë egosterkte verantwoordelik is, ontwikkel omdat sy heeltyd verdedigingsmeganismes moet gebruik om die self te beskerm.

Faktor E wat die dominansiefaktor is, mag moontlik lei tot koppige eiesinnigheid, onafhanklikheid, kreatiwiteit en soms asosiale gedrag.

Faktor F is `n belangrike komponent van ekstraversie. Hierdie faktor hou ook verband met onbesorgde persone wat oor die algemeen `n omgewing gehad het waar minder straf

uitgedeel is en kan moontlik in verband gebring word met die permissiewe ouerskapstyle wat Anel se ouers gevolg het.

Faktor J hou verband met individue wat verkies om dinge alleen te doen. Hulle is fisies en intellektueel puntenerig en dink na oor hulle foute en hoe om dit te vermy. Hulle het dikwels menings wat verskil van die groep, maar verkies om argumente te vermy. Hulle het ook nie baie vriende nie. Dit bevestig die feit dat Anel teruggetrokke en minderwaardig teenoor ander voel. Haar ervaring van menslike kontak binne gesinsverband was nie positief nie en dit het deurgevloei na haar verhoudings met ander persone.

Wanneer daar na Anel se profiel in die geheel gekyk word, kan dit moontlik daarop dui dat sy `n intelligente individu is wat onafhanklikheid nastreef. Sy het slegs `n paar naby vriende, omdat sy sukkel om ander te vertrou en verkies om argumente te vermy.

### 4.2.2.4 Sintese en gevolgtrekking van die gevallestudie: Anel

Wanneer daar na die inligting gekyk word wat verkry is uit die onderhoude, Kinetiese Gesinstekening, Sacks Onvoltooide Sinnetoets en Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys, kan Anel beskryf word as `n intelligente individu wat graag onafhanklik wil wees. As gevolg van haar pa se alkoholmisbruik het sy onveiligheid en onvoorspelbaarheid beleef, wat daartoe gelei het dat sy baie frustrasie met menslike verhoudings beleef het. Sy is wantrouig teenoor ander mense en beskerm haarself deur voor te gee dat sy 'hard' is. Haar persoonlikheidsamestelling dui daarop dat sy `n gemiddelde egosterkte het. Haar persoonlike omstandighede en/of ervarings verhoed egter dat sy die nodige vaardighede, wat vir emosionele volwassenheid en `n hoë egosterkte verantwoordelik is, ontwikkel omdat sy heeltyd verdedigingsmeganismes moet gebruik om die self te beskerm.

Anel is nog in die proses om haar eie identiteit te ontwikkel. Sy is fyngevoelig en sensitief vir wat ander van haar dink. Sy voel dikwels minderwaardig. Uit die onderhoude en Sacks Onvoltooide Sinnetoets is dit duidelik dat Anel `n verskeidenheid skuldgevoelens ervaar. Sy voel skuldig oor haar ouers se egskeiding en ook oor hoe sy optree teenoor haar broers en suster. Sy het `n idee hoe haar lewe moet verloop en idealiseer die toekoms. Sy wil trou en baie kinders hê. Dit dui op haar behoefte aan intimiteit.

Sy het nie `n goeie verhouding met haar ouers nie. Daar is swak kommunikasie binne die gesin. Haar ouers volg `n permissiewe ouerskapstyl. Haar pa is afwesig en onbetrokke. Sy sien haar ma eerder as `n vriendin en voel dat sy nie `n goeie voorbeeld stel nie. Sy blameer haar ma vir die mishandeling en voel haar ma moes hulle beskerm het. Sy dink dat dit haar ma se eie skuld is dat sy deur haar pa mishandel word, omdat sy hom uitlok. Sy bly steeds lojaal teenoor haar pa en voel dat dit `n man se reg is om selfsugtig te wees. Sy hoop ook dat haar pa sal kom kuier.

### 4.2.3 Opsomming van albei deelnemers

Weens die feit dat gevallestudies gedoen is, mag deelnemers se inligting nie met mekaar vergelyk word nie. Die doel is ook nie om dié inligting te veralgemeen nie. Die idee is net om `n samevattende bespreking van die gevalle te doen en raakpunte wat by albei voorkom uit te wys. Sodoende kan die verskynsel van kinderheldeverering vir ontoereikende ouers beter verstaan word.

Wanneer daar na Suné en Anel se agtergrondinligting en huislike omstandighede gekyk word, word albei swak deur hulle ouers behandel. Suné is fisies en emosioneel deur haar pa mishandel en Anel het aanskou hoe haar pa haar ma dikwels fisies mishandel het, wanneer hy alkohol misbruik het. Suné se ouers is steeds getroud, maar Anel se ouers is geskei. Beide gesinne word gekenmerk deur weinig opbouende kommunikasie, finansiële probleme en onbetrokkenheid deur die ouers. Suné se pa plaas baie druk op haar om te presteer en volg `n outoritêre ouerskapstyl. Suné sien haar pa as haar held en identifiseer sterk met haar pa. Anel se pa is afwesig en baie onbetrokke. Sy het haar pa altyd as `n held gesien, maar na vele teleurstellings glo sy nie meer die beloftes wat hy maak nie. Sy het haar siening van haar pa begin verander toe sy by haar ouma en oupa gaan bly het. Anel is nie so erg in ontkenning soos Suné nie.

Beide Suné en Anel beskryf hul verhouding met hul ma's as `n vriendskaplike verhouding. Hulle kan makliker met hulle gesels, maar vertrou hulle nie om alles met hulle te kan deel nie. Beide blameer hul ma's vir die mishandeling, omdat hulle hul pa's uitlok en dan verdien om geslaan te word. Hulle neem ook hul ma's kwalik, omdat hulle hulle kinders nie beskerm

het nie. Weens die inkongruente optrede deur albei ma's het albei die deelnemers `n onduidelike beeld van die rol van ma en vrou.

Albei, Suné en Anel, het heldeverering vir hulle pa's. Albei blameer hulle ma's vir wat verkeerd gegaan het.

Suné en Anel voel beide verwerp en minderwaardig. Hulle ervaar nêrens geborgenheid, sekuriteit en aanvaarding nie. Hulle beleef frustrasie en teleurstelling met menslike verhoudings.

Suné se persoonlikheidsamestelling dui daarop dat sy `n intelligente individu is. Sy is meer `n ekstrovert en sosiale goedkeuring is vir haar baie belangrik. Anel se persoonlikheidsamestelling dui daarop dat sy `n intelligente individu is wat onafhanklik wil wees. Sy verkies dit om dinge alleen te doen en het net `n paar naby vriende. Sy vermy argumente en sukkel om ander te vertrou.

Sosiale aanvaarding is vir Suné baie belangrik. Sy wil raakgesien word en van geweet wees. Anel trek terug en vermy eerder menslike kontak om haarself teen seerkry te beskerm. Sy is fyngevoelig en sensitief vir wat ander mense van haar dink.

Albei se persoonlikheidsamestelling dui daarop dat hulle `n gemiddelde egosterkte het. Persoonlike omstandighede en/of ervarings verhoed egter dat hulle die nodige vaardighede- wat vir emosionele volwassenheid en `n hoë egosterkte verantwoordelik is- ontwikkel, omdat hulle heeltyd verdedigingsmeganismes moet gebruik om die self te beskerm.

Suné en Anel se selfgesprekke het van kleins af verkeerd geloop en is dikwels onrealisties. Suné is gedurig gespanne. Anel was al behandel vir depressie. Albei het `n verskeidenheid skuldgevoelens. Anel toon egter beter selfinsig as Suné.

Suné vrees die toekoms. Sy het `n vrees vir mislukking. Alhoewel Anel die toekoms op onrealistiese wyse idealiseer, sien sy uit na die toekoms, omdat sy glo dat sy so onafhanklikheid sal verkry met `n goeie werk, man en baie kinders.

Suné het reeds `n vooruitbesliste identiteit ontwikkel. Sy is emosioneel onvolwasse. Anel se identiteitsvorming is nog diffuus. Haar identiteit is egter nie meer so sterk soos Suné s'n met haar ouers s'n verweef nie. Die negatiewe invloed van beide se gesinne op hul selfbeeld mag ook `n rol speel.

### 4.2.4 Redes geïdentifiseer vir die kinderheldeverering vir ontoereikende ouers

Uit die bevindings van hierdie studie het die navorser gevind dat adolessente die problematiese ouer-kind-verhouding tot `n groot mate deur rasionalisasie en verdediging aanspreek. Moontlike redes vir hierdie irrasionele lojaliteit teenoor en heldeverering vir ontoereikende ouers word vervolgens bespreek.

- Outoritêre ouerskapstyle: Outoritêre ouers plaas hul kinders in `n onderdanige rol, waarop die kinders reageer met toenemende onderdanigheid, afhanklikheid en lojaliteit teenoor hulle ouer/s.
- Verwerping: Indien die een ouer onbetrokke is, vertolk die adolessent dit as `nie omgee nie'. Hy/sy ervaar dié ouer se gedrag as verwerping, daarom kan hy/sy die ander ouer nie ook verloor nie en raak obsessief oor hom/haar.
- Minderwaardigheidsgevoel: Omdat adolessente voel dat hulle nie op hulself of ander kan staatmaak nie, lei dit tot `n minderwaardigheidsgevoel en `n aanhoudende beheptheid met die versorger.
- Skuldgevoelens: Om hulle skuldgevoelens te onderdruk, glo adolessente dat hulle dit verdien om gestraf te word. Omdat hulle dit sogenaamd verdien om gestraf te word, behou hulle steeds die heldeverering vir hul ouers.
- Verdedigingsmeganismes: Die ego moet die heeltyd verdedigingsmeganismes gebruik om die self te beskerm. Dit verhoed dat die adolessent die geleentheid kry om die nodige vaardighede vir emosionele volwassenheid te ontwikkel. Omdat hulle emosioneel onvolwasse is, word die beeld van hul ouers steeds geïdealiseer.
- Onrealistiese selfgesprek: Wanneer die adolessente swak deur hulle ouers behandel word, kan hulle die mishandeling daaraan toeskryf dat hulle nie goed genoeg is nie en

daarom die mishandeling en/of verwaarlosing verdien. Omdat hulle dit verdien help die ouer/s hulle om `n beter mens te word en moet dus as `n held gesien word.

- Identiteitsvorming moet nog plaasvind: Wanneer kinders se identiteite met hul ouers s'n verweef is, is hulle nie in staat om hulself van hul ouer/s te distansieer nie. Hulle behou dus `n irrasionele lojaliteit teenoor die ouer/s.
- Swak selfbeeld: Wanneer kinders se selfbeeld deur ouers afgetakel word, is dit al hoe moeiliker om self-differensiasie te ontwikkel en hulle teenoor die ouer te handhaaf. Hulle selfbeeld bly dus verweef met die ouers s`n. In so `n toestand van entropie is dit onmoontlik vir kinders om hulle van hul ouers se gedrag te distansieer.
- Weinig opbouende kommunikasie: Kinders het geen standaarde om hulle situasie mee te vergelyk nie. Hulle natuurlike geneigdheid is dus om hulle siening van hul ouers te verdraai in iets positiefs.

## 4.3 SAMEVATTING

Hoofstuk 4 verskaf die bevindings wat tydens die empiriese studie verkry is. Die doel van hierdie empiriese studie was om die verskillende redes vir die irrasionele lojaliteit vir en die rasionalisasie oor die verwaarlosing en/of mishandeling waaraan kinders van ontoereikende ouers onderwerp word, na te vors. Twee gevallestudies is vir hierdie doeleindes gebruik. Die opsommende bevindings van die studie word in 4.2.3 weergegee. Dit was duidelik dat beide adolessente `n irrasionele lojaliteit teenoor die ouers wat hulle sleg behandel het, getoon het. Redes vir hierdie irrasionele lojaliteit word in 4.2.4 weergegee.

Hoofstuk 5 bied `n sinvolle samevatting van bevindings, gevolgtrekkings en leemtes. Die hoofstuk bied verder aanbevelings om die verskynsel van lojaliteit en rasionalisasie oor die mishandeling en/of verwaarlosing, binne `n opvoedkundig-sielkundige praktyk aan te spreek.

# 5 Bevindings en gevolgtrekkings

## 5.1 INLEIDING

In hoofstuk 4 is die bevindings wat tydens die studie verkry is, asook `n interpretasie van die navorsingsbevindinge van die empiriese ondersoek verskaf. In die studie is gepoog om die volgende vraag te beantwoord:

Waarom bly kinders lojaal teenoor ontoereikende ouers en behou `n heldeverering vir hulle?

Hoofstuk 5 het ten doel om `n breë oorsig of samevatting van die studie in geheel te gee. `n Sintese van bevindings uit die empiriese ondersoek is gegee en gebaseer hierop is aanbevelings wat uit die ondersoek voortspruit vir die opvoedkundig-sielkundige praktyk gemaak. Leemtes in die ondersoek is ook geïdentifiseer.

## 5.2 OORSIG VAN DIE ONDERSOEK

In `n poging om die bogenoemde navorsingsvraag aan te spreek, is `n uitgebreide literatuurstudie in hoofstuk 2 onderneem om redes vir die irrasionele lojaliteit vir en die rasionalisasie oor die verwaarlosing en/of mishandeling waaraan kinders onderwerp word deur ouers wat hulle swak behandel, na te vors. Die ondersoek het die volgende ingesluit:

- Die invloed van die sisteem op die ontwikkeling van die kind.
- Gehegtheidsbindinge wat kinders met ouers vorm, wat hulle swak behandel.
- Die invloed van gesaghebbende, outoritêre en permissiewe ouers op die kind.
- Fases in die psigososiale ontwikkeling van die kind.
- Die ontwikkeling van die adolessent.

Die literatuurstudie is met `n empiriese ondersoek opgevolg. Vir die doeleindes van die empiriese navorsing is twee gevallestudies gedoen, waar relevante verkenningsmedia vir die verkenning en verifiëring van die verskynsel van kinderheldeverering vir ontoereikende ouers gebruik is.

Die volgende verkenningsmedia is in die gevallestudies gebruik:

- Onderhoude
- Kinetiese Gesinstekening
- Sacks Onvoltooide Sinnetoets
- Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys

## 5.3 SINTESE VAN BETEKENISVOLLE BEVINDINGS EN GEVOLGTREKKINGS

### 5.3.1 Samevatting van die literatuurstudie

#### 5.3.1.1 Die invloed van die sisteem op die ontwikkeling van die kind

Die proses van ontwikkeling van die kind word deur verskeie sisteme beïnvloed, naamlik die mikro-, meso-, ekso-, makro- en chronosisteem. Die impak van die gesin (mikrosisteem) op die kind is egter sonder twyfel die belangrikste. Binne die gesinsisteem vind aktiwiteite plaas, rolle word vervul en interpersoonlike verhoudings word gevorm. Wanneer kinders hulself in `n omgewing bevind waar ouers hulle swak behandel, het dit verreikende gevolge vir die kind. Hulle word gewoonlik deur die ouers in `n onderdanige rol geplaas, waarop hulle reageer met toenemende onderdanigheid, afhanklikheid en lojaliteit teenoor die ouer/s. Hulle bly ook in hierdie omgewing met die hoop dat hul omstandighede wel eendag sal verbeter. Omdat daar geen of weinig kommunikasie binne so `n geslote gesinsisteem is en een ouer dikwels die outoriteitsfiguur is, het kinders geen ander standaard om hul situasie mee te vergelyk nie. Hulle natuurlike geneigdheid is dus om hul siening van hul ouers te verdraai in iets positief. Hulle wil normaal en aanvaarbaar voel en fokus eerder op dit wat hul ouers wel voorsien, as op dit wat hulle nie voorsien nie. Wanneer die kinders hierdie denkpatroon gevorm het, word dit ook na die meso-, ekso-, makro-, en chronosisteem oorgedra. `n Voorbeeld hiervan kan in die gevallestudie gesien word. Anel het verantwoordelik gevoel vir haar ouers se probleme (binne die mikrosisteem) en

naderhand ook vir ander se probleme (makrosisteem), waar sy geglo het dat sy haar vriend kan ‘help’.

#### 5.3.1.2 Gehegtheidsbindinge wat kinders met ouers vorm wat hulle swak behandel

Gehegtheid is `n primêre behoefte en ontwikkel onafhanklik van die primêre versorger om sodoende oorlewing te verseker. Kinders wat swak deur hul ouers behandel word, sal steeds `n gehegtheidsbinding met hul ouers vorm. Hierdie gehegtheidsbinding wat vorm is egter dikwels `n gehegtheidsbinding wat deur angs gekenmerk word waar die baba en later die kind, `n konstante vrees het om die gehegtheidsfiguur te verloor. Hierdie vrees het hoë vlakke van woede teenoor die gehegtheidsfiguur tot gevolg. Kinders kan egter nie hierdie woede teenoor die gehegtheidsfiguur uitdruk nie, omdat hulle vrees dat hul die gehegtheidsfiguur sal verloor. Die woede wat hulle ervaar word dan verplaas na ander persone en hul verhouding met die ouer/s, wat hulle swak behandel, word geïdealiseer. `n Voorbeeld hiervan kan in die gevallestudie gesien word. Suné ervaar baie woede, maar druk hierdie woede nie teenoor haar pa uit nie. Sy verplaas die woede na haar ma en na haarself en idealiseer die verhouding met haar pa.

#### 5.3.1.3 Die invloed van gesaghebbende, outoritêre en permissiewe ouers op die kind

Die gesaghebbende ouerskapstyl kan as die mees effektiewe ouerskapstyl beskou word. Hierdie ouer-kind-verhouding word deur wedersydse kommunikasie en respek gekenmerk. Hierdie kinders presteer normaalweg goed, is gelukkig, vriendelik en sosiaal.

Die outoritêre ouers beheer hulle kinders deur vasgestelde reëls en standaarde. Daar is weinig kommunikasie en die outoritêre ouers verwag onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Wanneer dit nie gebeur nie, word streng strafmaatreëls toegepas. Hierdie kinders is dikwels ongelukkig en relatief doelloos. Hulle toon `n tekort aan individualisasie en outonomie. Hulle soek die goedkeuring van hul ouers en is oormatig afhanklik van hul ouers. Hierdie oormatige afhanklikheid het ook `n onrealistiese lojaliteit teenoor die outoritêre ouer tot gevolg. `n Voorbeeld hiervan kan in die gevallestudie waar Suné se pa `n outoritêre

ouerskapstyl volg, gesien word. Suné soek die goedkeuring en emosionele betrokkenheid van haar pa en is oormatig afhanklik van hom.

Permissiewe ouers laat hul kinders meestal doen wat hulle wil. Kinders word die vryheid van te veel keuses gegee, maar weens hulle vlak van emosionele ontwikkeling is hulle nie altyd in staat om verantwoordelike besluite te neem nie. Permissiewe ouers mag van manipulasie gebruik maak om hulle kind se samewerking te verkry, maar blameer die kind dan vir sy/haar besluit. Hierdie emosionele manipulasie lei tot onsekerheid by kinders. Om nie hulle ouers se goedkeuring te verloor nie, werk hulle dan weer saam in `n poging om die ouer se goedkeuring en liefde te behou. Dit word as `n irrasionele lojaliteit teenoor dié ouers uitgedruk.

### 5.3.1.4 Fases in die psigososiale ontwikkeling van die kind

Volgens Erikson se teorie is die mens se persoonlikheid altyd in wording. Wanneer terugslae deur die samelewing toegedien word, het die mens die vermoë om hierdie terugslae te bowe te kom. Wanneer kinders egter swak deur hul ouers behandel word, neem hulle langer om die volgende fase te bereik, regresseer na die vorige fase of ontwikkel `n lae egosterkte.

Die belangrikste psigososiale krisis wat `n adolessent moet oplos, is die verwerwing van `n eie identiteit. Kinders se identiteit is nog met hul ouers s`n verweef en hulle is nie in staat om hulself van hul ouers te distansieer nie. Alles wat die ouers doen, moet dus reg wees, want om teen die ouer te draai, moet die kind teen sy eie selfkonsep draai. Wanneer kinders egter negatiewe belewings in hulle vorige psigososiale krisisse gehad het, kan dit hulle langer neem om `n eie identiteit te ontwikkel. Dit het tot gevolg dat hulle hulself steeds nie van hul ouers kan distansieer nie – selfs in adolessensie. Hulle behou dus steeds `n irrasionele lojaliteit teenoor hulle ouers. `n Voorbeeld hiervan kan gesien word in die gevallestudies. Suné is nog in die proses om haar eie identiteit te vorm. Haar identiteit is steeds met haar ouers s’n verweef en sy behou steeds `n irrasionele lojaliteit teenoor haar ouers – veral haar pa.

### 5.3.1.5 Ontwikkeling tydens adolessensie

Tydens adolessensie vind `n verskeidenheid veranderinge plaas. Fisiese ontwikkeling word deur `n groeiversnelling en die afskeiding van `n verskeidenheid hormone gekenmerk. Adolessente moet hul veranderende liggaamlike voorkoms aanvaar. Kognitiewe veranderinge het tot gevolg dat die kind se konkrete denkvermoë in `n meer volwasse vermoë om te analiseer en logies te redeneer, verander. Die frontale lobbe van die korteks het by adolessente nog nie volwassenheid bereik nie, wat tot fluktuerende emosies tydens adolessensie kan lei. Angs, frustrasie en woede in `n adolessent se onmiddelike omgewing maak dit ook moeiliker vir hulle om die dele van die brein wat vir hoër orde denke soos logiese redenering en beplanning verantwoordelik is te gebruik. Wanneer adolessente dus blootgestel word aan swak behandeling deur hulle ouers, kan hulle dit moeilik vind om die onaanvaarbare gedrag kognitief te verklaar. Hierdie onvermoë tot rasionele denke kan bydra tot irrasionele lojaliteit teenoor ouers wat hulle swak behandel.

Oorsaaklike attribusies en die adolessent se vertolking daarvan, bepaal ook in `n groot mate sy persepsie van hoe hy die sosiale wêreld ervaar. Wanneer `n adolessent swak deur sy ouer/s behandel word, kan hy die swak behandeling toeskryf aan die feit dat hy nie soet genoeg of goed genoeg is nie en daarom die mishandeling en/of verwaarlosing verdien. Omdat hy dit verdien, help sy ouer hom dus om `n beter mens te word en moet die ouer daarom as `n held gesien word.

`n Ander moontlike rede vir hierdie irrasionele lojaliteit word deur die kognitiewe dissonansie teorie verduidelik. Volgens die teorie van kognitiewe dissonansie, streef `n individu na konsonansie binne hom/haarself. Wanneer iets gebeur wat dissonansie veroorsaak, sal die individu alles in sy/haar vermoë doen om die dissonansie teen te werk. Wanneer die adolessent glo dat sy ouer `n held is, sal hy so optree. Wanneer daar enige dissonansie bestaan, sal die adolessent dan verdedigingsmeganismes, soos byvoorbeeld rasionalisering gebruik om die dissonansie, wat sielkundige ongemak veroorsaak, uit die weg te ruim. Die adolessent hou dus aan glo dat sy ouer `n held is. `n Voorbeeld hiervan word in die gevallestudie gesien waar Suné `n vrees vir die toekoms het. Op `n onbewuste vlak is daar erkenning dat sy haar toekoms volgens haar pa se wense inrig en nie volgens haar eie persoonlikheid nie. Dit veroorsaak sielkundige spanning. Sy ontken dit egter en

maak dit haar eie doelwit om sodoende die vooruitbesliste identiteit wat sy ontwikkel het in stand te hou en steeds deur haar pa aanvaar te word.

## 5.3.2 Bevindings en samevatting van die empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek is uitgevoer deur van gevallestudies gebruik te maak. Twee deelnemers is geselekteer om aan die ondersoek deel te neem. Die volgende bevindings word op grond van die gevallestudies gemaak.

### 5.3.2.1 Bevindings en samevatting van die eerste gevallestudie: Suné

Uit die onderhoude, Kinetiese Gesinstekening, Sacks Onvoltooide Sinnetoets en Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys het `n aantal herhalende temas na vore gekom. Sommige van hierdie temas word kortliks bespreek.

Suné het opgegroei in `n opvoedingsituasie waar daar weinig opbouende kommunikasie was. Haar pa het `n outoritêre ouerskapstyl gevolg en in haar kinderjare is sy aan fisiese en emosionele mishandeling deur haar pa onderwerp. Haar ma het haar emosioneel onttrek en alhoewel sy voel dat sy makliker met haar ma kon gesels, het hulle steeds `n swak verhouding. Suné voel verwerp en minderwaardig en ervaar geen emosionele gebondenheid binne haar gesinsverband nie. Sy gebruik verdedigingsmeganismes soos verdringing, rasionalisering, identifikasie, ontkenning en verplasing om haarself te beskerm.

Die Kinetiese Gesinstekening wat deur Suné gemaak is, beeld `n onbetrokke gesin uit waar elkeen met sy/haar eie aktiwiteite besig is. Dit wil voorkom of Suné `n behoefte aan warmte en liefde het.

Uit die Sacks Onvoltooide Sinnetoets het dit voorgekom of Suné baie druk van haar ouers ervaar om te presteer maar dat haar pogings nooit goed genoeg is nie. Dit dra by tot haar minderwaardigheidsgevoel. Sy ervaar `n verskeidenheid skuldgevoelens en vrees die toekoms, waarskynlik vanweë al die eise wat aan haar gestel word. Sy ervaar ook baie woede en aggressie.

Suné se profiel vir haar persoonlikheidsamestelling dui daarop dat sy hartlik, entoesiasties en spraaksaam is. Sy geniet dit om sosiaal te verkeer en heg baie waarde aan sosiale goedkeuring.

Suné identifiseer sterk met haar pa en is nie in staat om haarself afsonderlik van haar pa te sien nie. Sy het `n irrassionele lojaliteit teenoor haar pa, wat sy in stand hou deur haar teleurstelling en woede na haar ma te verplaas.

### 5.3.2.2 Bevindings en samevatting van die tweede gevallestudie: Anel

`n Sintese van inligting wat verkry is uit Anel se onderhoud, Kinetiese Gesinstekening, Sacks Onvoltooide Sinnetoets en Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys word kortliks uiteengesit.

Kommunikasie en interaksie in Anel se gesin was tydens haar opgroei jare nie baie opbouend nie. Die feit dat haar pa alkohol misbruik en haar ma dan fisies mishandel, het verreikende gevolge vir Anel ingehou. Sy het geleer om haarself te beskerm deur haarself as 'hard' voor te gee en gebruik `n verskeidenheid verdedigingsmeganismes soos verdringing, rasionalisering en verplasing om haar ego in stand te hou. Sy vertrou nie ander mense nie en is versigtig om in verhoudings met ander betrokke te raak. Sy en haar ouers het ook nie `n goeie verhouding nie. Beide haar ouers volg `n permissiewe ouerskapstyl en sy beskryf haar verhouding met haar ouers as vriendskaplik. Sy blameer haar ma vir die mishandeling, omdat sy voel haar ma het haar pa uitgelok. Sy voel ook dat haar ma die kinders beter moes beskerm het.

Uit die Kinetiese Gesinstekening het dit na vore gekom dat Anel haarself wil beskerm en agterdogtig is. Sy het `n onbetrokke pa en sien haar ma as `n vriendin, eerder as `n ouer. Haar broer speel `n belangrike rol in haar lewe.

Die Sacks Onvoltooide Sinnetoets het aangedui dat Anel konflik ervaar ten opsigte van haar beeld van vrouens. Sy is onder die indruk dat onderdanigheid aan die vrou se kant konflik verminder. Sy ervaar `n verskeidenheid skuldgevoelens, onder andere oor haar ouers se egskeiding. Sy het `n behoefte aan intimiteit. Sy sien uit na die toekoms omdat dit `n moontlike uitkoms vir haar sal wees, maar idealiseer die huwelik en gesinslewe op `n onrealistiese wyse.

Anel se profiel vir haar persoonlikheidsamestelling dui aan dat sy `n intelligente, kreatiewe individu is, wat graag onafhanklik wil wees. Sy is teruggetrokke en het slegs `n paar naby vriende.

Anel het haar pa altyd as `n held gesien. Hierdie beeld het egter begin verander toe sy by haar ouma en oupa gaan woon het. Sy voel dat sy nie meer die beloftes wat haar pa maak kan glo nie en vertrou daarom nie wat hy vir haar sê nie. Sy is ook daartoe in staat om haarself van haar ouers te distansieer en is besig om `n eie identiteit te ontwikkel. Sy het goeie selfinsig. Daar is egter steeds `n mate van lojaliteit teenoor haar pa. Sy wens steeds dat hy meer wil kom kuier en beskryf hom as `n goeie, sagte mens.

### 5.3.2.3 Bevindings en oorsigtelike beeld van beide deelnemers

Weens die feit dat gevallestudies gedoen is, mag deelnemers se inligting nie met mekaar vergelyk word nie, en kan geen veralgemening van dié inligting gemaak word nie. Die ooreenkomste wat deur die navorser gevind is, word egter kortliks uiteengesit ter wille van `n gesamentlike beeld.

Beide Suné en Anel word swak deur hul ouers behandel. Albei neem hulle ma's kwalik vir die mishandeling en ook vir die feit dat sy hulle nie teen die mishandeling beskerm het nie. Hulle ervaar hul ma se onttrekking as verwerping. Hulle voel minderwaardig. Hulle ervaar nie emosionele gebondenheid, sekuriteit en aanvaarding binne hul gesinsverband nie. Hulle beleef teleurstellings met menslike verhoudings. Om die ego te beskerm maak hulle van `n verskeidenheid verdedigingsmeganismes gebruik. Hulle selfgesprekke is dikwels onrealisties. Hulle ervaar baie spanning. Beide ervaar `n verskeidenheid skuldgevoelens. Suné en Anel is albei in die proses om `n eie identiteit te vorm.

Daar is uit die literatuurstudie en die empiriese navorsing bevind dat adolessente die problematiese ouer-kind-verhouding tot `n groot mate deur rasionalisasie en verdediging aanspreek. Moontlike redes vir hierdie irrasionele lojaliteit teenoor en heldeverering vir ontoereikende ouers word vervolgens bespreek.

- Outoritêre ouerskapstyle: Outoritêre ouers plaas hul kinders in `n onderdanige rol, waarop die kinders met toenemende onderdanigheid, afhanklikheid en lojaliteit teenoor hulle ouer/s reageer.
- Verwerping: Indien die een ouer onbetrokke is, vertolk die adolessent dit as `nie omgee nie’. Hy/sy ervaar dié ouer se gedrag as verwerping, daarom kan hy/sy die ander ouer nie ook verloor nie en raak obsessief oor hom/haar.
- Minderwaardigheidsgevoel: Omdat adolessente voel dat hulle nie op hulself of ander kan staatmaak nie, lei dit tot `n minderwaardigheidsgevoel en `n aanhoudende beheptheid met die versorger.
- Skuldgevoelens: Om van hulle skuldgevoelens ontslae te raak, glo adolessente dat hulle dit verdien om gestraf te word. Omdat hulle dit sogenaamd verdien om gestraf te word, behou hulle steeds die heldeverering vir hul ouers.
- Verdedigingsmeganismes: Die ego moet die heeltyd verdedigingsmeganismes gebruik om die self te beskerm. Dit verhoed dat die adolessent die geleentheid kry om die nodige vaardighede vir emosionele volwassenheid te ontwikkel. Omdat hulle emosioneel onvolwasse is, word die beeld van hul ouers steeds geïdealiseer.
- Onrealistiese selfgesprek: Wanneer die adolessente swak deur hulle ouers behandel word, kan hulle die mishandeling daaraan toeskryf dat hulle nie goed genoeg is nie en daarom die mishandeling en/of verwaarlosing verdien. Omdat hulle dit verdien help die ouer/s hulle om `n beter mens te word en moet dus as `n held gesien word.
- Identiteitsvorming moet nog plaasvind: Wanneer kinders se identiteite met hul ouers s’n verweef is, is hulle nie in staat om hulself van hul ouer/s te distansieer nie. Hulle behou dus `n irrasionele lojaliteit teenoor die ouer/s.
- Swak selfbeeld: Wanneer kinders se selfbeeld deur ouers afgetakel word, is dit al hoe moeiliker om self-differensiasie te ontwikkel en hulle teenoor die ouer te handhaaf. Hulle selfbeeld bly dus verweef met die ouers s`n. In so `n toestand van entropie is dit onmoontlik vir kinders om hulle van hul ouers se gedrag te distansieer.
- Weinig opbouende kommunikasie: Kinders het geen standaarde om hulle situasie mee te vergelyk nie. Hulle natuurlike geneigdheid is dus om hulle siening van hul ouers te verdraai in iets positiefs.

## 5.4 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings wat aan ouers en persone in die opvoedkundige-sielkundige praktyk gemaak is, is verkry deur die bevindings van die literatuurstudie en empiriese ondersoek in ag te neem.

- Ouerbegeleiding is nodig om ouers die nodige vaardighede aan te leer, sodat hulle optrede as ouers meer effektief kan wees. `n Omgewing wat gekenmerk word deur liefde en onvoorwaardelike aanvaarding moet daargestel word, sodat kinders emosionele gebondenheid en sekuriteit binne die gesin kan ervaar.
- Ouers moet bewus gemaak word van die verskillende ouerskapstyle en die invloed daarvan op die kind.
- Die opvoedkundige sielkundige behoort ouers te help om `n ondersteuningsnetwerk daar te stel, sodat hulle nie as `n gesinsisteem geïsoleerd funksioneer nie.
- Gedurende gesinsterapie kan die gesin bewus gemaak word van kommunikasie en beheer in die gesinsisteem.
- Terapeutiese begeleiding aan die adolessent om sin te maak uit die verwaarlosing en/of mishandeling, is nodig. Adolessente moet gehelp word om nie net met hul verstand sin te maak uit die situasie nie, maar om dit ook op emosionele vlak aan te spreek.
- Effektiewe begeleiding word aan die adolessent tydens terapie verskaf, om hom/haar in staat te stel om `n eie identiteit te ontwikkel. Dit sal die adolessent in staat stel om hom/haar van sy beherende ouers te distansieer.
- Die kliënt moet gehelp word om te sien watter 'waarheid' hy/sy deur die gebruik van verdedigingsmeganismes probeer ontwyk het.
- Onrealistiese skuldgevoelens en `n minderwaardigheidsgevoel kan tydens terapie aangespreek word en deur middel van kognitiewe herstel in balans gebring word.
- Die adolessent kan tydens terapie gelei word om `n realistiese selfgesprek aan te leer.
- Heldeverering vir ontoereikende ouers veroorsaak die ontwikkeling van `n 'pseudo'-selfkonsep (ek reik na wat my ouers wil hê ek moet wees, want ek begeer hulle goedkeuring). In terapie moet hulle gehelp word om hul ware selfkonsep te stig en

besef dat so `n stap nie die dominerende ouer se goedkeuring gaan wegdra nie. Hulle beweeg dus van disintegrasie na integrasie.

- Adolessente moet die nodige lewensvaardighede en waardes aangeleer word sodat ontwikkeling optimaal kan geskied.

## 5.5 VERDERE NAVORSING BENODIG

Alhoewel die doelwitte van hierdie studie bereik is, is daar egter steeds onbeantwoorde vrae wat deur voorgesette verdere navorsing aangespreek kan word. Sodanige navorsing word vervolgens aan die hand van navorsingsvrae gestel.

i. Wat is die invloed van die adolessent se irrasionele lojaliteit op die volwassenes se funksionering?
ii. Bestaan daar voldoende empiriese navorsing wat die verskynsel van kinderheldeverering vir ontoereikende ouers ondersoek het?
iii. Wat is die invloed van die opvoedkundige-sielkundige se terapie op die kinderheldevering sindroom vir ontoereikende ouers?
iv. Watter opvoedkundige-sielkundige terapeutiese intervensies is die effektiefste vir adolessente met `n heldeverering vir ontoereikende ouers?

## 5.6 LEEMTES EN BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Tydens die verloop van hierdie studie is sekere leemtes en beperkings geïdentifiseer. Die studie is van beperkte omvang en die bevindings is slegs van toepassing op die twee gevallestudies wat deel gevorm het van die empiriese ondersoek. Hierdie faktore beperk die veralgemening van die bevindings.

## 5.7 SLOTWOORD

Hierdie studie is geloods om antwoorde te verskaf op die vraag: Waarom bly kinders lojaal teenoor ontoereikende ouers en behou `n heldeverering vir hulle? Ten spyte van die beperkte omvang en kwalitatiewe aard van die ondersoek, is sekere redes vir hierdie irrasionele lojaliteit vir en rasionalisasie oor, die mishandeling en/of verwaarlosing gevind. Die navorser vertrou dat hierdie redes die terapeut insig kan verskaf oor dié verskynsel en dat die kliënt sodoende effektief begelei kan word in die helingsproses.

# BIBLIOGRAFIE


Abt, L.E. & Bellak, L. (1959). *Projective psychology: clinical approaches to the total personality.* New York: Grove Press.

Acton, J.E. (1948). *Essays on freedom and power*. Boston: Beacon Press.

Alderman, M.K. (1999). *Motivation for achievement: Possibilities for teaching and learning*. London: Lawrence Erlbaum.

Ashcraft, M.H. (1989). *Human memory and cognition.* Glenview: Pearson Scott Foresman.

Badenhorst, D.C. (2004). *Die verband tussen lokus van beheer, transformasionele leierskap en bestuursukses*. Ongepubliseerde meestersverhandeling. Universiteit van Suid-Afrika: Pretoria.

Barber, B.K. (2001). *Intrusive parenting: How psychological control affects children and adolescents.* Washington: American Psychological Association.

Baumrind, D. (1966). Effects of authoritative parental control on child behavior. *Child Development*, *37*(4), 887-907.

Berg, B.L. (2007). *Qualitative research methods for the social sciences* (6th ed.). Boston: Allyn and Bacon.

Berk, L.E. (1989). *Child development*. Boston: Allyn and Bacon.

Berk, L.E. (2009). *Child development* (8th ed.). Boston: Pearson.

Bogdan, R.C. & Biklen, S.K. (1982). *Qualitative research for education: An introduction to theory methods.* Boston: Allyn and Bacon.

Bowlby, J. (1977). The making and breaking of affectional bonds. Aetiology and psychopathology in the light of attachment theory. *British Journal of Psychiatry*, *130*, 201-210.

Briere, J.N. (1992). *Child abuse trauma. Theory and treatment of the lasting effects.* Newbury Park: SAGE.

Bronfenbrenner, U. (1979). *The ecology of human development. Experiments by nature and design.* Cambridge: Harvard University Press.

Bronfenbrenner, U. & Morris, P.A. (1998). The ecology of developmental processes. *In* W. Damon, & R.M. Lerner (Vol. Eds.), *Handbook of child psychology: Vol. 1. Theoretical models of human development* (pp. 993-1028). New York: Wiley.

Burns, R.C. & Kaufman, S.H. (1972). *Actions, styles and symbols in Kinetic Family Drawings (K-F-D). An interpretative manual*. New York: Brunner/Mazel.

Child Welfare Information Gateway. (2009). Understanding the effects of maltreatment on brain development. Retrieved March 24, 2010, from http://www.childwelfare.gov/pubs/issue_briefs/brain_development/.

Cicchetti, D. & Valentino, K. (2006). An ecological-transactional perspective on child maltreatment: Failure of the average expectable environment and its influence on child development. *In* D. Cicchetti & D.J. Cohen (Vol. Eds.), *Developmental psychopathology*: *Vol. 3. Risk, disorder, and adaptation* (2nd ed., pp. 129-201). Hoboken: Wiley & Sons.

Cohen, R.J. & Swerdlik, M.E. (2005). *Psychological testing and assessment* (6th ed.). New York: McGraw Hill.

Coopersmith, S. (1967). *The antecedents of self-esteem*. San Francisco: Freeman.

Davies, P.T. & Cummings, M.E. (2006). Interparental discord, family process, and developmental psychopathology. *In* D. Cicchetti & D.J. Cohen (Vol. Eds.), *Developmental psychopathology*: *Vol. 3. Risk, disorder, and adaptation* (2nd ed., pp. 86-128). Hoboken: Wiley & Sons.

De Klerk-Weyer, R. & Le Roux, R. (2008). *Emosionele intelligensie. ʼn Werkboek vir volledige menswees*. Kaapstad: Human & Rousseau.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B, & Delport, C.S.L. (2002). *Research at grass roots: For the social sciences and human service progessions* (2nd ed.). Pretoria: Van Schaik.

Denzin, N.K. (1978). *The research act.* New York: McGraw-Hill.

Dishton, T.H. & Patterson, G.R. (2006). The development and ecology of antisocial behavior in children and adolescents. *In* D. Cicchetti & D.J. Cohen (Vol. Eds.), *Developmental psychopathology*: *Vol. 3. Risk, disorder, and adaptation* (2nd ed., pp. 503-541). Hoboken: Wiley & Sons.

Erikson, E.H. (1950). *Childhood and society*. New York: Norton & Company.

Erikson, E.H. (1963). *Childhood and society* (2nd ed.). New York: Norton & Company.

Erikson, E.H. (1971). *Identity: Youth and crisis* (New ed.). London: Faber and Faber.

Festinger, L. (1957). *A theory of cognitive dissonance.* Stanford: Stanford University Press.

Festinger, L. & Carlsmith, J.M. (1959). Cognitive consequences of forced compliance. *Journal of Abnormal and Social Psychology, 58*(2), 203-210.

Frank, L.K. (1940). Freedom for the personality. *Psychiatry*, *3*, 341-349.

Friedrich, W.N. (2002). *Psychological assessment of sexually abused children and their families.* London: SAGE.

Golafshani, N. (2003). Understanding reliability and validity in qualitative research. *The Qualitative Report*, *8*(4), 597-607.

Gouws, L.A., Louw, D.A., Meyer, W.F., & Plug, C. (1979). *Psigologie woordeboek*. Johannesburg: McGraw-Hill.

Grolnick, W.S. (2003). *The psychology of parental control. How well-meant parenting backfires.* Mahwah: Lawrence Erlbaum.

Groth-Marnat, G. (1997). *Handbook of psychological assessment* (3rd ed.). New York: Wiley & Sons.

Grové, L.S. (2006). *Die waarde van die relasieteorie in terapie met `n getraumatiseerde*. Ongepubliseerde meestersverhandeling, Universiteit van Suid-Afrika:Pretoria.

Haney, C., Banks, C. & Zimbardo, P. (1973). Interpersonal dynamics in a simulated prison. *International Journal of Criminology and Penology, 1*, 69-97.

Harlow, H.F. (1963). The maternal affectional system. *In* B.M. Foss (Ed.), *The determinants of infant behavior* (pp. 3-33). New York: Wiley & Sons.

Hart, D.H. (2003). The sentence completion techniques. *In* H.M. Knoff (Ed.), *The assessment of child and adolescent personality* (pp. 245-271). New York: Guilford Press.

Henning, E., Van Rensburg, W. & Smit, B. (2004). *Finding your way in qualitative research.* Pretoria: Van Schaik.

Jacobs, L.J. & Lessing, A.C. (2000). Die relasieteorie as basis vir terapie. *Educare*, *29*(1&2), 76-87.

Jordaan, W. & Jordaan, J. (1998). *Mense in konteks* (3de uitg.). Johannesburg: Heinemann.

Kirk, J. & Miller, M.L. (1986). *Reliability and validity in qualitative research.* Newbury Park: SAGE.

Koch, E. (2010). *Miniem*. Benoni: Afrikaanse Nuusagentskap.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. (2010). *Practical research. Planning and design* (9th ed.). Harlow: Pearson.

Lewin, K. (1917). Kriegslandschaft. *Zeitschrift für Angewandte Psychologie, 12*, 440-447.

Looft, W.R. & Charles, D.C. (1971). Egocentrism and social interaction in young and old adults. *Aging and Human Development*, *2*, 21-28.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (2002). *Menslike ontwikkeling* (3de uitg.). Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Madge, E.M. & Du Toit, L. (1985). *Handleiding vir die JR.-SR. Hoërskool-persoonlikheidsvraelys (HSPV).* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Maier, H.W. (1968). *Three theories of child development.* New York: Harper.

Mallers, M.H. (n.d.). *Attribution theory and child abuse*. Retrieved April 14, 2010, from http://cccfcs.com/uploads/.../FS%2009/Attribution%20Theory-FS-1-final.pdf

Mash, E.J. & Wolfe, D.A. (2002). *Abnormal child psychology* (2nd ed.). Wadsworth: Thomson Learning.

McGraw, R. (2007). *Vanuit my hart. Kies `n doelgerigte en passievolle lewe.* Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen H.G. (2000). *Personologie: Van individu tot ekosisteem* (2de uitg.). Johannesburg: Heinemann.

Miller, A. (2005). *The body never lies. The lingering effects of cruel parenting*. New York: Norton & Company.

Mouton, J. & Marais, H.C. (1990). *Basic concepts in the methodology of the social sciences.* Pretoria: Human Sciences Research Council.

Mwamwenda, T.S. (2004). *Educational psychology: An African perspective* (3rd ed.). Sandton: Heinemann.

Nielsen, L. (2007). *Setting out references: How to reference using the American Psychological Association (APA) style of referencing* (5th ed.). Auckland: Philson Library.

O'Leary, Z. (2004). *The essential guide to doing research.* London: SAGE.

Paterson, R.J. & Moran, G. (1988). Attachment theory, personality development, and psychotherapy. *Clinical Psychology Review*, *8*, 611-636.

Reber, A.S., Allen, R. & Reber, E.S. (2009). *Penguin dictionary of psychology.* London: Penguin Books.

Sharma, B.R. (2006). Causes, impact, prevention and medicolegal aspects of child abuse and neglect. *In* S.M. Sturt (Ed.), *Child abuse: New research* (pp. 147-174). New York: Nova Science Publishers.

Southern Methodist University. (n.d.). Centre for Child and Community Development. Retrieved May 28, 2010, fromhttp://smu.edu/education/CCCD/conceptualframework.asp.

Sroufe, L.A., Cooper, R.G. & DeHart, G.B. (1992). *Child development. Its nature and course* (2nd ed.). New York: McGraw-Hill.

Sternberg, R.J. (2001). *In search of the human mind* (3rd ed.). New York: Harcourt College Publishers

Sturt, S.M. (Ed.). (2006). *Child abuse: New research*. New York: Nova Science Publishers.

Thomas, W.I. & Thomas, D.S. (1928). *The child in America*. New York: Knopf.

Urquiza, A.J. & Winn, C. (1994). *Treatment for abused and neglected children: Infancy to age 18.* Mclean: Circle Solutions.

Van den Aardweg, E.M. & Van den Aardweg, E.D. (1999). *Psychology of education* (2nd ed.). Pretoria: E & E Enterprises.

Van Schalkwyk, G.J. (2002). *Human development perspectives. Monograph*. Pretoria: Van Schaik.

Visser, M. & Moleko, A.G. (2003). *Introduction to community psychology*. Pretoria: UP Drukkers.